

MUSIEKFEES TER HERDENKING VAN DIE 25 JARIGE BESTAAN VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE MET DIE OOG OP DIE OPENING VAN DIE VEERTIENDE SINODE

'n Musiekfees is in die kerkgebou van die Ned. Herv. Kerk Wonderboom gehou en 'n feestelike program is onder leiding van Eddie Davey (as orrelis) aangebied. Verwelkoming geskied deur prof. SD Nel, prof. JAE Adendorff gee 'n kort

terugblik oor die bestaan van die AP Akademie en prof. R Marè het die woordverkondiging behartig. Hy lees Galásiërs 2:19-21 en lê klem op die Christen se roeping in die navolging van Christus.

EERSTE SITTINGS DAG – MAANDAG 2 SEPTEMBER 2013 EERSTE SESSIE: 10:00 – MIDDAGETE

Ds. SA Roets (Kimberley) lei die voorsang en ds. F de Bruin (Ventersdorp) neem die orrelbegeleiding waar.

Prof. IA Brink (Wesmoot), die Voorsitter van die vorige Sinode (bepaling 41E) tree as waarnemende Voorsitter op.

1. AFKONDIGINGS

Die waarnemende Voorsitter doen enkele afkondigings voor die aanvang van die Sinode.

2. EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOFSBRIEWE (TKG1)

Ds. PG Stans (Kathu) lewer die verslag van die TKG.

1. Personeel – Kennis geneem.

Ds. PG Stans (Voorsitter), Oudl. WJ Welthagen (Skriba), di. IP du Preez, W van Zyl, oudle. JJH van Staden, FJ van Eeden, F Jacobs, P van der Westhuizen.

2. Opdrag – Kennis geneem.

Die nagaan van geloofsbriewe en registrasie van afgevaardigdes. Registrasie vir konstituering het om 09:00 gesluit.

Die verslag word onderbreek om probleme wat daar met die lees van die data tussen die aftaster en die rekenaars ontstaan het, uit te sorteer.

3. GROETEBODSKAPPE

Groetebodskappe vanaf AP Kerke Phalaborwa en Petrusburg word aan die vergadering voorgehou.

4. VERWELKOMING

4.1 Prof. GDS Smit, *pastor loci*, heet al die afgevaardigdes namens die Kerkraad en gemeente van AP Kerk Wonderboom welkom.

4.2 Prof. IA Brink verwelkom al die afgevaardigdes.

5. GOEDKEURING VAN ORDEREËLINGS

Die vergadering keur die ordereëlings (SAKELYS 2013, bl. ii) goed.

6. EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOFSBRIEWE (TKG1) (Vervolg)

3. Bevinding

3.1 Alle geregistreerdes voor 09:00 – Kennis geneem.

Kyk Bylae 1 (HANDELINGE 2013, bl. 314 vir die volledige lys van afgevaardigdes wat voor 09:00 geregistreer het).

4. Konstituering

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.1 Die Sinode 2013 word gekonstitueer.

Die waarnemende Voorsitter verklaar die vergadering amptelik gekonstitueer as Veertiende Sinode van die Afrikaanse Protestantse kerkverband. Van die 217 gemeentes het 132 geregistreer voor 09:00 met 254 afgevaardigdes.

5. Verskonings

5.1 Gemeentes – Kennis geneem.

Die volgende gemeentes het verskoning gemaak vir Sinode 2013:

Alberton, Balfour, Barkly-Oos, Barkly-Wes, Bethulie, Bloemfontein-Noord, Bloemhof, Britstown, Buhrmannsdrif, Calvinia, Carnarvon, Clanwilliam, De Aar, Delareyville, Delmas, Douglas, Dundee/Glencoe, Fraserburg, Gansbaai, Gelofte-Pietermaritzburg, George, Gobabis, Grens, Greylingstad, Groblershoop, Groter Durban, Hoedspruit, Hugenote-Vallei, Jagersfontein/Fauresmith, Johannesburg-Suid, Kareedouw, Keetmanshoop, Knysna, Laersdrif, Lindley, Marquard, Memel, Messina, Nigel, Pofadder, Postmasburg, Primrose, Reivilo, Robertson, Smithfield, Somerset-Oos, Steynsburg, Sutherland, Tarkastad, Theunissen, Uitenhage,

Welkom, Welwitschia, Weskus, Wesselsbron, Witrivier, Worcester.

5.2 Afgevaardigdes – Kennis geneem.

Die volgende afgevaardigdes van gemeentes het verskoning gemaak vir Sinode 2013:

Oudl.	Blignaut JH	Vryburg
Oudl.	Du Plessis HC	Brakrivier
Oudl.	Fourie JH	Bethlehem
Oudl.	Gerber PJ	Standerton
Oudl.	Harmse JH	Derby
Oudl.	Hugo PC	Bainsvlei
Oudl.	Le Roux CF	Derby
Dr.	Louw RW	De Aar
Ds.	Meiring CF	Lichtenburg
Oudl.	Middel J	Hoëveld Ermelo
Oudl.	Nell JK	Brakpan
Oudl.	Oosthuizen CC	Amajuba
Oudl.	Penzhorn CH	Thabazimbi
Oudl.	Stoman DMC	Lichtenburg
Oudl.	Van der Wal B	Lydenburg
Oudl.	Van der Wal WA	Lydenburg
Oudl.	Van der Westhuizen A	Pretoria-Oos
Ds.	Van der Westhuizen WJ	Kareedouw
Oudl.	Van Niekerk IP	Oudtshoorn
Oudl.	Van Schalkwyk CJ	Harrismith
Ds.	Von Wielligh HE	Gobabis
Oudl.	Wessels PA	Phalaborwa
Ds.	Wiese BNA	Uitenhage

6. Stemreg

6.1 Die volgende gemeentes het nie hulle finansiële verpligtinge teenoor die Sinode nagekom nie. Volgens die besluit van 'n vorige sinode het hulle afgevaardigdes nie stemreg op die Sinode nie: De Aar; Groter-Durban; Jagersfontein/Fauresmith; Migdol; Utrecht en Weskus.

6.1.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit oor die stemreg van bogenoemde gemeentes.

6.1.2 BESLUIT GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit dat die gemeentes De Aar, Groter-Durban, Jagersfontein/Fauresmith, Migdol, Utrecht en Weskus nie stemreg op die Sinode het nie.

Die waarnemende voorsitter bedank ds. Stans vir die verslag gelewer.

7. OPENING

Prof. FAH van Staden (Grootfontein) neem die opening waar as die dienende predikant wat die oudste in jare is

(Bepaling 41E). Hy lees 1 Korintheërs 14:33 en 40 en doen 'n gebed. Die Sinode sing Psalm 146:2.

8. BENOEMING VAN TYDELIKE KOMMISSIES

Die Sinode word daarop gewys dat die name van afgevaardigdes wat op tydelike kommissies dien, agter in die portaal verskyn. Die indeling hiervan is deur die SKK gedoen volgens voorkeure en bekwaamhede van afgevaardigdes soos vooraf op die vorm SIN3 aangedui.

9. AANWYSING VAN STEMOPNEMERS EN -TELLERS

Die volgende afgevaardigdes word goedgekeur as stemopnemers en stemtellers:

Di. H Scherman (Christiana), GJH Kruger (Kempton Park), Oudle. W de Clerck (Bloemfontein), CA van Rooyen (Ellisras), HC Brits (Griekwastad), GP de Kock (Orania), JE Bester (Ottosdal), HE Oliver (Paul Roux) en JG Honiball (Senekal).

10. NOMINASIES: VOORSITTER

Die waarnemende Voorsitter versoek die Sinode om nominasies in te dien vir die verkiesing van 'n voorsitter vir die Sinode.

11. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) [SAKELYS 2013, bl. 1]

Prof. JAE Adendorff (Pretoria-Oos) hou die verslag aan die Sinode voor. Hy doen dit met behulp van 'n Powerpoint-aanbieding.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

3. SINODALE OPDRAGTE 2010 – Kennis geneem.

3.1 STEMREG (HANDELINGE 2010, bl. 226, pt. 6.2) – Kennis geneem.

3.2 BEDIENING AAN LIDMATE IN DIE BUITELAND (HANDELINGE 2010, bl. 227, pt. 3.1.1-3.1.2) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.2.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om steeds weë te ondersoek om lidmate wat in die buiteland woon, te bedien.

3.2.2 Die Sinode neem kennis dat AP Kerk Dendron 'n leraar beroep met opdrag bediening in *The Independent Church of Francistown* en ander Afrikaners in Botswana.

3.3 WEBBLAD VAN DIE AP KERK (HANDELINGE 2010, bl. 227, pt. 3.3.1) – Kennis geneem.

Mnr. Marius Gouws, nuwe elektroniese ondersteunings-beampte by die Sentrale Kerkkantoor, kry geleentheid om die nuwe webbladsy wat DV geloods word, aan die Sinode bekend te stel.

Broer Leon du Plessis, lidmaat van Louis Trichardt, kry geleentheid om die Sinode in te lig oor die evangelisasie-projek van AP Kerk Louis Trichardt, naamlik die direkte uitsending van gereformeerde eredienste via die internet.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR (numerering soos in *Sakelys 2013*):

3.3.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om voort te gaan met die ontwikkeling van die webblad, sodat dit ook vir bediening gebruik kan word.

3.3.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor kerkrade wat reeds eredienste herlei na vakante gemeentes.

3.3.4 Die Sinode wys kerkrade daarop dat hulle met die SKK in verbinding kan tree vir meer inligting as hulle 'n behoefte het aan elektroniese bediening.

Die verslag van die SKK word onderbreek vir die verkiesing van 'n voorsitter.

12. VERKIESING: VOORSITTER

Die Sinode word versoek om 'n voorsitter te kies vanuit die volgende genomineerde broeders:

Proff. FAH van Staden (Grootfontein), JAE Adendorff (Pretoria-Oos), R Maré (Derby), dr. JH Breytenbach (Witbank), di. JL Schütte (Gordonia), GCD Stoltz (Kimberley-Die Kruis), DJ Malan (Hoopstad) en AP Boshoff (Zeerust).

13. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) (Vervolg) [*SAKELYS 2013*, bl. 2]

Prof. JAE Adendorff gaan voort om die verslag van die SKK te lewer.

3.4 KONVENT VAN REFORMATORIESE KERKE (HANDELINGE 2010, bl. 227, pt. 3.4.1) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.4.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om met waarnemerstatus by die Konvent aan te bly.

3.5 SANGFEES 25STE BESTAANSJAAR (HANDELINGE 2010, bl. 227, pt. 3.6.1) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.5.1 Die Sinode keur die optrede van die kommissie goed.

3.6 ONTMOET DIE AP KERK (HANDELINGE 2010, bl. 280, pt. 152.1) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.6.1 Die Sinode besluit om te volstaan met die publikasie *Ontmoet die APK*, in sy huidige formaat.

3.7 SKRIFLIG OP KERK EN VOLK (HANDELINGE 2010, bl. 280, pt. 152.2) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.7.1 Die Sinode neem kennis dat 'n hersiening van die publikasie *Skriflig op Kerk en Volk* nie nou voortgaan nie.

3.8 BYBELVERTALING (HANDELINGE 2010, bl. 232, pt. 4.2.5-4.2.6) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.8.1 Die Sinode neem kennis van die bereidheid van KABA om die standpunte van die AP Kerk te ontmoet en spreek sy dank uit teenoor die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

3.9 TUSSENKERKLIKE RAAD (HANDELINGE 2010, bl. 229, pt. 10.1-10.2) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.9.1 Die Sinode neem kennis van die optrede van die SKK.

3.10 AFSNYDATUM VIR ONTVANGS VAN STUKKE VIR SINODE (HANDELINGE 2010, bl. 235, pt. 4.11.1) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.10.1 Die Sinode besluit om te volstaan met die tydskeule vir die indien van stukke vir 'n sinodesitting soos die SKK dit reël.

3.10.2 Die Sinode besluit om die volgende sinodesitting in 2017 te hou en daarna vierjaarliks.

3.10.3 Die Sinode besluit om sy verteenwoordigers op rade buite die sinodaleverband aan te wys totdat die volgende sinode konstitueer.

3.10.4 Motivering – Kennis geneem.

3.11 DIE OPENINGSREDE BY 'N SINODE (HANDELINGE 2010, bl. 227, pt. 3.8)

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

3.11.1 Die Sinode neem kennis dat 'n musiekfees met die oog op die opening van die Sinode deur die AP

Akademie waargeneem is as deel van die viering van hulle 25ste bestaansjaar.

3.12 WOORDE VAN PSALMS EN GESANGE OP LASERSKYF (HANDELINGE 2010, bl. 228, pt. 3.11.1) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.12.1 Die Sinode neem kennis van die verskyning van die Konkordansie en spreek sy dank uit teenoor student HJ Dafel wat die werk onder leiding van prof. J Bosman gedoen het.

3.12.2 Die Sinode neem kennis dat Bybel-Media die *PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK* vir gebruik op digitale borde opgestel het en dit versprei. 'n Lisensie moet steeds by CCLI bekom word.

3.13 KERKLIKE HUWELIKSBEVESTIGING (HANDELINGE 2010, bl. 228, pt. 3.13.1-3.13.2) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR (numerering soos in *SAKELYS 2013*):

3.13.3 Die Sinode neem kennis van die optrede van die kommissie.

Die verslag van die SKK word onderbreek vir die verkiesing van die Voorsitter.

14. VERKIESING: VOORSITTER

Die Voorsitter versoek die Sinode om tussen proff. R Marè en JAE Adendorff vir voorsitter te stem.

15. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) (Vervolg) [SAKELYS 2013, bl. 5]

Prof. JAE Adendorff gaan voort om die verslag van die SKK te lewer.

4. STATISTIEK – 2010 tot 2012 – Kennis geneem.

5. GEMEENTES GESTIG EN ONTBIND SEDERT SINODE 2010 – Kennis geneem.

AANBEVELINGS KENNIS GENEEM (aangesien Bepaling 37J reeds hierdie sake reël):

5.1 Die Sinode dra dit aan ringe op om by ontbinding van gemeentes alle tersaaklike dokumente aan die Sentrale Kerkkantoor en Argief deur te stuur.

5.2 Die Sinode versoek ringe om sorg te dra dat lidmate van gemeentes wat ontbind het, geestelik versorg sal word.

6. LERAARS EMERITEER – Kennis geneem.

7. LERAARS UIT DIE BEDIENING – Kennis geneem.

8. LERAARS OORLEDE – Kennis geneem. (Kyk ook pt. 7 van die verslag van die Kommissie vir Kerkargief, *HANDELINGE 2013*, bl. 266).

9. LERAARS TANS IN DIENS – Kennis geneem.

10. LERAARS WAT REISENDE DIENS GELEWER HET (Bylae SKK1) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

10.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor leraars wat reisende diens gelewer het en in besonder kerkrade wat dit vir hulle leraars moontlik gemaak het.

10.2 Die Sinode dra dit aan ringe op om toe te sien dat ouderligerade van vakante gemeentes, die besluite soos vervat in Bylae 1 van die Kerkorde 2012, nakom.

BESLUIT GOEDGEKEUR:

10.3 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK1.

11. PRAKTIESE HULP IN KLEINER GEMEENTES – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

11.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die AP Akademie en studente vir die diens wat aan die kerkverband gelewer is.

11.2 Die Sinode beveel aan dat vakante gemeentes aan die bedieningsprojek van die SKK en die APA deelneem as die geleentheid hom voordoen.

Die verslag van die SKK word onderbreek.

16. AANKONDIGING VAN DIE VERKOSE VOORSITTER

Die waarnemende voorsitter kondig aan dat prof. JAE Adendorff verkies is as voorsitter van Sinode 2013. Prof. Brink wens prof. Adendorff geluk en wens hom seën toe met die hantering van die vergadering.

Die Voorsitter versoek prof. Brink om die vergadering te lei terwyl hy die verslag van die SKK voordra.

17. NOMINASIES: ONDERVOORSITTER

Die vergadering word versoek om nominasies in te dien vir die verkiesing van die ondervoorsitter.

18. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) (Vervolg) [SAKELYS 2013 bl. 8]

Prof. JAE Adendorff gaan voort om die verslag van die SKK te lewer.

12. HULPBEHOEWENDE GEMEENTES EN EMERITUS-HULPFONDS (Bylaes SKK2 en SKK3) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

12.1 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK2.

12.2 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK3.

13. GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE

13.1 DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
– Kennis geneem.

13.2 REFORMED CHURCH OF THE NORTH SHORE, Auckland, New Zealand (RCNS) – Kennis geneem.

13.3 TUSSENKERKLIKE RAAD (TKR) – Kennis geneem.

13.4 KONFERENSIE VAN GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA (KGKSA) – Kennis geneem.

13.5 NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK – Kennis geneem.

13.6 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
– Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

13.6.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprekke met ander Christelike kerke voort te sit waar die geleentheid hom voordoen en omstandighede dit vereis.

13.7 GROETEBODSKAPPE (Kyk Bylae SKK4)
– Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

13.7.1 Die Sinode neem kennis van die groetebodskappe in Bylae SKK4.

14. SKAKELING MET DIE REGERING – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

14.1 Die Sinode beveel by leraars aan om afskrifte te maak van alle reeds voltooide huweliksregisters en in die gemeentelike argief te bewaar.

14.2 Die Sinode beveel by leraars aan om in die toekoms afskrifte te maak van alle tersaaklike dokumente ten einde 'n huwelik te registreer en te bewaar vir toekomstige navrae.

Motivering – Kennis geneem.

Die verslag van die SKK word onderbreek.

19. VERKIESING: ONDERVOORSITTER

Die Sinode word versoek om 'n ondervoorsitter te kies vanuit die volgende genomineerde broeders:

Di. AP Boshoff (Zeerust), A Boshoff (Viljoenskroon), JL Schütte (Gordonia), PG Stans (Kathu), GCD Stoltz (Kimberley-Die Kruis), dr. JH Breytenbach (Witbank), proff. IA Brink (Wesmoot), SD Nel (Hartbeespoort), R Marè (Derby), GDS Smit (Wonderboom), FAH van Staden (Grootfontein).

20. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) (Vervolg) [SAKELYS 2013, bl. 9]

Prof. JAE Adendorff gaan voort om die verslag van die SKK te lewer.

15. GESPREK MET TLU SA – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

15.1 Die Sinode verseker TLU SA van sy volgehoue ondersteuning en voorbidding.

15.2 Die Sinode neem met leedwese kennis van die toename in geweldsmisdade en in die besonder die talle plaasaanvalle en moorde op boere in ons land.

15.3 Die Sinode doen 'n beroep op die owerheid om daadwerklik op te tree in die bestryding van misdaad en die vervolging van misdadigers.

15.4 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die spanning op plase wat deur arbeidsonrus veroorsaak word en toekomstige voedselsekerheid ernstig bedreig.

15.5 Die Sinode wys die regering daarop dat sy grondherverdelingsprogram aanleiding gee tot onsekerhede in landbou wat voedselsekerheid ernstig kan knou en tot verdere werkloosheid kan lei.

16. MEDIASKAKELING – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

16.1 Die Sinode versoek kerkrade om kernnuus vir moontlike uitsending oor die radio na die Sentrale Kerkkantoor te stuur.

17. RADIO PRETORIA – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

17.1 Die Sinode bedank Radio Pretoria vir die diens wat hulle lewer om leraars die geleentheid te gee om

die evangelie te verkondig en op ander programme op te tree.

Ds. NJ Rautenbach (Pretoria Suiderlig) deel die Sinode mee dat Radio Pretoria aandag gegee het aan die besware wat van luisteraars ontvang is in verband met die verkondiging van die evolusieleer oor die eter. Hy verseker die Sinode dat Radio Pretoria nie daarmee voortgaan nie.

18. KORRESPONDENSIE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

18.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van die Sentrale Kerkkantoor vir die hantering van die korrespondensie en skakeling.

18.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars en studente wat bereid is om met Woordverkondiging te help in gemeentes waar nood is.

Die verslag van die SKK word onderbreek.

21. TWEDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR GELOOFSBRIEWE (TKG2)

Ds. PG Stans (Kathu) hou die verslag voor.

1. Afgevaardigdes wat na 09:00 geregistreer het

Kyk Bylae 2, *HANDELINGE 2013*, bl. 319.

Hiermee is daar 281 afgevaardigdes van 132 gemeentes teenwoordig.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

1.1 Die Sinode besluit om bogenoemde afgevaardigdes volle sittingsreg te verleen

1.2 Die Sinode neem kennis dat die getal stemgeregtigdes 281 is.

2. Gemeentes wat nie verskoning gemaak het nie

Die volgende gemeentes het nie verskoning gemaak vir Sinode 2013 nie: Aberdeen, Boshof, Dealesville, Devon, Engeland en Wallis, Excelsior, Germiston, Graniet, Grootfontein, Koffiefontein, Lebombo, Morgenzon, Murraysburg, Olifantsrivier, Petrus Steyn, Prieska, Reddersburg, Reitz, Richardsbaai, Riversdal, Stella, Strydenburg, Utrecht, Vanwyksvlei en Warden,

2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode neem met misnoë kennis dat die genoemde gemeentes nie verskoning gemaak het nie.

22. AFKONDIGINGS

Prof. IA Brink doen enkele afkondigings.

23. TAFELGEBED

Ds. P.J.L. Olivier (Vaalharts) doen die tafelgebed en die vergadering verdaag vir ete.

24. SAMESANG

Ds. JHE du Plessis (Pretoria-Oos) lei die samesang en ds. F de Bruin (Ventersdorp) neem die orrelbegeleiding waar.

25. AFKONDIGINGS

Prof. Brink doen enkele afkondigings.

26. VERKIESING: ONDERVOORSITTER

Die vergadering word versoek om tussen proff. R Maré en IA Brink te stem vir ondervoorsitter van die Sinode.

27. VOORSTEL: 500-JARIGE HERDENKING VAN DIE KERKHERVORMING

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Die Sinode dra dit aan die SKK op om 'n feestelike viering van die 500-jarige herdenking van die Kerkhervorming binne kerkverband te reël.

(JH Breytenbach; HJ Botha)

28. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) (Vervolg) [SAKELYS 2013, bl. 11]

Prof. JAE Adendorff gaan voort om die verslag van die SKK te lewer.

19. SUSTERSWERKSAAMHEDE – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

19.1 Die Sinode bedank die gemeentes Kimberley en Mosselbaai vir die organisering van die konferensies en moedig kerkrade aan om dit vir hulle susters moontlik te maak om die konferensies by te woon.

20. DIENS VAN BARMHARTIGHEID – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

20.1 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op diakonieë om aandag te gee aan verarming van Afrikaners in hulle omgewing en daadwerklik op te tree om die krisis af te weer.

20.2 Die Sinode roep diakonieë op om moontlike werkverskaffingsprojekte te beplan en waar nodig in ringsverband te organiseer.

21. SINODALE PUBLIKASIES

21.1 ELKEEN ORAL GESTUURDE – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

21.2 Die Sinode verwys die publikasie na die SKK en Pk. om dit te wysig en finaal af te handel.

22. BESKRYWINGSPUNTE

22.1 BESKRYWINGSPUNT: VIERING VAN 500-JARIGE HERDENKING VAN DIE REFORMASIE – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

22.1.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om in samewerking met die Kuratorium en die AP Akademie aandag aan die reël van herdenkingsgeleenthede van die reformasie te gee.

Punt 23 van die SKK-verslag (bl. 12) staan oor staan oor tot Woensdag wanneer die verteenwoordigers van die Bybelgenootskap DV in die vergadering sal wees.

Die verslag van die SKK word onderbreek.

29. VERKIESING: ONDERVOORSITTER

Aangesien alle afgevaardigdes nie gestem het nie en daar nie 'n volstreekte meerderheid behaal is met die verkiesing van die ondervoorsitter nie, word die vergadering versoek om weer tussen die genomineerdes te stem.

30. WISSELING VAN VOORSITTER

Prof. JAE Adendorff neem die voorsitterstoel in. Die Sinode sing hom die seën van die Here toe met die woorde van Ps. 134:4.

31. VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING [SAKELYS 2013, bl. 25]

Prof. IA Brink hou die verslag aan die vergadering voor.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. OPDRAG

2.1 – 2.4 – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

2.5 Die Sinode neem kennis van die verslag.

Hiermee is die verslag van *Ad hoc*-kommissie vir Advies en Leiding afgehandel.

32. VERSLAG: KURATORIUM (KUR) (HANDELINGE bl. 26)

Ds. MJ Hartzenberg (Oudtshoorn) lewer die verslag van die Kuratorium (Afdeling A) aan die Sinode.

1. INLEIDING – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

1.1 Die Sinode wens die APA van harte geluk met die 25ste bestaansjaar in 2013 en bid die APA met al sy werksaamhede die seën van die Here toe.

AFDELING A: KURATORIUM

2. PERSONEEL – Kennis geneem.

2.1 Lede van die Kuratorium – Kennis geneem.

2.2 Veranderinge in doseerpersoneel – Kennis geneem.

3. VERGADERINGS – Kennis geneem.

4. DAGBESTUUR – Kennis geneem.

5. STATUSAANGELEENTHEDE

5.1 Kennis geneem.

5.2 Kennis geneem met die verandering van “*behoud van status*” na “*herstel van status*”.

AANBEVELINGS GEWYSIG GOEDGEKEUR:

5.3 Die Sinode bid die predikante wat beroepbaar gestel is, t.w. di. S Hoffman, MW Snyman en NJ Coetzee die seën van die Here met hulle bediening toe.

5.4 Die Sinode neem kennis van die herstel van status aan dr. RW Louw.

5.5 Die Sinode neem kennis van die aansoeke wat onsuksesvol was.

6. BEHOUD VAN STATUS – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

6.1 Die Sinode neem kennis van die behoud van status wat deur die Kuratorium toegeken is.

Die verslag van die Kuratorium word onderbreek.

33. VERKIESING: ONDERVOORSITTER

Aangesien daar weer nie ‘n volstreekte meerderheid behaal is met die verkiesing van die ondervoorsitter nie, word die Sinode versoek om weer te stem.

34. VERSLAG: KURATORIUM (Vervolg) [SAKELYS bl. 27]

Ds. MJ Hartzenberg gaan voort om die verslag van die Kuratorium te lewer.

7. TEOLOGIESE STUDENTE VAN DIE AP AKADEMIE GELEGITIMEER

7.1 – 7.5 – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.6 Die Sinode neem kennis van die legimasiedatum en dat die eersvolgende geleentheid DV op 27 November 2013 sal plaasvind.

7.7 Die Sinode keur die optrede van die Kuratorium goed.

7.8 Die Sinode bid hierdie predikante die seën van die Here toe op hulle bediening.

7.9 Die Sinode neem kennis van die studente wat hulle studies aan die APA voltooi het, maar nie deur die Kuratorium van die AP Kerk gelegitimeer is nie.

8. VERLIES VAN STATUS – Kennis geneem.

9. SKAKELING MET DIE RAAD VAN DIE AKADEMIE

– Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

9.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verteenwoordiging van die Kuratorium op die Raad en die skakeling wat die Kerk met die Akademie het by wyse van die Kuratorium.

10. SKAKELING MET TEOLOGIESE DOSENTE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

10.1 Die Sinode bevestig dat al die dosente van, asook die AP Akademie self, as suiwer gereformeerde instelling, aan alle akademiese, kerklike en leerstellige vereistes van die AP kerkverband voldoen.

10.2 Die Sinode betreur dit dat sommige van die dosente geteiken word met briewe, oproepe, elektroniese media of op welke ander wyse ook al, deur lidmate van die kerkverband wat nie met sinodebesluite oor die brontekste sowel as die betrokkenheid by die nuwe Bybelvertaling saamstem nie en nie bereid is om hulle by sinodebesluite neer te lê nie.

10.3 Die Sinode bevestig dat dosente se opdrag en lasgewing soos bepaal deur hulle benoeming deur die AP Kerk en volgens ooreenkoms met die Raad van die APA, nie behels dat hulle in voortdurende korrespondensie met lidmate hoef te tree nie.

10.4 Die Sinode betuig opnuut sy dank en waardering vir die werk wat die dosente by die AP Akademie doen.

Die verslag van die Kuratorium word onderbreek.

35. VERKIESING: ONDERVOORSITTER

Die Voorsitter kondig aan dat prof. R Marè as ondervoorsitter van die Sinode verkies is en wens hom geluk.

Prof. Marè bedank die vergadering vir die vertroue wat hulle in hom gestel het.

36. NOMINASIES: AKTUARIUS

Die Voorsitter versoek die Sinode om nominasies in te dien vir die verkiesing van die Aktuarius.

37. VERSLAG: KURATORIUM (Vervolg) [SAKELYS bl. 29]

Ds. MJ Hartzenberg (Oudtshoorn) gaan voort om die verslag van die Kuratorium te lewer.

11. OMSENDBRIEF AAN EMERITI – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

11.1 Die Sinode keur goed dat die ondervoorsitter van die kuratorium, in samewerking met 'n emerituspredikant wat vir die inhoud verantwoordelik sal wees, die omsendbrief aan emeriti hanteer.

11.2 Die Sinode gee aan die KKS opdrag om die lasgewing van die Kuratorium uit te brei sodat kommunikasie met emeriti en weduwees van predikante deel van die lasgewing van die Kuratorium vorm. Die KKS word dus versoek om die punt: *Skakeling met emeriti en weduwees van predikante* tot die lasgewing toe te voeg.

11.3 Motivering – Kennis geneem.

12. TEOLOGIESE BEGELEIDING VAN STUDENTE

– Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

12.1 Die Sinode neem met dank kennis van die voortgesette skakeling tussen die Kuratorium en studente.

12.2 Die Sinode besluit dat die Kuratorium versoek word om sover moontlik, voorsiening te maak vir maksimale betrokkenheid by en skakeling met die teologiese studente in die begroting.

13. VOORTGESETTE TEOLOGIESE OPLEIDING VAN PREDIKANTE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

13.1 Die Sinode neem met dank kennis van die pogings vir verdere teologiese opleiding wat in die kerkverband bestaan.

13.2 Die Sinode besluit dat predikante wat by geen programme en/of geleenthede van opleiding of

toerusting betrokke raak nie, se behoud van status deur die Kuratorium en Kommissie vir Kerkregtelike Sake bespreek moet word met rapport aan die volgende sinode.

14. PREDIKANTEKONFERENSIE OF –VERGADERING

– Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

14.1 Die Sinode neem kennis van die drie geleenthede wat gereël word waarna predikante op 'n vrywillige basis kan gaan, naamlik:

14.1.1 die teologiese dag aan die begin van die jaar met 'n akademiese karakter;

14.1.2 die predikantekonferensie met 'n broederlike en toerustende karakter, waar daar baie geleentheid vir bespreking moet wees; en

14.1.3 die werkgemeenskappe van die verskillende vakgebiede van die teologie met 'n spesifiek vakwetenskaplike karakter.

14.2 Die Sinode besluit om die opdrag aan die Kuratorium te kontinueer en dra dit aan die Kuratorium en KKS op om steeds ondersoek te doen na die haalbaarheid van VTO.

14.3 Die Sinode dra dit aan kerkrade en predikante op om gebruik te maak van die geleenthede, en versoek kerkrade om dit vir hulle predikante moontlik te maak om VTO by te woon.

15. UITBREIDING VAN DIE LASGEWING

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

15.1 Die Sinode versoek die KKS om die lasgewing van die Kuratorium by punt 6 te hou soos in die 2004 Kerkorde naamlik: *Dat die Kuratorium 'n gesamentlike verslag indien van die Kuratorium en die werksaamhede van die kuratorium sowel as 'n verslag van die Raad van die APA aan die sinode.*

15.2 Die Sinode versoek die KKS om die lasgewing van die Kuratorium punt 9 (KO 2012, bl. 160) uit te brei en te meld dat die Kuratorium die *professionele liggaam* van die AP Kerk vorm wat die kerklike vereistes met betrekking tot vakke, omvang en standaard aan die Senaat van die Afrikaanse Protestantse Akademie voorlê. Die Sinode keur dus goed dat punt 9 van die lasgewing uitgebrei word met die woorde: *Die Kuratorium vorm dus die professionele liggaam van die AP Kerk.*

15.3 Motivering – Kennis geneem.

16. VOOGDYSKAPPE – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

16.1 Die Sinode keur die werkswyse van die Kuratorium rondom voogde en mentors van die teologiese studente goed.

17. KONSEPVRAE BY TOELATING VAN PREDIKANTE – Kennis geneem.

18. WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS (WLTS) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

18.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes en individue wat oor baie jare heen gehelp het om die WLTS daar te stel (Bylae KUR1).

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

18.2 Die Sinode versoek kerkrade en gemeentes om, afgesien van die naaste Sondag aan die datum van kerkstigting, naamlik 27 Junie, ook tydens Pinkster op 'n wyse soos deur die Kerkraad besluit, 'n kollekte vir die WLTS te hou.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

18.3 Die Sinode versoek lidmate om by wyse van erflatings die WLTS aan te vul.

Die verslag van die Kuratorium word onderbreek.

38. VERKIESING: AKTUARIUS

Die Sinode word versoek om te stem vir 'n Aktuaris vanuit die volgende genomineerde afgevaardigdes: Proff. FAH van Staden, SD Nel, J Bosman, dr. JH Breytenbach, di. JL Schütte, PJ Möller, MJ Hartzenberg, PG Stans, WJA van Schalkwyk, A Hough en WJ Malan.

39. VERSLAG: KURATORIUM (Vervolg) [SAKELYS 2013 bl.39]

Ds. MJ Hartzenberg gaan voort om die verslag van die Kuratorium te lewer.

19. SUBKOMMISSIE: BEURSE EN LENINGS – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

19.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werksaamhede van die subkommissie vir Beurse en Lenings van die Kuratorium, sowel as die aantal teologiese studente wat gehelp kan word.

20. BESKRYWINGSPUNTE

20.1 RING VAN MIDDELBURG – Kennis geneem.

20.1.1 Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

20.1.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

20.1.3 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

20.1.4 Motivering – Kennis geneem.

20.2 RING VAN PETRUSBURG – Kennis geneem.

20.2.1 Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

20.2.2 Die Sinode keur nie die beskrywingspunt goed nie.

20.2.3 Motivering – Kennis geneem.

21. SLOT – Kennis geneem.

BYLAE KUR1 – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die Kuratorium (Afdeling A) afgehandel. Die voorsitter bedank ds. Hartzenberg vir die verslag wat hy gelewer het.

40. BOEKEBEKENDSTELLING

Dr. CA Swanepoel, redakteur van *Die Boodskapper*, kry geleentheid om die September-uitgawe van *Die Boodskapper* aan die Sinode bekend te stel.

41. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings voordat die Sinode verdaag vir 'n koffiebreek.

42. SAMESANG

Ds. DJ Malan (Hoopstad) lei die voorsang en ds. F de Bruin (Ventersdorp) neem die orrelbegeleiding waar.

43. VERKIESING: AKTUARIUS

Die Sinode word versoek om tussen ds. JL Schütte (Gordonia) en prof. FAH van Staden (Grootfontein) as Aktuarius te stem.

44. VOORSTEL

Die volgende voorstel het betrekking op pt. 3.11.1, bl. 4, SAKELYS 2013:

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Om gemeentes wat ver is te akkommodeer met luisterryke openinge, word die SKK versoek om na die moontlikheid te kyk om Sinodes in die toekoms só te beplan dat die Sinode later in die week begin, ten einde reistyd op 'n Sondag uit te skakel.

(MJ Louw; GDS Smit)

45. VERSLAG: KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (KKa) [SAKELYS 2013, bl. 36]

Ds. LD Greyling (Port Elizabeth) lewer die verslag van die Kommissie vir Kerkargief.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

3. WERKSAAMHEDE – Kennis geneem.

3.1 Aanwinste – Kennis geneem.

3.1.1 Huweliksregister ontvang – Kennis geneem.

3.1.2 Huweliksregister uitstaande – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.1.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die leraars van wie huweliksregisterblaaië ontvang is deur die Argief.

3.1.4 Die Sinode wys leraars daarop dat dit hul ereplig is, nie in die eerste plek dié van gemeenteskribas nie, om toe te sien dat die huweliksregister wat deur ons kerkverband se Argief gehou word, van die nodige inligting op die voorgeskrewe huweliksregisterblaaië voorsien word.

3.1.5 Die Sinode versoek leraars dringend om benewens die staat se huweliksregister ook ons kerkverband se huweliksregister getrou te voltooi en na die Argief te stuur, veral gesien in die lig van die toenemende probleme wat met die departementele register ondervind word.

3.1.6 Die Sinode versoek leraars om afskrifte te maak van voltooide huweliksregisters en na die Sentrale Kerkargief te stuur voordat dit by die Departement van Binnelandse Sake ingehandig of omgeruil word.

3.2 Gemeentelike argivalia – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.2.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor gemeenteskribas en kerkrade wat waardevolle dokumente aan die Sentrale Kerkargief besorg het vir veilige bewaring en toekomstige navorsing.

3.2.2 Die Sinode herinner gemeentes daaraan dat alle dokumente en ander items met geskiedkundige waarde aan die Sentrale Kerkargief gestuur kan en behoort te word.

3.3 Stukke van gemeentes ontvang (Bylae KKa1) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR (numerering gevolg soos op Sakelys 2013):

3.3.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeenteskribas wat dikwels met groot ywer gemeenteregisters in stand hou en afskrifte aan die Sentrale Kerkargief besorg vir veilige bewaring.

3.3.2 Die Sinode wys kerkrade daarop dat die jaarlikse instuur van registers en –afskrifte 'n besluit van die Sinode is (vgl. Sinode 2004, p. 353, pt. 6.2).

3.3.3 Die Sinode doen 'n dringende beroep op gemeenteskribas om die voorskrifte vir lidmate- en doopregisters te volg.

3.3.4 Die Sinode doen 'n dringende beroep op gemeenteskribas om die voorskrifte vir die afskrifte van lidmate- en doopregisters wat na die Sentrale Kerkargief gestuur word, te volg.

3.3.5 Die Sinode neem met dank kennis daarvan dat ds. LD Greyling die publikasie *Handleiding vir Kerklike Administrasie* die lig laat sien het.

3.3.6 Die Sinode versoek dat kerkrade sal toesien dat gemeenteskribas in besit is van die *Handleiding vir Kerklike Administrasie* wat by die Boekwinkel beskikbaar is en waarin volledige voorskrifte vir die hou van registers voorkom.

3.3.7 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeenteskribas wat getrou afskrifte van geouditeerde finansiële state aan die Sentrale Kerkargief besorg vir veilige bewaring.

3.3.8 Die Sinode doen 'n ernstige beroep op kerkrade om toe te sien dat afskrifte van elke jaar se geouditeerde finansiële state aan die Sentrale Kerkargief besorg word.

3.3.9 Die Sinode bedank gemeente- en ringskribas wat jaarliks statistiek van (ringe) gemeentes aan die Sentrale Kerkargief besorg.

3.3.10 Die Sinode pleit by rings- en gemeenteskribas om hierdie inligting met baie meer stiptelikheid aan die Sentrale Kerkargief te besorg, aangesien dit van onskatbare waarde is vir navorsing en die bepaling van tendense in ons kerkverband.

3.3.11 Die Sinode wys ringskribas op Bep. 37E en doen 'n ernstige beroep op ringe om toe te sien dat hierdie Bepaling nagekom word.

3.3.12 Die Sinode beveel aan dat Ringe nie persone as ringskribas herkies indien 'n kalenderjaar verbygegaan het sonder dat Bep. 37E uitgevoer is nie en om alle uitstaande argiefmateriaal van so 'n persoon op te eis vir deursending na die Sentrale Kerkkantoor en Argief.

3.3.13 (In Sakelys genommer 3.3.14) Die Sinode doen 'n ernstige beroep op gemeente- en ringskribas om jaarliks die visitasieverslae (gemeentelike verslagvorm aan die ring of soortgelyke verslag deur die ring goedgekeur) van alle gemeentes aan die Sentrale Kerkargief te besorg aangesien hierdie verslae die beste aanduiding is van die geestelike welstand in ons gemeentes.

4. BEKENDSTELLING VAN DIE ARGIEF AAN STUDENTE – Kennis geneem.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

4.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor die dosent in *Diakonologie* vir die skep van 'n geleentheid in die finale studiejaar van ons teologiestudente om 'n inligtingssessie by die Sentrale Kerkargief by te woon om ingelig te word oor die werksaamhede in die Argief.

5. BEKENDSTELLING VAN DIE ARGIEF AAN LIDMATE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.1 Die Sinode nooi alle belangstellende lidmate uit om ter geleëner tyd besoek by die Sentrale Kerkargief af te lê. Besoekers sal welkom geheet word en op die noodsaak van die bewaring van geskiedkundige dokumente en artikels gewys word.

5.2 Die Sinode besluit by herhaling om gemeentes en ringe of groter groeperinge van gemeentes te versoek om die Argivaris uit te nooi om voorligting te gee i.v.m. die pligte van die plaaslike kerk t.o.v. administrasie en die instuur van argivalia.

5.3 Die Sinode bring dit onder die aandag van ringe en ander groepe dat hulle verantwoordelik is vir die reiskoste van die Argivaris wanneer hy genooi word om op te tree.

6. ARGIEF-HULP – Kennis geneem.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

6.1 Die Sinode keur die aanstelling van 'n Argief-hulp goed en dra dit aan die GKK op om vir 'n halfdag-pos te begroot en 'n geskikte persoon in oorleg met die KKa in die pos aan te stel.

7. IN MEMORIAM (Bylae KKa2) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

7.1 Die Voorsitter reël dat die Sinode op gepaste wyse meeleving betoon met die afsterwe van hierdie broeders.

46. STILTE VIR DIE GESTORWE BROEDERS

Die Voorsitter reël dat die Sinode 'n oomblik stilte handhaaf vir die leraars wat ons sedert die vorige sinode ontval het. Op versoek van die ondervoorsitter word ds. H Hefer ook as gestorwe leraar genoem. Hy was leraar van die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan en het noue bande met die AP Kerk gehandhaaf.

Die verslag van die Kommissie vir die Kerkargief word hier onderbreek.

47. VERKIESING: AKTUARIUS

Daar is 'n staking van stemme tussen prof. FAH van Staden en ds. JL Schütte aangesien al die afgevaardigdes nie gestem het nie, en die Sinode word versoek om weer te stem.

48. VERSLAG: KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (KKa) (Vervolg) [SAKELYS 2013, bl. 39]

Ds. LD Greyling gaan voort om die verslag van die Kommissie vir die Kerkargief te lewer.

8. KONFERENSIE: ALGEMENE TAAKSPAN ARGIEF – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.1 Die Sinode besluit dat die argivaris en voorsitter van die Kommissie vir Kerkargief elke jaar die ATA-vergadering in Stellenbosch bywoon en dra dit aan die GKK op om daarvoor te begroot.

8.2 Die Sinode besluit dat 'n webwerf vir die Sentrale Kerkargief geskep word.

8.3 Die Sinode dra dit aan gemeentes op om (indien moontlik) ook argivalia in elektroniese formaat "pdf" tesame met die oorspronklike argivalia aan die Kerkargief te stuur.

8.4 Die Sinode dra dit aan die KKa op om metodes te ondersoek om opleiding aan leraars, studente en administratiewe personeel in gemeentes op 'n gereelde basis te verskaf.

Die Voorsitter bedank ds. Greyling vir die verslag wat hy gelewer het.

Hiermee is die verslag van die Kommissie vir die Kerkargief afgehandel.

49. VERSLAG: KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPLEIDING (KOO) [SAKELYS 2013, bl. 53]

Ds. JB Trollip (Lichtenburg) lewer die verslag van die Kommissie vir Onderwys en Opleiding.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

3. SINODALE OPDRAGTE 2010 – Kennis geneem.

3.1 DVD: TOESTAND VAN ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

3.2 Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING KENNIS GENEEM: (Vgl. ook GKK-verslag, *HANDELINGE* bl. 273, pt. 4.12.1)

3.3 Die Sinode besluit om R15 000 te bewillig vir die maak van 'n DVD oor die onderwys. Die nuwe KOO kan kwotasies inwin en aan die GKK voorlê vir goedkeuring.

4. Beskrywingspunte – Kennis geneem.

5. Afsluiting – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die Kommissie vir Onderwys en Opleiding afgehandel.

50. VERKIESING: AKTUARIUS

Die Voorsitter kondig aan dat ds. JL Schütte verkies is as Aktuaris en wens hom geluk.

51. VERKIESING: SKRIBA

Die Voorsitter versoek die Sinode om nominasies in te dien vir die verkiesing van 'n skriba.

52. WISSELING VAN VOORSITTER

Die Ondervoorsitter neem die voorsitterstoel in.

53. VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR KOMMISSIE (GKK) [Sakelys bl. 54]

Prof. JAE Adendorff lewer die verslag van die Gemeenskaplike Kerkkantoor Kommissie. Hy doen dit met behulp van 'n *Powerpoint*-aanbieding.

1. BESTUURSPERSONEEL

1.1 LEDE DEUR DIE SINODE VERKIES – Kennis geneem.

1.2 LEDE BENOEM – Kennis geneem.

1.3 AMPSDRAERS – Kennis geneem.

1.4 DAGBESTUUR – Kennis geneem.

1.5 EIENDOMSKOMITEE – Kennis geneem.

1.6 RAAD VAN TRUSTEES/ WAAKSAAMHEIDSKOMITEE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS – Kennis geneem.

1.7 VERTEENWOORDIGER VIR DIE RAAD VAN DIE AP AKADEMIE – Kennis geneem met die wysiging van ds. JL Schütte na Oudl. L Minnaar.

1.8 AD HOC-KOMITEES – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

3. PERMANENTE PERSONEEL

3.1 SENTRALE KERKKANTOOR

3.1.1 – 3.1.20 – Kennis geneem.

3.2 AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE (Teologiese skool)

3.2.1 – 3.2.6 – Kennis geneem.

4. SINODALE OPDRAGTE 2010 – Kennis geneem.

4.1 VERANDERING VAN 'N VASTE VOORDEEL-FONDS NA 'N VASTE BYDRAEFONDS (*HANDELINGE* 2010, bl. 236, pt. 4.10.2; 4.10.3) – Kennis geneem.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

4.1.1 Die Sinode neem met dank kennis dat die pensioen van lede wat sedert die vorige sinode afgetree het, in alle gevalle beter was as wat onder die ou fonds die geval sou wees en dat die sambreelfonds reeds funksioneer.

4.2 PENSIOENVOORDELE VIR WERKNEMERS IN GEMEENTELIKE DIENS ANDERS AS LERAARS (HANDELINGE 2010, bl. 237, pt. 4.10.6) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.2.1 Die Sinode neem kennis dat die Reëls van die Pensioenfonds gewysig is en dat enkele van genoemde werknemers reeds by die Pensioenfonds ingeskakel het.

4.3 SKAKELING MET DIE AKADEMIE (HANDELINGE 2010, bl. 237, pt. 4.11) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.3.1 Die Sinode neem kennis dat die skriftelike ooreenkoms opgestel en onderteken is.

4.4 MEDIESE KOMITEE (HANDELINGE 2010, bl. 240, pt. 14.1) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.4.1 Die Sinode keur dit goed dat die GKK 'n ander makelaar aangestel het.

4.4.2 Die Sinode keur dit goed dat die GKK ander makelaars kan aanstel tot die beste voordele van die lede van die Mediese Fonds.

4.5 OPRIGTING VAN NUWE KANTORE, BOEKWINKEL EN ARGIEF (HANDELINGE 2010, bl. 241, pt. 16.3.2, 16.3.4, 16.3.5) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.5.1 Die Sinode keur dit goed dat die GKK steeds voortgaan met ondersoek in die lig van die vertraging aan die kant van die Stadsraad van Tshwane.

4.6 BEHEER VAN JEUGTUISTE (HANDELINGE 2010, bl. 241, pt.16.3) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GEWYSIG GOEDGEKEUR:

4.6.1 Die Sinode neem kennis dat die ouer-beheerliggaam nie ingestel is nie, aangesien die besluit nie prakties uitvoerbaar was nie.

4.6.2 Die Sinode keur goed dat voltydse huisouers inwoon.

4.6.3 Die Sinode keur goed dat die beheer van die Jeugtuiste vanaf Januarie 2012 weer deur die GKK uitgeoefen word.

4.7 VERHURING VAN EIENDOMME IN KIRKNESS-STRAAT (HANDELINGE 2010, bl. 241, 16.4.1) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.7.1 Die Sinode neem kennis dat die geboue tot beskikking van die AP Akademie gestel is.

KENNIS GENEEM:

Die Sinode neem kennis dat die gebou te Kirknessstraat 419 die afgelope week voor die Sinodesitting verkoop is.

Die verslag van die Gemeenskaplike Kerkkantoor Kommissie word onderbreek.

54. VERKIESING VAN DIE SKRIBA

Die vergadering word versoek om 'n skriba te kies vanuit die volgende broeders wat genomineer is: Di. AP Boshoff (Zeerust), A Boshoff (Viljoenskroon), WA Burger jr. (Krugersdorp), RK Combrink (Vrede), IP du Preez (Brakpan), AJ Ferreira (Vryheid), LD Greyling (Port Elizabeth), A Hough (Thabazimbi), DJ Malan (Hoopstad), WJ Malan (Pietersburg), PG Stans (Kathu), HSW Strauss (Bloemfontein), NJ Swart (Middelburg), WJA van Schalkwyk (Arnot/Hendrina), proff. IA Brink (Wesmoot), SD Nel (Hartbeespoort), FAH van Staden (Grootfontein).

55. VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR KOMMISSIE (GKK) (Vervolg) [SAKELYS 2013, bl. 58]

Prof. JAE Adendorff gaan voort om die verslag van die GKK te lewer. Hy hou 'n *Powerpoint*-aanbieding aan die Sinode voor om die 15%-bydraes te verduidelik.

Die verslag van die GKK word hier onderbreek.

56. BOEKBEKENDSTELLING

Dr. CA Swanepoel kry geleentheid om enkele boeke van *Lig in Duisternis Uitgewers* bekend te stel.

57. TAFELGEBED

Ds. A Hough (Tzaneen) doen 'n tafelgebed en die Sinode verdaag vir aandete.

EERSTE SITTINGS DAG – MAANDAG 2 SEPTEMBER 2013
VIERDE SESSIE: 18:30 – AFSLUITING

58. SAMESANG

Ds. WJ Malan (Pietersburg) lei die samesang en ds. F de Bruin (Ventersdorp) neem die orrelbegeleiding waar.

59. WISSELING VAN VOORSITTER

Prof. JAE Adendorff neem weer die voorsitterstoel in.

60. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

61. BROEDERLIKE GESPREK [Kyk Bylae 3, *HANDELINGE* 2013, bl. 320]

Die Broederlike gesprek se tema is: *Die gereformeerde karakter van die AP kerkverband in die lig van die Heidelbergse Kategismus.*

Die indeling van die gesprek is soos volg:

- Prof. FAH van Staden: *Die ontstaan van die Heidelbergse Kategismus (Kerkgeskiedenis)*
- Prof. R Maré: *Wie en hoe is ek? (Ellende)*
- Prof. GDS Smit: *Die AP Kerk se belydenis oor verlossing belig uit die Heidelbergse Kategismus (Verlossing)*
- Prof. J Bosman: *Ons enigste troos: 'n voorreg om uit te deel (Dankbaarheid)*
- Prof. JAE Adendorff: *Om elke dag waarlik getroos te leef (Troos)*

62. WISSELING VAN VOORSITTER

Tydens die spreekbeurt van prof. JAE Adendorff, neem prof. R Maré as voorsitter waar. Na elke dosent se bespreking, kry die Sinode geleentheid om deel te neem aan die bespreking.

Prof. R Maré spreek 'n dankwoord aan al die sprekers.

63. VERKIESING VAN DIE SKRIBA

Die Sinode word versoek om tussen die volgende broeders te stem vir 'n skriba: Di. A Boshoff (Viljoenskroon), A Hough (Tzaneen), HSW Strauss (Bloemfontein).

64. VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR KOMMISSIE (GKK) (Vervolg) [Sakelys bl. 58]

Prof. JAE Adendorff gaan voort om die verslag van die GKK te lewer.

4.8 VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR KOMMISSIE (HANDELINGE 2010, bl. 244, pt. 76) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.8.1 Die Sinode besluit dat die 15% gehandhaaf word.

4.8.2 Die Sinode besluit dat die 15% beter bemark moet word deur lidmate in te lig presies waarvoor die 15% op hulle bydraes aangewend word.

4.8.3 Die Sinode besluit dat die opbrengs verkry uit die verkoop van vaste eiendom vrygestel word van die %-bydrae berekening indien dit as kapitaal op belegging geplaas word, of heraangewend word vir die aankoop van vaste eiendom. Sou daar van die beleggingskapitaal onttrek word om bedryfsuitgawes van die gemeente mee te vergoed, word die onttrekking inkomste en is sodanige inkomste onderhewig aan die %-bydrae. Die rente verdien op die belegging is inkomste en onderhewig aan die %-bydrae.

Die verslag van die GKK word hier onderbreek.

65. VERKIESING VAN SKRIBA

Die ondervoorsitter kondig aan dat ds. A Hough (Tzaneen) verkies is as skriba van die Sinode en wens hom geluk.

66. NOMINASIES VIR HULPSKRIBA

Die Ondervoorsitter versoek die vergadering om nominasies in te dien vir die hulpskriba.

67. VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR KOMMISSIE (GKK) (Vervolg) [HANDELINGE 2013, bl. 59]

Prof. JAE Adendorff gaan voort om die verslag van die GKK te lewer.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.8.4 Die Sinode vat al die besluite rakende die %-bydrae sedert stigting van die AP kerkverband in 1987 tot 2010 saam in die volgende stuk –

1. Die basis van sinodale bydraes:

Alle gemeentes dra tot die sinodale fondse by teen 'n vasgestelde persentasie bereken op die netto inkomste ¹. Netto inkomste word bereken nadat vrygestelde inkomste ² afgetrek is van die totale inkomste.

Die persentasie word deur die Sinode vasgestel, onderhewig aan die besluit bepaal in 1988, nl. dat sy lopende uitgawes bereken word volgens beskikbare inkomste (HANDELINGE 1993, bl. 259, pt. 6.2.1.7). Die persentasie is tans 15%. [Dit impliseer dat indien alle gemeentes hul 15% betaal en daar surplus realiseer, die 15% verlaag kan word om die surplus aan die gemeentes terug te gee by wyse van 'n %-verlaging]

2. Toepassing van die besluit:

¹ Inkomste sluit o.m. in:

Dankofferbydrae, eredienskollekte en netto inkomste uit fondsinsamelingsprojekte; insamelings deur susters, jeug, Diaconie ens.; rente ontvang op beleggings van die Kerkraad.

² Vrygestelde inkomste sluit o.m. in:

Saaklike (eiendomme) skenkings aan 'n gemeente (soos grond, orrel, nagmaalservies) word nie bereken met die %-bydrae nie. Wanneer eiendom wat geskenk is, onprakties geleë is vir gebruik deur die gemeente, kan so 'n eiendom vervreem word sonder dat die bedrag wat verkry is vir die vervreemde eiendom bereken gaan word met die %-bydrae, met dien verstande dat die fondse aangewend sal word vir meer geskikte eiendom. Sou die geskenkte eiendom wel vervreem word sonder dat die fondse daarvan gebruik sou word vir meer geskikte eiendomme, dan is dit met die %-bydrae berekenbaar (HANDELINGE 1988, bl. 43, pt. 8.1.12).

Die Sinode besluit dat 'n erflating met sy betrokke voorwaardes nie onderworpe gestel kan word aan die %-bydrae nie (HANDELINGE 1997, bl. 284, pt. 3.20) (HANDELINGE 1991, bl. 304, pt. 2.8.4.6).

In die geval van gemeentes in kombinasie en gemeentes met 'n bedieningsooreenkoms word die bedrag deur een gemeente aan 'n ander oorbetal, nie 'n tweede keer bereken vir die %-bydrae nie (HANDELINGE 1993, bl. 259, pt. 6.2.1(4)). Dit geld ook vir geldelike hulp wat vanuit die Sentrale Kerkekommissie se Bedieningsfonds ontvang word.

Kontant ontvang uit lenings wat aangegaan word, is nie inkomste nie. Wanneer sodanige lening in 'n skenking omskep word, raak dit inkomste en word dan met die %-bydrae bereken (HANDELINGE 1993, bl. 259, pt. 6.2.1 (5)).

Daar word geen 15% hef op die bestellings en skenkings van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* nie (HANDELINGE 2004, bl. 450, pt. 158.7).

Daar word geen %-bydrae bereken op gelde wat ontvang word deur die Kerkraad namens 'n derde party (*ander instansie nie onder beheer van die Kerkraad*) soos bv. Die Bybelgenootskap, Willie Lubbe Teologiese Studiefonds, die AP Akademie, Skole,

Barmhartighedsaksies soos Volkshulp 2000 nie. Die inbetaling word net so uitbetaal.

3. Aanwending van die sinodale bydrae:

Die sinodale bydrae word verdeel in die verhouding:
2/3 aan die GKK vir administrasie, publikasies en geldelike hulp aan gemeentes en mediese fonds bydrae van emeriti; en
1/3 aan die AP Akademie vir teologiese opleiding en administrasie.

4. Kontrolebesluite oor die % bydrae:

Sertifikaat deur 'n ouditeur: Die Sinode versoek Ringe om toe te sien dat 'n sertifikaat (F10-vorm) deur 'n ouditeur verskaf is dat elke gemeente 15% van sy kontantinkomste aan die Kerkkantoor oorbetal het, soos die Sinode besluit het (HANDELINGE 1991, bl. 303, pt. 2.8.4.4).

Die Sinode besluit dat 'n lidmaat van 'n gemeente wat 'n geoktrooieerde rekenmeester of 'n kommersiële en finansiële rekenmeester is, kan optree as ouditeur van die betrokke gemeente, mits hy nie op daardie stadium 'n dienende kerkraadslid is nie (HANDELINGE 2001, bl. 472, pt. 16.1).

Die Sinode besluit om gemeentes wat agterstallig is deur die Ring aan te spreek om hulle 15%-verantwoordelikheid na te kom (HANDELINGE 1991, bl. 351, pt. 3).

Die Sinode besluit dat 'n gemeente wat agterstallig is met sy 15%-bydrae, daarvoor aanspreeklik bly en die agterstallige bedrag moet vereffen (HANDELINGE 1999, bl. 326/355, pt. 2.2.1).

Die Sinode besluit dat die GKK volmag kry om in die toekoms gemeentes se agterstallige 15%-skuld gedeeltelik of geheel af te skryf na gelang van die omstandighede wat die agterstalligheid veroorsaak het en na deeglike studie van die gemeente se omstandighede – met verslag aan die volgende Sinode (HANDELINGE 2004, bl. 362, pt. 158.7).

Die Sinode besluit dat, as gemeentes in gebreke bly om hul finansiële verpligtinge soos neergelê deur die Sinode, na te kom of nagelaat het om reëlins te tref met die GKK, hulle hul stemreg op die eersvolgende Sinode verbeur (HANDELINGE 2004, bl. 447, pt. 156.3 (3.2)).

Alle vorige sinodebesluite rakende die %-bydrae is in bogenoemde stuk geïnkorporeer en alle vorige besluite oor die %-bydrae word hiermee herroep en met bogenoemde besluit vervang.

Die verslag van die GKK word hier onderbreek.

68. WISSELING VAN VOORSITTERS

Prof. JAE Adendorff neem weer die voorsitterstoel in.

69. EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV1)

Ds. MR Burger lewer die eerste verslag van die TKV aan die Sinode:

1. Aansoeke

Die volgende aansoeke vir verlof is ontvang en word aan die Sinode voorgelê:

Dr. JH Ellis	Tygerberg	18:00-21:00	2/9
Oudl. TE Rabe	Zeerust	18:30-21:00	2/9
Ds. NJ Rautenbach	Pta. Suiderlig	15:00-18:00	2/9
Oudl. CL Gibbs	Pta. Suiderlig	15:00-18:00	2/9
Ds. AE van den Berg	Moot-Sentraal	18:00-21:00	2,3/9
Oudl. HP de Villiers	Tzaneen	18:00-21:00	3,4/9
Ds. F de Bruin	Ventersdorp	09:50-13:15	3/9
Ds. MJ van Schalkwyk	Tuinplaas	16:00-21:00	3,4/9
Ds. JHE du Plessis	Pretoria-Oos	14:00-16:00	3/9
Oudl. JH Labuschagne	Ventersdorp	14:00-21:00	3,4/9
Oudl. FJJ De Kock	Ventersdorp	14:00-21:00	3,4/9
Ds. WA Burger	Krugerdsdorp	18:00-21:00	2/9
Oudl. JC Weilbach	Vaalwater	18:30-21:00	2/9
Oudl. JA Grobbelaar	Fonteine	18:30-21:00	2/9
Oudl. PJ de Beer	Roedtan	08:00-20:00	3/9
Ds. DFM Cronje	Albertinia	18:00-20:00	3/9
Oudl. JH de la Rey	Magaliesburg	08:00-17:00	3,4/9
Ds. K Myburgh	Hennenman	08:00-12:00	3/9
Ds. P Aucamp	Piet Retief	15:00-21:00	4/9
Oudl. PW Prinsloo	Waterberg	07:00-10:00	3/9
Oudl. HFF Grobbelaar	Waterberg	07:00-10:00	3/9
Oudl. C Jacobs	Orania	08:00-20:30	4/9

2. Aanbeveling

2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode keur die bogenoemde verlofaansoeke goed.

70. EERSTE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM1)

Ds. A Boshoff (Viljoenskroon) lewer die eerste verslag van die TKM.

1. Personeel – Kennis geneem.

Prof. J Bosman, ds. A Boshoff (sameroeper)

2. Verslag 1 en 2 September

2.1. AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

Die volgende mediaverslag word goedgekeur:

2.1.1 Die 25ste bestaansjaar van die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA) is met 'n luisterryke musiekfees gedenk op

Sondag 1 September 2013. *Musica Festiva*, die Palissander Koor en die bekende orrelis Eddie Davey, het glans aan die aand verleen. Prof. JAE Adendorff het 'n bondige oorsig oor die hoogtepunte van die afgelope 25 jaar gegee. Prof. R Marè het by die geleentheid die waarheid van Gal. 2:20 beklemtoon - “*Ek is met Christus gekruisig en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my*”. Hy het die betekenis van die lyding, die kruisiging, sterwe en opstanding van Christus in ons plek treffend verkondig. Die belangrikheid van die navolging van Christus is sterk uitgelig. Die Sinode het die APA van harte geluk gewens met die 25ste bestaansjaar in 2013 en het die APA met al sy werksaamhede die seën van die Here toegebied.

2.1.2 Die Veertiende Sinode van die AP Kerk het op 2 September 2013 gekonstitueer met 280 afgevaardigdes uit 136 gemeentes. 57 gemeentes het verskoning gemaak om nie die Sinode by te woon nie.

2.1.3 Prof. FAH van Staden, die oudste dienende leraar, het die Sinode geopen met Skriflesing uit 1 Kor. 14:40 en 1 Kor. 14:33.

2.1.4 Die Sinode kyk voortdurend na weë om lidmate in die buiteland te bedien. Versoeke is ontvang om lidmate te bedien in Kanada, Australië en Botswana. Die AP Kerk se webblad (www.apkerk.co.za) word tans uitgebrei om meer doeltreffend gebruik te word vir bediening. Nuwe skakels wat in die vooruitsig gestel word, is die volgende: Die Boodskapper, amptelike blad van die AP Kerk; bestellings van boeke en publikasies aanlyn waarby bankdienste geïntegreer word; rubrieke soos “So by my koolstoof”, “Boeretrees”, “Kiekies”, “Toerusting”, en “Laaias.”

2.1.5 Die Sinode het ook kennis geneem van hoe nuwe tegnologie gebruik kan word om eredienste met hoë kwaliteit uit te saai. Die AP Kerk Louis Trichardt het alreeds pionierswerk in hierdie saak gedoen en het die Sinode hieroor ingelig. Hulle webblad is www.lttapkerk.co.za en hul eredienste kan direk gevolg word. Lidmate in die buiteland wat lank laas die geleentheid gehad het om 'n gereformeerde erediens in Afrikaans te volg, het reeds dankbaar getuig van die waarde hiervan.

2.1.6 Die AP Kerk is lid van die Konvent van Reformatoriese kerke met waarnemerstatus. Die Sinode het met dankbaarheid verneem van die herdenking van die 450-jarige bestaan van die Heidelbergse Kategismus by die Konvent.

2.1.7 Die AP Kerk is betrokke by die Kerklike Advieskommissie vir Bybelvertaling in Afrikaans (KABA). Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en KABA vir die bereidheid om die standpunte van die AP Kerk ten opsigte van die vertaling van Messiaanse tekste in die Ou Testament te eer in die komende Bybelvertaling.

2.1.8 Die Sinode het besluit om voortaan vierjaarlik te vergader. Die volgende sinode sal dan saamval met die 500-jarige herdenking van die Hervorming in 2017.

2.1.9 Die Sinode het kennis geneem van 'n Konkordansie van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk*. Die Konkordansie sal binnekort in boekvorm en in elektroniese formaat verskyn.

2.1.10 Daar is tans 92 voltydse leraars en 63 emeriti in die AP Kerk. 13 leraars is sedert 2010 oorlede.

2.1.11 Daar is 'n goeie verhouding tussen die AP Kerk en TLU SA. Die Sinode verseker TLU SA van sy volgehoue ondersteuning en voorbidding.

2.1.12 Die Sinode neem met leedwese kennis van die toename in geweldsmisdade in die RSA en in die besonder die talle plaasaanvalle en moorde op boere in ons land.

2.1.13 Die Sinode doen 'n beroep op die owerheid om daadwerklik op te tree in die bestryding van misdaad en die vervolging van misdadigers.

2.1.14 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die spanning op plase wat deur arbeidsonrus veroorsaak word en toekomstige voedselsekerheid ernstig bedreig.

2.1.15 Die Sinode wys die regering daarop dat sy grondherverdelingsprogram aanleiding gee tot onsekerhede in landbou wat voedselsekerheid ernstig kan knou en tot verdere werkloosheid kan lei.

2.1.16 Verklarings aan die media is gedurende die afgelope drie jaar deur die Sentrale Kerkekommissie van die AP Kerke uitgereik oor onder meer die Uitsaaiwetsontwerp, Godsdien in skole, Christelike vakansiedae, uitlatings van J Zuma, terwyl briewe van beswaar ook aan instansies gestuur was oor verskeie sake. Die AP Kerk sal voortgaan om 'n profetiese stem te laat klink waar dit nodig is.

2.1.17 Die Sinode bedank Radio Pretoria vir die diens wat hulle lewer om leraars die geleentheid te gee om die evangelie te verkondig en op ander programme op te tree.

2.1.18 Daar is twee konferensies vir susters in die AP Kerk gereël. Dit was wonderlike geseënde geleenthede en kosbare toerusting is vir susters gebied. Die volgende konferensie sal in DV 2014 deur AP Kerk Kimberley aangebied word, met die tema: Jou roeping in die Koninkryk.

2.1.19 Die omvang van blanke verarming is 'n groot bron van kommer vir die kerk. Toenemende werkloosheid sal in die toekoms al meer uitdagings aan die kerk stel. Die Sinode doen 'n ernstige oproep op diakonieë om aandag te gee aan verarming van Afrikaners in hulle omgewing en daadwerklik op te tree om die krisis af te weer. Die Sinode roep diakonieë op om maatskaplike werkverskaffingsprojekte te beplan en waar nodig in ringsverband te organiseer.

2.1.20 Die Afrikaanse Protestantse Kerk is 'n gereformeerde kerk wat die beginsels van die Reformasie voorstaan. Aangesien die Reformasie (1517) so 'n belangrike moment in

die geskiedenis van die Kerk van Jesus Christus was en dit ook gelei het tot 'n herwaardering en herontdekking van die Heilige Skrif, behoort hierdie geleentheid nie by 'n kerk van die Reformasie verby te gaan nie. 'n Feestelike herdenking sal vir 2017 gereël word.

2.1.21 Daar is sedert die vorige Sinode (2010) 18 studente van die APA gelegitimeer as predikante in die AP Kerk. Die Sinode bid hierdie predikante die seën van die Here toe op hulle bediening.

2.1.22 Die Sinode bevestig dat al die dosente van die AP Akademie, asook die AP Akademie self, as suiwer gereformeerde instelling, aan alle akademiese, kerklike en leerstellige vereistes van die AP kerkverband voldoen. Die Sinode betuig opnuut sy dank en waardering vir die werk wat die dosente by die AP Akademie doen.

2.1.23 'n Broederlike gesprek is gevoer onder die tema: Die gereformeerde karakter van die AP Kerk in die lig van die Kategismus 450 jaar. Kortliks is beklemtoon: Ons erfenis is onherroeplik! Die Heidelbergse Kategismus vervat ons onherroeplike erfenis: Troos. Voluit Bybels, het dié reformatoriese erfenis steeds plofkrag. "Hierdie doelbewus subjektiewe invalshoek slaag meesterlik daarin om op die lewensbeskouing van die gevraagde te fokus." So sê Prof. Koos Adendorff (rektor van die AP Akademie). Proff. FAH van Staden (historiese plasing), R Maré (Sonde en ellende), GDS Smit (Verlossing) en J Bosman (Dankbaarheid) het tydens die broedergesprek verskeie deelassekte belig. Eenheid was en is die groot doel van die Heidelberger. Sonde en ellende word slegs verstaan en aanvaar in erkenning van die enige God. Daar is maar net Een Verlosser: Christus Jesus. Die Here Jesus se liggaamlike opstanding uit die dood is kern tot die evangelieboodskap. In dankbaarheid is dit ons onbeskryflike voorreg om die troos van die Evangelie aan ander te weerkaats en uit te deel.

2.1.24 Die volgende persone is tot dusver op die Moderamen verkies: Voorsitter: Prof. JAE Adendorff; Ondervoorsitter: Prof. R Maré; Aktuarius: Ds. JL Schütte; Skriba: Ds. A Hough

Die Voorsitter bedank ds. A Boshoff vir die verslag gelewer.

71. VERKIESING: HULPSKRIBA

Die Voorsitter versoek die Sinode om te stem tussen die volgende genomineerde broeders as hulpskriba: Di. JA Jacobs (Bainsvlei), LP Stoltz (Brandfort), HSW Strauss (Bloemfontein), A Swart (Sanddrift), WJA van Schalkwyk (Arnot/Hendrina), P Janse van Rensburg (Dendron), A van Zyl (Middelburg).

72. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

73. AFSLUITING

TWEEDE SITTINGS DAG – DINSDAG 3 SEPTEMBER 2013
EERSTE SESSIE: 08:00 – TEETyd

74. SAMESANG

Ds. MJ Mattheus (Hoëveldrif) lei die samesang en ds. F de Bruin (Ventersdorp) neem die orrelbegeleiding waar.

75. BIDSTOND

Die bidstond word gelei deur oudl. HJ Botha (Witbank). Hy lees Psalm 119:33 – 48 en doen 'n gebed. Die Sinode sing Ges. 318:1 – 3.

76. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings en verwelkom al die afgevaardigdes en besoekers teenwoordig.

77. VERKIESING: HULPSKRIBA

Die Voorsitter kondig aan dat ds. HSW Strauss (Bloemfontein) verkies is as hulpskriba van die Sinode en wens hom geluk.

78. PERSONEELWISSELING

Die vergadering neem kennis van die volgende personeelwisseling wat plaasgevind het:

Nuwe afgevaardigdes:

Belfast	Stefanus Albertus Grobler
Oudtshoorn	Pieter Willem Nicolaas Groenewald
Sanddrift	Andries Petrus Stephanus Brits
Vaalwater	Jacobus Johannes Hendrik du Toit
Vanderbijlpark	Ferdinand Kuilder

Vervangings:

Marble Hall	Hugo Johannes Fouché vervang Henri Guillaume Lambooy
Potgietersrus	Lambertus Johannes Moller vervang Jacobus Lodevikus Pretorius
Vaalwater	Johannes Grové vervang Johan Coenraad Weilbach

Hiermee is daar 286 afgevaardigdes vanuit 133 gemeentes teenwoordig.

79. WISSELING VAN VOORSITTER

Prof. R Maré neem die voorsitterstoel in aangesien prof. Adendorff die GKK-verslag voorhou.

80. VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR KOMMISSIE (GKK) (Vervolg) [SAKELYS 2013, bl. 60]

Prof. JAE Adendorff gaan voort om die GKK-verslag te lewer.
4.9 HULP AAN AFGETREDENES MET BYDRAES TOT MEDIESE SKEMA (HANDELINGE 2010, bl. 244, pt. 19.5.1) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.9.1 Die Sinode keur goed dat die subsidie aan afgetredenes, wat nie met 'n beperkte dienstermyn-kontrak by 'n gemeente werkzaam is nie, vanaf 1 Oktober 2013 na 60% van die mediese fondsbydrae verhoog.

4.10 REGISTRASIE VAN DIE BOEKWINKEL AS 'N APARTE ENTITEIT TEN EINDE DIE GKK TE KAN DEREGISTREER VIR BTW DOELEINDES (HANDELINGE 2010, bl. 244, pt. 19.6.1) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.10.1 Die Sinode keur goed dat van die saak afgestap word.

Motivering – Kennis geneem.

4.11 BEMARKING (HANDELINGE 2010, bl. 253, pt. 6.1.1) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.11.1 Die Sinode neem kennis dat 'n elektroniese besteldiens ingestel is.

4.11.2 Die Sinode keur goed dat 'n nuwe pos gevul is waarvan een van die pligte is om die elektroniese bemarkingsaksie te verbeter.

4.12 DVD ONDERWYSSITUASIE (HANDELINGE 2010, bl. 254, pt. 3.3.3) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.12.1 Die Sinode neem kennis dat die KOO nie die begroting gebruik het nie en stap van die saak af.

5. TRAKTEMENTSKALE VAN LERAARS – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GEWYSIG GOEDGEKEUR:

5.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis dat die traktementskaal van predikante, wat vanaf 1 Maart 2011 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:

R125 670 x 8 130 – 133 800 x 9 678 – 191 868 x 13 308 – 205 176

5.2 Die Sinode neem goedkeurend kennis dat die traktementskaal van predikante, wat vanaf 1 Maart 2012 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:

R134 466 x 8 700 – 143 166 x 10 356 – 205 302 x 14 244 – 219 546

5.3 Die Sinode neem goedkeurend kennis dat die traktementskaal van predikante, wat vanaf 1 Maart 2013 van toepassing is, volgens aanbeveling van die GKK soos volg vasgestel is:

R143 208 x 9 264 – 152 472 x 11 028 – 218 640 x 15 180 – 233 820

6. SALARISSKALE VAN PERSONEEL EN DOSENTE – Kennis geneem.

AANBEVELING GEWYSIGD GOEDGEKEUR:

6.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis dat die salarisskaal van personeel en dosente met die volgende persentasies aangepas word:

Vanaf 1 Maart 2011 – 8%

Vanaf 1 Maart 2012 – 7%

Vanaf 1 Maart 2013 – 6,5%

7. REISKOSTETARIEF – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GEWYSIG GOEDGEKEUR:

7.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis dat die tarief vir reiskoste, volgens die aanbeveling van die GKK, vanaf 1 Mei 2011 verhoog is vanaf R3,00 per km tot R3,50 per km.

7.2 Die Sinode neem goedkeurend kennis dat die minimum bedrag ten opsigte van reiskoste vir gemeentelike werk vanaf 1 Mei 2011 verhoog is van R2 500,00 per maand tot R3 000,00 per maand.

7.3 Die Sinode neem goedkeurend kennis dat die tarief vir reiskoste, volgens die aanbeveling van die GKK, vanaf 1 Januarie 2013 verhoog is vanaf R3,50 per km. tot R3,75 per km.

7.4 Die Sinode neem goedkeurend kennis dat die minimum bedrag ten opsigte van reiskoste vir gemeentelike werk vanaf 1 Januarie 2013 verhoog is van R3 000,00 per maand tot R3 500,00 per maand.

8. EMERITI SE NOOD

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.1 Die Sinode neem kennis dat die GKK skrywes aan elke Kerkraad gestuur het om hulle in te lig dat daar leraars is wat geëmeriteer het en finansieel baie swaar kry en om die kerkrade te versoek om, waar moontlik, hulp aan te bied.

8.2 Die Sinode neem met dank kennis van kerkrade wat emeriti finansieel ondersteun en versoek die res van die kerkrade om hulle voorbeeld te volg.

8.3 Die Sinode versoek diakonieë om die nood van emeriti in hulle gemeentes onder die aandag van die SKK te bring vir moontlike hulp.

9. APK TRUSTFONDSBYDRAES

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

9.1 Die Sinode versoek kerkrade om hulle bydraes tot die APK Trustfonds met R5,00 per maand te verhoog:

Getal lidmate	R/maand
Tot 20	15,00
21 – 50	20,00
51 – 100	30,00
101 – 150	40,00
151 – 200	50,00
201 – 250	60,00
251 – 300	70,00
301 – 400	80,00
401 – 500	90,00
501 en meer	100,00

10. TRUSTFONDSTOELAEVERHOOGING

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

10.1 Die Sinode neem kennis dat die Trustfondstoelaes met 5% verhoog is op 1 Maart 2011, 1 Maart 2012 en 1 Maart 2013.

11. GEMEENTES EN LERAARS WAT NIE VERPLIGTINGE TEENOR DIE KERKVERBAND NAKOM NIE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR (met skrapping van “Bylae GKK1” by punt 11.3):

11.1 Die Sinode bring dit onder gemeentes se aandag dat gemeentes en leraars wat nie hulle verpligtinge en reëlins in dié verband teenoor die kerkverband nakom nie, hulle aanspraak op dienste en hulp vanaf die Sentrale Kerkkantoor in die gedrang kan bring.

11.2 Die Sinode besluit dat gemeentes en leraars wat nie hulle verpligtinge of reëlins in dié verband teenoor die kerkverband nakom nie, nie aankope vanaf die Boekwinkel, met inbegrip van *Die Boodskapper*, op

rekening kan doen nie en ook nie Sinodale publikasies teen die gesubsidieerde prys mag aankoop nie, maar die volle prys moet betaal en ook net indien kontant daarvoor betaal word.

11.3 Die Sinode besluit dat afgevaardigde leraars wat nie hulle verpligtinge of reëlins in dié verband teenoor die kerkverband nakom nie, voortaan nie stemreg sal hê nie.

Motivering – Kennis geneem.

12. HUURGELDE UITSTAANDE TEN OPSIGTE VAN DIE JEUGTUISTE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

12.1 Die Sinode neem kennis dat die uitstaande rekeninge, waarvoor geen reëlins getref is nie, vir invordering aan 'n prokureur oorhandig is.

12.2 Die Sinode keur goed dat 'n renteklousule in die huurooreenkoms van die Jeugtuiste ingevoeg word.

13. MOONTLIKE SKEIDING VAN AP AKADEMIE EN GKK (Bylae GKK2) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

13.1 Die Sinode besluit om 'n fasiliteerder van Cofesa te kry om samesprekings met personeel te voer oor die implikasies van die ooreenkoms.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

13.2 Die Sinode besluit om die ooreenkoms (Bylae GKK2) goed te keur.

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit om die ooreenkoms (Bylae GKK2) goed te keur en magtig die GKK om oor wysigings te besluit in die tydperke tussen Sinodes.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

13.3 Die Sinode dra dit aan die GKK op om jaarliks oor die waarborgstelling aan die Departement van Onderwys ten bate van die APA te besin.

13.4 Die Sinode dra dit op aan die GKK om 'n huurooreenkoms met die APA op te stel ten opsigte van die onroerende eiendom.

14. MEDIESE FONDS

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

14.1 Die Sinode besluit dat personeel en leraars nie die Executive Plan van Discovery Health mag kies nie, tensy

hulle self vir die verskil in premie tussen dié plan en die omvattende plan, betaal.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

14.2 Die Sinode besluit dat 'n vrou, wat 'n werknemer van die GKK is, nie haar man as afhanklike op haar mediese fonds mag plaas indien hy werk en 'n inkomste verdien nie, tensy sy self ten volle vir verdere afhanklikes betaal.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

14.3 Die Sinode bring dit onder die aandag van lede van die mediese fonds dat daar mediese versekering beskikbaar is vir gevalle waar die mediese fonds nie voldoende is nie, of bybetalings vereis word.

15. HERSTRUKTURERING VAN POSTE

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

15.1 Die Sinode neem kennis dat herstrukturering van bestaande poste plaasvind sonder dat die begroting oorskry word.

16. RAAD VAN TRUSTEES/WAAKSAAMHEIDSKOMITEE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

16.1 Die Sinode neem kennis dat mnr. GJ Jansen van Rensburg die GKK verteenwoordig op die iRetire Pension Fund (Sambreelfonds).

16.2 Die Sinode keur dit goed dat die huidige Trusteas van die AP Kerk Pensioenfonds as Trusteas aanbly totdat die Artikel 14 oordragte afgehandel is.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

16.3 Die Sinode neem kennis dat 'n lid van die Pensioenfonds met aftrede nie die tweederdes of meer van sy/haar pensioenkapitaal by meer as een geregi-streerde versekeraar mag belê nie.

Motivering – Kennis geneem.

17. GEODITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE (Bylae GKK3) – Kennis geneem.

17.1 Geouditeerde finansiële jaarstate 2012 (Bylae GKK3.1) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

17.1.1 Die Sinode keur die geouditeerde finansiële jaarstate van die GKK goed vir 2012.

17.1.2 Die Sinode neem kennis van die ouditverslae vir die jare 2010, 2011 en 2012. (Bylae GKK3.1)

17.2 Finansiële verslag 2010 tot 2012 (Bylae GKK3.2)
– Kennis geneem.

17.2.1 Meting van die werklike bedrae teen die begroting vir die jare geëindig 31 Desember 2010, 31 Desember 2011 en 31 Desember 2012 (Bylae GKK3.2) – Kennis geneem.

17.2.2 Kommissiewerk vir die jare 2010, 2011 en 2012 (Bylae GKK3.3) – Kennis geneem.

Die Voorsitter gee aan die rekenmeester, mnr. GJ Jansen van Rensburg 'n spreekbeurt om te verduidelik waarom die finansiële verslae van 2011 en 2012 gekwalifiseerd is.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

17.2.3 Die Sinode neem kennis van die finansiële verslag vir 2010 tot 2012.

18. BESKRYWINGSPUNTE

18.1 Ring van Mooinooi: Depositofonds vir leraars
– Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

18.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is ontvanklik.

18.1.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

Motivering – Kennis geneem.

18.2 Ring van Ermelo: Opleiding van amptenare – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

18.2.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is ontvanklik.

18.2.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

Motivering – Kennis geneem.

19. BESWAARSKRIFTE

19.1 Ring van Mooinooi: 15%-bydrae aan die GKK
– Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

19.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is ontvanklik.

19.1.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie goedgekeur nie.

Motivering – Kennis geneem.

19.2 AP Kerk Kleinfontein: hulp mediese fonds – emeriti:
[vgl. sinodebesluite punt 7 tot 8 [KO]: – Kennis geneem:

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

19.2.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is ontvanklik.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

19.2.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie goedgekeur nie, maar word terugverwys na die GKK vir ondersoek.

Motivering: – Kennis geneem

1. Kerkrade moet versoek word om indien daar emeriti binne hulle grense woonagtig is, ondersoek in te stel en 'n volledige verslag oor die emeriti se versorging aan die GKK te stuur.

2. Die verwagting van die Kerkkantoor en kerkverband is dat die emeriti self die nood onder die aandag van die GKK of kerkverband moet bring. Dit strook nie met die vereiste dat die kerkverband self verantwoordelik is om na die emeriti om te sien.

3. Daar moet spesifiek aandag gegee word aan die emeriti wat met die stigting van die kerk alles opgeoffer het om na die AP Kerk oor te gaan, veral hulle wat teenwoordig was by die eerste Sinodesitting. Daar is toe gesê dat hulle niks sal verloor nie!

4. Die aanbeveling van die GKK wat die hulp tot 60% verhoog sal nie alle gevalle aanspreek nie, veral nie die wat groot offers gebring het wat hulle in 'n verswakte posisie gelaat het ten opsigte van die aftrede met 'n lae pensioen nie.

5. Daar is gevalle waar emeriti beangs word by die gedagte dat as hulle nie meer in 'n gemeente kan werk om hulle inkomste aan te vul nie, hulle en hulle eggenotes nie menswaardig sal kan oorleef nie. Die totale maandelikse inkomste pensioen, plus trustfondse sal minder as R7 000,00 wees. As hulle dan die helfte (50%) van die mediese fonds self moet betaal, sal dit hulle laat met R4 000,00 vir maandelikse oorlewing. Daar is geen besluit van sinodale kant om hierdie bekommernis weg te neem nie, indien hy of sy eggenote ernstige mediese ingryping benodig. Selfs om

maandeliks te oorleef sal hulle van een of ander hulp afhanklik wees.

6. Woorde soos “fondse beskikbaar” beteken dat daar geen sekerheid van hulp vir die besondere nood is nie.

7. Daardie emeriti het groot offers gebring op die kritieke tyd van die stigting van die kerk en die daarstelling van gemeentes en beskikbaarheid van leraars. As hulle nie daar was nie, kon daar miskien nie van ’n AP Kerk sprake gewees het nie.

8. Daar moet ook nie net gedink word aan mediese hulp nie. Die verwagting destyds was dat daar goeie hulp sou wees teen die tyd van aftrede vir diegene wat hoë offers gebring het. Baie van hulle is vandag in ’n verswakte posisie. Daarby het alles vandag so duur en onbekostigbaar geword sodat die emeritus nie kan ophou met werk nie, uit vrees dat hy en sy gade verarmde en hulpbehoewende emeriti sal word.

9. Bladsy 62 pt. 8.1-8.3 verplaas die versoek wat deur die beswaarskrif aangespreek word, na diakonieë. Gaan dit die versoek van die beswaarskrif behoorlik beantwoord? Daar is emeriti wat in kleiner gemeentes met lae inkomste diens doen waar nóg die Kerkraad nóg die Diakonie enige hulp kan verleen!

10. Bladsy 56 pt. 4.10.2 verwys: Vir welke tekorte sal die GKK instaan en hoe gaan so ’n tekort geïdentifiseer word?

11. Bogenoemde bevestig dat die beswaarskrif se versoek nie behoorlik aangespreek word nie en moet die kommissie verduidelik waarom die beswaarskrif nie goedgekeur moet word nie.

(WA Burger; JP Bezuidenhout)

Motivering – Kennis geneem.

19.3 Ring van Bloemfontein: 15% gemeentelike bydraes tot sinodale fondse – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

19.3.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is nie ontvanklik nie.

19.3.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie goedgekeur nie.

Motivering – Kennis Geneem.

20. Begroting vir 2014 (Bylae GKK4)

20.1 Ontvangstes – Kennis geneem.

20.2 Uitgawes – Kennis geneem.

20.3 Totale uitgawebegroting vir 2014 – Kennis geneem.

20.4 GKK: Begroting 2014 (Bylae GKK4.1) – Kennis geneem.

20.5 Publikasiekommissie: Begroting 2014 (Bylae GKK4.2) – Kennis geneem.

20.5.1 Die Boodskapper: Begroting 2014 (Bylae GKK4.3) – Kennis geneem.

20.6 SKK: Begroting 2014 (Bylae GKK4.4) – Kennis geneem.

20.7 Sinodale Kommissies: Reiskoste begroting vir 2014 (Bylae GKK4.5) – Kennis geneem.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR (numerering in SAKELYS 2013, 20.3):

20.8 Die Sinode keur die uitgawebegroting vir ’n totale bedrag van R14 093 383 goed.

21. BEDANKING – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die GKK afgehandel. Die Ondervoorsitter bedank vir Prof. JAE Adendorff vir die verslag gelewer.

81. WISSELING VAN DIE VOORSITTER

Die Voorsitter neem weer die voorsitterstoel in.

82. VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDS-ONDERRIG (KJV) [SAKELYS 2013, bl. 107]

Ds. CR Vermaak (Lydenburg) lewer die verslag van die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

3. SINODALE OPDRAGTE

3.1 JEUGKAMPE (HANDELINGE 2010, bl. 269, 270, pt. 4.3) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars en gemeentes wat verbondsjeug tydens kampe toerus en bedien.

3.1.2 Die Sinode neem kennis dat die KJV nie verantwoordelikheid neem vir die reël van kampe nie, aangesien die Sinodebesluit van 1991 (HANDELINGE 1991,

bl. 358, pt. 4.1) en die lasgewing van die KJV slegs opdrag gee dat advies in verband met kampe aan gemeentes, ringe of ringsgroepe gegee moet word, indien daarom gevra is.

3.1.3 Die Sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan om self kampe te reël en indien moontlik, ook omliggende gemeentes te betrek.

3.1.4 Die Sinode versoek ringe om sulke kampe in ringsverband te koördineer en te bevorder.

3.1.5 Die Sinode bring dit onder plaaslike gemeentes se aandag dat die volgende kampe, wat deur gemeentes en ringe aangebied is, baie suksesvol was: VBO-kampe, afrondingskampe vir VBO belydenisklasse en gemeente-kampe.

1.1 BRIEF AAN UNIVERSITEITE (HANDELINGE 2010, bl. 270, pt. 120) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.2.1 Die Sinode neem kennis dat die KJV, sover moontlik, aan al die betrokke universiteite hierdie skrywe gerig het.

3.3 JEUGWEBWERF (HANDELINGE 2010, bl. 270, pt. 4.5) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.3.1 Die Sinode neem kennis dat die KJV 'n blad op die sosiale netwerk *Facebook* geskep het. Die blad staan bekend as *AP Kerkjeug – alles vir Christus*. Die doel hiervan is om die jeug van die AP Kerk aan te moedig om gesprek te voer oor sake wat hulle raak en waaroor hulle wonder.

3.3.2 Die Sinode neem kennis dat die lede van die KJV as administrateurs die blad monitor.

3.4 BYBELKENNISEKSAMEN VIR VOLWASSENES (HANDELINGE 2010, bl. 270, pt. 5.1.1) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.4.1 Die Sinode neem kennis dat daar vanaf 2011 jaarliks 'n vraestel vir die belydende lidmate opgestel is.

3.4.2 Die Sinode neem kennis dat belydende lidmate positief hieroor is en van hierdie geleentheid gebruik maak om hul kennis oor die Woord te verbeter.

4. WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE

4.1 (*Numerering in SAKELYS 2013, is 4.2*) VERBONDS-ONDERRIG-KURSUSSE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die KJV en ander leraars wat die kursusse aanbied en moedig kerkrade aan om van die geleentheid gebruik te maak om hulle verbondsonderrigvoorgangers te skool.

4.1.2 Die Sinode neem kennis dat die KJV tans besig is om 'n kursus vir die skoling van verbondsonderrigvoorgangers saam te stel wat op DVD opgeneem sal word sodat gemeentes dit in die toekoms kan bestel en gebruik vir opleiding.

4.2 (*Numerering in SAKELYS 2013, is 4.3*) BYBELKENNISEKSAMEN – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GEWYSIG GOEDGEKEUR:

4.2.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van die Sentrale Kerkkantoor wat baie moeite doen om die versendings en navrae te hanteer.

4.2.2 Die Sinode keur goed dat die Bybelkenniseksamen voortaan in Mei afgelê word.

4.2.3 Die Sinode gee opdrag dat die bestek voortaan in die voorafgaande jaar se November-uitgawe van *Die Boodskapper* gepubliseer word en dat dit ook op die amptelike webwerf van die AP Kerk sal verskyn.

4.2.4 Die Sinode gee opdrag dat die vraestelle teen 1 April van die betrokke jaar op die amptelike webwerf van die AP Kerk beskikbaar sal wees.

4.2.5 Die Sinode versoek gemeentes om die antwoordstelle voor die einde van Julie aan die Sentrale Kerkkantoor te stuur.

4.2.6 Die Sinode neem kennis dat al die gemeentes wie se antwoordstelle ontvang is voor die einde van Julie, se name op die amptelike webwerf van die AP Kerk gelys sal word.

4.2.7 Die Sinode neem kennis dat dit die gemeente se verantwoordelikheid bly om te sorg dat die antwoordstelle die KJV betyds bereik.

4.2.8 Die Sinode gee opdrag dat die uitslae teen einde Oktober beskikbaar moet wees.

4.2.9 Die Sinode neem kennis dat gemeentes wie se antwoordstelle nie teen hierdie spertyd (Julie) ontvang is nie, se uitslae en sertifikate moontlik nie teen November beskikbaar sal wees nie.

4.2.10 Die Sinode neem kennis dat die bestek jaarliks opgestel sal word vanuit die volgende Bybelboeke en dat dit in Die Boodskapper bekend gestel sal word:

Gr. 4

OT: Génesis en Exodus

NT: Mattheüs en Markus

Gr. 5

OT: Númeri en Deuteronómium, Esra

NT: Lukas en Johannes

Gr. 6

OT: Josua tot Rut

NT: Handelinge, Filippense en Filémon

Gr. 7

OT: 1 Samuel tot 2 Kronieke

NT: Kolossense, 1 en 2 Thessalonisense, Judas

Gr. 8

OT: Levitikus, Nehemía, Ester

NT: Titus, Jakobus, 1 en 2 Petrus

Gr. 9

OT: Jesaja, Jeremia, Eségiël, Klaagliedere, Daniël

NT: 1, 2 en 3 Johannes asook 1 en 2 Timótheüs

Gr. 10

OT: Hoséa tot Jona, Job en Spreuke

NT: Galásiërs, Efésiërs en Hebreërs

Gr. 11

OT: Miga tot Maleági, Psalms, Prediker en Hooglied

NT: Romeine, 1 en 2 Korinthiërs en Openbaring

Belydende lidmate

Vanuit enige Bybelboek

5. SLOT – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die KJV afgehandel. Die Voorsitter bedank ds. CR Vermaak vir die verslag gelewer.

83. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) [SAKELYS 2013, bl. 111]

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

3. SAKE IN OPDRAG VAN SINODE 2010 – Kennis geneem.

SAKE NA DIE KKS VERWYS (HANDELINGE 2010, bl. 264, pt. 5.5 en bl. 265, pt. 5.7) – Kennis geneem.

3.1 ARTIKEL 22 – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.1.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

Nuwe Redaksie:

Die opdrag van die diaken is

- Die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens nodig het.
- Die insameling en besteding van die middele wat vir die diakonale werk nodig is.
- Die doen van gereelde en behoorlike huisbesoek in die gemeente, in besonder met die oog op die uitvoering van bovermelde opdragte.
- Die diakonale dienste wat vereis word tydens die erediens en die nagmaal.

Motivering – kennis geneem.

Die verslag van die KKS word onderbreek.

84. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

85. BOEKBEKENDSTELLING

Dr. CA Swanepoel, Redakteur van die *Die Boodskapper*, kry geleentheid om enkele publikasies van *Lig in Duisternis Uitgewers* aan die Sinode bekend te stel, waarna die vergadering verdaag vir teetyd.

TWEEDE SITTINGS DAG – DINSDAG 3 SEPTEMBER 2013
TWEEDE SESSIE: 10:00 – MIDDAGETE

86. SAMESANG

Oudl. TR Schoonraad (Standerton) lei die voorsang en teologiese student HJ Dafel neem die orrelbegeleiding waar.

87. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

88. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) (Vervolg) [SAKELYS 2013, bl. 112]

3.2 ARTIKEL 31

Huidige redaksie – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.2.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

Nuwe Redaksie

Die besluit van 'n vergadering is bindend, maar wanneer 'n lidmaat of kerkvergadering hom veronreg voel of meen dat 'n besluit in stryd is met die Skrif en/of Belydenisskrifte en/of die Kerkorde en/of 'n besluit van 'n kerkvergadering, kan hy appelleer na 'n *appèlvergadering* of 'n beswaarskrif indien by die betrokke vergadering wat die besluit geneem het, ter motivering vir die verandering van die besluit.

[Die volgende broeders teken hulle teenstem aan: Proff. R Marè, FAH van Staden, oudle. BHA van den Berg, CT Botha, PH Lambrechts, LA Greef, G Maritz, JB Hatting, MD Maree, di. PG Stans, WJ Theron, MA Buys, JF van der Merwe, JSP de Villiers, LA Wiid.]

Aantekening van die skribaats: Besluit 3.2.1 hierbo het eindelik nie 'n besluit van die Sinode geword nie, nadat die Sinode revisie geneem het van die besluit (Kyk punt 156 van *HANDELINGE 2013, bl. 309, Verslag TKKS, pt. 3.2*).

89. KENNIS VAN REVISIE

Prof. R Marè gee kennis van revisie t.o.v. besluit 3.2.1.

90. OREDEMOSIE GOEDGEKEUR

Nadat die Voorsitter oordeel dat die ordemosie van ds. DJ Malan (Hoopstad) ontvanklik is, keur die vergadering die volgende mosie goed:

ORDEMOSIE GOEDGEKEUR:

Al die voorgestelde wysigings ten opsigte van Artikel 31, word verwys na die TKKS, met koöptering van proff. FAH van Staden en R Marè.

Hiermee word punte 3.2-3.7 van die verslag van die Kommissie vir Kerkregtelike Sake verwys na die TKKS. (Kyk TKKS1, *HANDELINGE 2013, bl. 309*).

91. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) (Vervolg) [SAKELYS 2013, bl. 116]

3.8 BEPALING 33A – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.8.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

Nuwe Redaksie

Bepaling 33A.1: Die ouderlingeraad vergader, indien moontlik, minstens 4 keer per jaar (voor elke Nagmaal) om elke ouderling se wyksverslag aan te hoor en oor ander sake te handel wat met hulle ampswerk volgens onder meer Artikels 21, 43, 44 en 50-59 te doen het.

Bepaling 33A.2: Die Diaconie vergader, indien moontlik, minstens vier keer per jaar (voor elke Nagmaal) om elke diaken se wyksverslag aan te hoor en oor ander sake te handel wat met hulle ampswerk volgens onder meer Artikels 22, 45 en 48 te doen het.

3.9 ARTIKEL 34.2 – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.9.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

Nuwe Redaksie

34.2 'n Plaaslike kerkvergadering mag egter in bepaalde omstandighede die eie leraar, die konsulent of 'n predikant in die AP kerkverband (in hierdie volgorde van beskikbaarheid) versoek om as voorsitter op te tree.

3.10 BEPALING 34A – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.10.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:
Nuwe Redaksie

Gewone *plaaslike kerkvergaderings* word gehou na afkondiging by 'n openbare erediens op twee agtereenvolgende Sondae.

3.11 BEPALING 34B – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.11.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

Nuwe Redaksie

Buitengewone *plaaslike kerkvergaderings* word belê, met opgawe van redes, deur die voorsitter van 'n *plaaslike kerkvergadering* of wanneer minstens vyf lede van 'n *plaaslike kerkvergadering* daarom vra, met behoorlike kennisgewing aan al die lede deur die skriba of iemand anders deur die *plaaslike kerkvergadering* aangewys.

3.12 ORDEREËL 2 – Kennis geneem.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

3.12.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

'n Plaaslike kerkvergadering is 'n geslote vergadering tensy die kerkvergadering anders besluit.

3.13 ORDEREËL 16 – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.13.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

Op alle kerkvergaderings (tensy die kerkvergadering anders bepaal) moet voorstelle en amendemente skriftelik en geskondeer ingedien word en kan alleen met die verloop van die vergadering teruggetrek word, met dien verstande dat, indien 'n voorstel teruggetrek word, alle amendemente verval. 'n Nuwe voorstel kan desnoods ingedien word.

3.14 ORDEREËL 25 – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.14.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

'n Besluit van 'n plaaslike kerkvergadering kan in hersiening geneem word teen die einde van die vergadering waarop dit geneem is, indien die vergadering met 'n meerderheid van stemme na aanhoor van die motivering vir versoek tot revisie daartoe toestem. 'n Kennisgewing van hersiening kan gegee word om by die volgende vergadering voor die plaaslike kerkvergadering te dien.

3.15 ORDEREËL 27 – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.15.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe Redaksie

Kerkvergaderings benoem permanente en tydelike kommissies na goedvinde. Kommissies van die plaaslike kerkvergaderings is verantwoordelik aan die daaropvolgende betrokke meerdere vergadering en ontbind by konstituering daarvan; die enigste taak wat dan nog oorbly, is die lewering van die rapport.

3.16 ORDEREËL 28 – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GEWYSIGD GOEDGEKEUR:

3.16.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe Redaksie

Die notule van 'n *plaaslike kerkvergadering* word tydens die vergadering goedgekeur en onderteken deur die voorsitter en alle aanwesige lede, tensy die vergadering besluit om die notule anders te hanteer.

3.17 ORDEREËL 31 – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

3.17.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

Nuwe Redaksie

31.1 Die bedienaar(s) van die Woord, die ouderlinge en diakens moet mekaar, indien moontlik, minstens een keer per kwartaal, teen die einde van die *kerkvergadering(s)* onderling vriendelik en broederlik vermaan en opskerp oor die vervulling van hulle onderskeie dienste, sonder dat die besonderhede daarvan genotuleer word. Die vergadering oordeel of hy 'n voorstel tot vermaning of opskerpings goedkeur.

31.2 Aan die einde van 'n *kerkvergadering*, behoort lede/afgevaardigdes in die geleentheid gestel te word om

op 'n wyse wat volgens die oordeel van die vergadering tot die meeste stigting dien, die lug te suiwer deur mekaar onderling vriendelik en in liefde te vermaan en op te skerp, sodat almal in vrede en liefde uiteen kan gaan soos dit vir die Here behaaglik is onder diegene wat Hy geroep het om sy kerk te regeer. Hieroor word slegs genotuleer dat so 'n gesprek gevoer is en die lug gesuiwer is, sonder om enige besonderheid te vermeld.

4. EGSKEIDING EN STATUS (Bylae KKS1) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.1 Die Sinode keur die studiestuk (Bylae KKS1) goed as riglyn in tugondersoeke waar leraars in egskeidings betrokke raak.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

4.2 Die Sinode beklemtoon dat die Skrif slegs twee wettige gronde vir egskeiding ken, nl. owerspel en ongelooft.

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

Die Sinode beklemtoon dat die Skrif slegs twee wettige gronde vir egskeiding ken, nl. owerspel en wanneer 'n ongelowige nie meer met die gelowige lewensmaat verder getroud wil bly nie, as gevolg van die godsdiens en geloof van die ander huweliksmaat.

(R Maré; GJ Kruger)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.3 Die Sinode spreek sy kommer uit oor egskeiding wat sosiaal aanvaarbaar geword het.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

4.4 Die Sinode besluit dat as daar bevind word dat 'n leraar sonder Bybelse gronde skei, hy uit die amp afgesit moet word.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.5 Die Sinode besluit dat wanneer 'n predikant Bybelse gronde vir sy egskeiding aanvoer, daar in die lig van hierdie studiestuk deeglik ondersoek gedoen word of hy aan die Bybelse vereistes vir die amp voldoen. Indien dit blyk dat hy nie aan die vereistes voldoen nie, moet hy uit die amp afgesit word.

4.6 Sensuur wat gepaard gaan met afsetting word opgehef wanneer daar grondige bewys van berou is.

4.7 Die Sinode besluit dat 'n leraar wat afgesit is weens egskeiding nie noodwendig lewenslank uit die amp

afgesit is nie, maar by 'n later geleentheid weer om status kan aansoek doen.

4.8 Die Sinode besluit dat 'n leraar wat afgesit is weens egskeiding, eers ná drie jaar (al was die sensuur reeds vroeër opgehef) weer by die Kuratorium kan aansoek doen om status.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

4.9 Die Sinode besluit dat 'n persoon wat as leraar weens egskeiding afgesit is, weer by die Kuratorium aansoek om status kan doen op voorwaarde dat:

4.9.1 daar goeie getuienis ten opsigte van sy lewe en heersende huwelik vanaf sy huidige plaaslike ouderlingeraad ontvang moet word;

4.9.2 advies ingewin word by die ouderlingeraad wat die tug toegepas het.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

4.10 Die Kuratorium moet hulself deeglik daarvan vergewis of die betrokke broeder se lewe en huwelik (indien getroud) nou aan die vereistes van die Skrif voldoen voordat hy toegelaat word om weer in die bediening te staan – daarvoor is nodig dat daar ook ondersoek ingestel word na sy gesindheid en optrede teenoor sy vorige vrou en sy kinders.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.11 Die Sinode besluit dat, aangesien die ampte gelykwaardig is, ouderlinge en diakens wat skei hanteer word soos punt 4.4 en 4.5 hierbo.

5. AANBEVELINGS EN KERKORDELIKE WYSIGINGS: LASGEWING PUNT 7 – Kennis geneem.

5.1 ARTIKEL 10.3 – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.1.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

Nuwe Redaksie

Indien 'n *gelegitimeerde* nie binne ses maande 'n beroep ontvang en opvolg nie, verbeur hy sy status, met dien verstande dat heraansoek gedoen kan word.

AMENDEMENT NIE GOEDGEKEUR NIE:

Indien 'n *gelegitimeerde* nie binne ses maande 'n beroep ontvang en opvolg nie, verbeur hy sy status, met dien

(DT Longland; SL Botma)

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

17.3.2 'n Leraar wat losmaking van sy standplaas versoek, ten einde voltyds verder te studeer, moet eers by die Kuratorium toestemming verkry dat die voorgename studie wel tot voordeel van die kerkverband sal wees. Daarna kan hy met die goedkeuring van die Kuratorium vir die voorgename studie registreer en by die ring aansoek doen om losmaking met behoud van status, op aanbeveling deur die Kuratorium, maar sonder die voorreg om beroepbaar te wees of 'n ander betrekking te beklee. Dusdanige persone is nie beroepbaar alvorens die Kuratorium die betrokke beroepbaar gestel het nie.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Nuwe Redaksie

19.3 Wanneer 'n ring die besluit van 'n bedienaar van die Woord volgens Artikel 19.1 of die besluit van 'n kerkraad of gekombineerde kerkraad van 'n kombinasie volgens Artikel 19.2 ontvang het, stel die ring behoorlik, *maar spoedeisend* ondersoek in (wat insluit dat die ring hom deeglik daarvan moet vergewis dat die saak nie in

19.3.2 Indien die aanbeveling van die ring volgens Artikel 19.2 losmaking is, versoek die Ouderlingeraad 'n buitengewone kerkraadsvergadering (Bepaling 34B) waar en wanneer die Kerkraad as die werkgewer sonder meer die band losmaak; met skriftelike kennisgewing aan die leraar.

Dr. CA Swanepoel kry geleentheid om enkele boeke van *Lig in Duisternis Uitgewers* bekend te stel.

93. PERSONEELWISSELING

Nuwe afgevaardigde:

Meyerton Stephanus Johannes Raubenheimer

Vervanging:

Arnot-Hendrina Frederik Albertus Claasens
vervang Christiaan Johann Loretz vanaf 3/9

Hiermee is daar 287 afgevaardigdes vanuit 133 gemeentes teenwoordig.

94. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings

95. TAFELGEBED

Dr. TM Snyman (Johannesburg) doen die tafelgebed waarna die Sinode verdaag vir middagete.

96. SAMESANG

Ds. MG Müller (Marble Hall) lei die samesang en teologiese student HJ Dafel neem die orrelbegeleiding waar.

97. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

98. TWEDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV2)

Ds. MR Burger lewer die verslag van die TKV aan die Sinode:

1. Aansoeke

Die volgende aansoeke vir verlof is ontvang en word aan die Sinode voorgelê:

Ds. PR Bredenhann	Naboomspruit	09:00-21:00	2,3/9
Oudl. PS van der Merwe	Bothaville	14:00-21:00	3,4/9
Oudl. SA Wessels	Bothaville	14:00-einde	3,4/9
Dr. TM Snyman	Johannesburg	Onseker, soos nodig	
Ds. AM Appelgryn	Thabazimbi	14:00-16:00	3/9
Oudl. MN Jacobs	Vaalharts	13:00-21:00	4/9
Ds. P.JL Olivier	Vaalharts	13:00-21:00	4/9
Oudl. JLE Erasmus	Vryheid	14:00-21:00	4/9
Oudl. PJ Venter	Vryheid	14:00-21:00	4/9
Ds. LA Wiid	Kakamas	16:00-21:00	4/9
Ds. AL van Heerden	Nelspruit	18:00-21:00	4/9
Oudl. P Prinsloo	Waterberg	13:30-14:50	3/9
Oudl. MJ Snyman	Zeerust	10:30-20:30	4/9
Ds. RF Smit	Ermelo	14:45-20:00	3/9
Oudl. J Roodt	Ermelo	14:45-20:00	3/9
Oudl. J Coertzen	Ermelo	14:45-20:00	3/9

2. Aanbeveling

2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode keur die bogenoemde verlofaansoeke goed.

Die Voorsitter bedank ds. MR Burger vir die verslag gelewer.

99. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKKE (KKS) (Vervolg) [SAKELYS 2013, bl. 124]

Ds. JL Schütte gaan voort om die verslag van die KKS te lewer.

5.4 ARTIKEL 19.6 – Kennis geneem.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

5.4.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

Nuwe Redaksie

19.6 Indien 'n bedienaar van die Woord volgens Artikel 19 losgemaak is, geen beroep binne die eerste drie maande (na publikasie in die amptelike blad van die kerkverband) ontvang of opgevolg het nie, is hy na oorleg met die ring vir nog drie maande beroepbaar, maar sonder aanspraak op die versorging deur die Kerkraad volgens Artikel 19.5.

19.6.1 Indien hy in hierdie tweede drie maande nie 'n beroep ontvang of opvolg nie, verbeur hy sy status. 'n Bedienaar van die Woord wat sy status op hierdie wyse verbeur, kan na verloop van een jaar weer by die Kuratorium aansoek om status doen, wat die aansoek hanteer soos elke ander aansoek volgens die heersende vereistes.

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

19.6 Indien 'n bedienaar van die Woord volgens Artikel 19 losgemaak is, geen beroep binne die eerste drie maande (na publikasie in die amptelike blad van die kerkverband) ontvang of opgevolg het nie, is hy na oorleg met die ring vir nog drie maande beroepbaar, maar sonder aanspraak op die versorging deur die Kerkraad volgens Artikel 19.5.

19.6.1 Indien hy in hierdie tweede drie maande nie 'n beroep ontvang of opvolg nie, verbeur hy sy status. 'n Bedienaar van die Woord wat sy status op hierdie wyse verbeur, kan weer by die Kuratorium aansoek om status doen, wat die aansoek hanteer soos elke ander aansoek volgens die heersende vereistes. (Na verloop van een jaar word weggelaat)

Motivering: – Kennis geneem.

Die beperking wat gestel word op wanneer hy weer kan aansoek doen, kom effektief daarop neer dat hierdie bedienaar van die Woord vir een jaar in die amp gestuit word, alleen omdat hy nie 'n beroep ontvang het of opgevolg het nie. Die weglating van die een jaar bepaling laat ruimte dat hy weer (soos enige ander aansoeker) onmiddellik kan aansoek doen om beroepbaarstelling by die Kuratorium, wat dit hanteer soos enige ander aansoek. Die beroep sou dalk in die sewende maand kon kom!

Die huidige ekonomiese omstandighede maak dat gemeentes byvoorbeeld oor die algemeen eerste die jonger proponente beroep, wat teen 'n laer salariskerf aangestel kan word, en daarna, as daar nie meer van hulle oor is nie, die ouer (duurder) proponente. Dit sal seker ook geld vir die

beroeping van ouer (duurder) predikante wat dalk toenemend langer sal moet wag vir 'n gemeente wat hulle kan bekostig. Hiermee word aan die predikante wat erns maak met hulle roeping en beroepbaarheid, die geleentheid gebied om dadelik weer aansoek te doen.

(MR Burger; PW Prinsloo)

5.5 ARTIKEL 19.7 – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.5.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

Nuwe Redaksie

Die vergadering wat die band losmaak moet onmiddellik kennis gee aan die kerke in kerkverband deur publikasie in *Die Boodskapper* dat die betrokke leraar beroepbaar is. Die ring moet sorg dra dat die Kerkraad of die gekombineerde Kerkraad aan die predikant 'n dokument gee dat hy volgens Artikel 19.3 of 19.4 (waar van toepassing) losgemaak is (Bylae 6.3). Hierdie dokument sal by 'n volgende gemeente in die plek van die akte van demissie dien (kyk ook Bepaling 4H in verband met lidmaatskap).

5.6 BEPALING 25A – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.6.1 Die Sinode besluit om hierdie bepaling in sy geheel te skrap en 'n byvoeging by Bepaling 32B te maak.

Motivering – Kennis geneem.

5.7 BEPALING 32B

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.7.1 Die Sinode besluit om 'n nuwe Bepaling 32B4 wat soos volg lui in die Kerkorde by te voeg:

Die Kerkraad moet minstens 3 persone aanwys (wat nie verbonde persone met betrekking tot mekaar is nie) om die fidusiêre verantwoordelikheid van die kerk te aanvaar. Geen enkel persoon mag, direk of indirek, beheer oor die besluitnemingsmag van die kerk uitoefen nie.

Motivering – Kennis geneem.

5.8 BEPALING 53A – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

5.8.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

Nuwe Redaksie

'n Belydende lidmaat wat nie onder sensuur (tug) is nie, 'n ampsdraer(s), ouderlingeraad, kerkraad, ring, ringskommissie in opdrag van die ring of die Kuratorium mag net by die Ouderlingeraad van die gemeente waar die aangeklaagde 'n lidmaat is, skriftelik 'n gemotiveerde klag of klagtes teen 'n belydende lidmaat/-mate of ampsdraer(s) individueel inlewer in verband met dwaling in leer en/of lewe. *Die klaer moet verseker dat die aangeklaagde 'n skriftelike afskrif van die klag ontvang.*

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

Die klaer moet 'n afskrif van die skriftelike klag op so 'n wyse aan die aangeklaagde besorg dat die vergadering wat die klag hanteer, bo redelike twyfel kan vasstel dat die aangeklaagde die klag ontvang het.

Motivering: – Kennis geneem.

Voor die besluit van 2010 is die probleem ervaar dat alhoewel 'n aangeklaagde in die Ouderlingeraad erken het dat 1) 'n afskrif van die klagskrif wel ontvang is en 2) dat daar genoegsame tyd was om 'n verweer voor te berei, die betrokke ring op advies van 'n amptelike adviseur die aanklag verwerp het net op grond daarvan dat die aangeklaagde nie die aanklag persoonlik van die aanklaers ontvang het nie.

Toe was die Ouderlingeraad se hande afgekap omdat hy hom nie tot 'n sinode kon wend om die onreg reg te stel nie, aangesien Art. 58.2.2 bepaal het dat die klaer nie in die geval waar die klag oor die lewe van die aangeklaagde handel, reg tot appél gehad het nie. Hierdie probleem in die Kerkorde is gelukkig deur die Sinode van 2010 reggestel (kyk huidige formulering van Art. 58.2.2).

Dit was die rede dat die Sinode van 2010 versoek was om te besluit dat die aanklag persoonlik deur die klaer aan die aangeklaagde oorhandig moet word. Sodoende sou voorkom word dat onreg nie weer seëvier as gevolg van verkeerde interpretasie van die Kerkorde nie.

Daar word volkome met die KKS saamgestem dat Bep. 53A nog altyd die doel in die oog het dat daar geen twyfel daaroor mag bestaan of die aangeklaagde die aanklag ontvang het nie. In die konkrete geval op grond waarvan die Sinode 2010 versoek was om die artikel te wysig, het dit absoluut vasgestaan dat die aangeklaagde die klag wel ontvang het – die aangeklaagde het dit in die Ouderlingeraad wat die saak ondersoek het by herhaling bevestig, maar die Ring wou dit op grond van verkeerde advies nie aanvaar nie.

Die voorstel wat die KKS nou maak, laat weer die ruimte daarvoor dat geredeneer kan word dat die klaer se

versekering daarin moet bestaan dat hy sy klag persoonlik afgelewer het.

Soos die amendement geformuleer is, is daar selfs nie ruimte vir moedswillige verkeerde “interpretasie” nie.

(R. Marè; P. Janse van Rensburg)

5.9 ARTIKEL 56 – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.9.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

56.3.2 Indien substansie met die ondersoek bevind word, word die ringskommissie in kennis gestel om 'n onmiddellike datum vir 'n gesamentlike ondersoek saam deur die Ouderlingeraad, ring en 'n naburige ring te reël.

56.3.3 Nadat die gesamentlike ondersoek afgehandel is, maak die *gesamentlike vergadering* 'n bevinding in die afwesigheid van die Ouderlingeraad, hul afgevaardigdes, die klaer(s) en die aangeklaagde. Indien die *gesamentlike vergadering* soos die Ouderlingeraad substansie bevind, word hul gemotiveerde bevinding met 'n aanbeveling ingevolge Artikels 57.4.1, 57.4.2.1, 57.4.2.2 of 57.4.3 aan die Ouderlingeraad besorg.

56.3.4 Indien die aanbeveling van die *gesamentlike vergadering* volgens Artikels 57.4.1 of 57.4.2.1 is, pas die Ouderlingeraad die aanbevole tugmaatreël toe met skriftelike kennisgewing aan die aangeklaagde.

56.3.5 Indien die aanbeveling van die *gesamentlike vergadering* volgens Artikels 57.4.2.2 of 57.4.3 is, versoek die Ouderlingeraad 'n buitengewone kerkraads-vergadering (Bepaling 34B) waar en wanneer die Kerkraad as die werkgewer sonder meer uitvoering gee aan die bevinding met skriftelike kennisgewing aan die aangeklaagde.

BEPALING 56A

Die gesamentlike ondersoek (Artikel 56.3.2) word deur die Ouderlingeraad en die *ringe* gedoen en moet staande die vergadering sy notule goedkeur.

EN

Artikel 56.4 word verskuif na Artikel 58.3.

5.10 ARTIKEL 57.4.2.1 – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.10.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

Nuwe Redaksie

skorsing deur die Ouderlingeraad wat geskied vir 'n vasgestelde tydperk met behoud van traktament, *behuisings-, mediese- en pensioenvoordele*, maar met verlies van ander toelaes en met opskorting van die voorreg om beroep te word; of

5.11 ARTIKEL 57.4 – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.11.1 Die Sinode besluit om bo-aan Artikel 57.4 die volgende by te voeg: Voordat enige van die tugmaatreëls toegepas word, moet die vergadering homself eers daarvan vergewis dat die oortreding nie een van dié in Artikel 59.3.5 is nie. Indien dit wel een van daardie oortredings is, is Artikel 57.4.3 die enigste tugmaatreël wat toegepas kan word.

5.11.2 Die Sinode skrap Artikel 57.4.2.2

5.12 ARTIKEL 58.3 – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING

5.12.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik:

Nuwe Redaksie

58.3 'n Appèl moet binne 21 dae nadat die betrokke besluit, waarteen geappelleer word, per notule goed-gekeur is, skriftelik by 'n meerdere vergadering aangeteken word, met kennisgewing aan die vergadering wat die besluit geneem het wat 'n verweerskrif moet voorberei.

5.13 ARTIKEL 66 – Kennis geneem.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE EN WORD VERWYS NA DIE TKKS VIR 'N BETER FORMULERINGS: (Vgl. TKKS1, *HANDELINGE* 2013, punt. 3.3.4, bl. 310)

5.13.1 Die Sinode keur die wysiging goed

5.14 ORDEREËL 27 – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.14.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik die uitbreiding van Ordereël 27:

27.2 Indien 'n lid van 'n kommissie buite sy bevoegdhede optree en/of hom skuldig maak aan wangedrag en/of so

optree dat die kommissie se geloofwaardigheid onder verdenking kom, kan die kommissie besluit om sodanige lid van sy pligte te onthef. In so 'n geval word die sekonduslid opgeroep om tot en met die volgende vergadering van die kerkvergadering op die kommissie te dien.

27.3 Wanneer 'n leraar emeriteer kan hy nie meer op 'n sinodale kommissie dien nie en word die sekonduslid opgeroep.

5.15 AFDELING IV – LASGEWING VAN PERMANENTE KOMMISSIES

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

5.15.1 Die Sinode keur die wysiging goed, naamlik 'n nuwe punt 2 by die *Algemene Bepalings*:

2. Samestelling

Sinodale kommissies

2.1 word saamgestel uit afgevaardigdes na die sinode;

2.2 word, wat die leraars betref, saamgestel uit nie-geëmeriteerde leraars van die AP kerke; en

2.3 Ouderlinge, wie se ampstermyn in gemeentes verstryk, dien tot en met die volgende sinode.

2.4 Verskuif 1.3 na 2.4

5.16 SINODEBESLUIE – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.16.1 Die Sinode besluit om *Die prosedure by die beroeping, bevestiging en losmaking van emeriti* (Bylae 2, bl. 171 van die verslag van die KKS aan die Sinode van 2010) agter in die Kerkorde op te neem en 'n verwysing daarna by Artikel 11 aan te bring.

6. BESKRYWINGSPUNTE

6.1 RING VAN BRANDFORT – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.1.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

6.1.3 Die Sinode besluit dat Bepaling 4B soos volg gewysig word, naamlik:

Nuwe Redaksie

'n Attestaat, wat drie maande lank geldig bly, word aan 'n belydende lidmaat of dooplidmaat by vertrek uit die gemeente uitgereik vir indiening by sy nuwe gemeente, of dit kan desnoods direk aan die nuwe gemeente gestuur word. Ná drie maande na vertrek uit 'n gemeente, word geen attestaat meer uitgereik nie, maar 'n bewys (verklaring) van lidmaatskap.

6.2 RING VAN DERBY – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.2.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.2.2 Die Sinode besluit om die uitbreiding van die attestaat in beginsel goed te keur.

(Die volgende broeders versoek dat hulle teenstemme aangeteken word: Di. DFM Cronjé, SA Roets, MJ van Schalkwyk, JB Trollip, HSW Strauss, LA Wiid, oudl. MD Maree.)

6.2.3 Die Sinode besluit om die formaat van die attestaat na die volgende KKS te verwys, met inagneming van die bespreking tydens die Sinode, vir voorlegging by die volgende Sinode.

Motivering – Kennis geneem.

6.3 RING VAN BRANDFORT – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.3.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.3.2 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt nie goedgekeur word nie.

6.3.3 Die Sinode besluit dat 'n nuwe Ordereël 31 bygevoeg word:

Besluite word van krag sodra die notule van daardie vergadering goedgekeur is, tensy 'n vergadering anders besluit.

Motivering – Kennis geneem.

6.4 RING VAN MOOINOOI – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.4.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

6.4.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

Motivering – Kennis geneem.

6.5 RING VAN MIDDELBURG – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.5.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.5.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

6.5.3 Die Sinode besluit om die volgende artikel by Artikel 57.2 te voeg:

“57.2.3 waar aflegging van geloofsbelydenis teruggehou is en die volwasse dooplidmaat in die sonde volhard, mag hy deur die Ouderlingeraad, na raadpleging van die ring, uit die kerk uitgesluit word deur die gebruik van die betrokke verklaring.

6.5.4. dat die volgende verklaring in die AP kerke gebruik word wanneer volwasse dooplidmate van die gemeente losgemaak word:

1. Bekendmaking van die naam van 'n dooplidmaat wat in sonde volhard

Die Ouderlingeraad maak met droefheid bekend dat NN, wat as lid van Christus se gemeente gedoop is, ondanks voortdurende ernstige vermanings volhard het in die sonde van Indien hy/sy nie binne maande duidelike bewyse van berou en bekering uit die sonde toon nie, sal die Ouderlingeraad voortgaan om hom/haar buite die gemeenskap van die gemeente te stel. Die gemeente word opgeroep om NN ernstig en in liefde te vermaan en om vir hom/haar te bid sodat daar inkeer en bekering kan kom.

2. Verklaring van uitsluiting van dooplidmate

Die Ouderlingeraad het NN se naam maande gelede afgekondig en die gemeente versoek om hom/haar ernstig te vermaan en om vir bekering te bid. Dit is met groot droefheid dat die Ouderlingeraad bekend maak dat NN deur sy/haar volgehoue weiering om te buig voor dié God wat hom/haar in sy Verbond beseël het deur die doop, die gemeenskap met Christus en sy kerk verbreek het.

Hierdie optrede noodsaak die Ouderlingeraad om NN uit die gemeente van God te sluit en verklaar daarmee op grond van Mt. 16:19 en 18:18 dat hy/sy geen deel meer het aan die Ryk van Christus nie, tensy daar ernstige berou en bekering plaasvind.

Die gemeente word opgeroep om aan te hou om vir hom/haar te bid en in liefde te vermaan, want wie weet of

dit God nie sal behaag nie om hom/haar weer terug te bring op die pad van die Verbond. Laat ons ernstig waak en bid om self nie ook in sonde en hardnekkige ongeloof te val en die Verbond van God te verlaat nie.

Motivering – Kennis geneem.

6.6 RING VAN MOOT-SENTRAAL – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

6.6.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

6.6.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

Aantekening van die Skribaats: Die beskrywingspunt van Moot-Sentraal word dus gehandhaaf, naamlik:

Die Sinode dra dit aan die KKS op om saam met die Sake-indeks ook 'n begripsverklaring van woorde in die Kerkorde te plaas.

Motivering – Kennis geneem.

6.7 RING VAN MOOT-SENTRAAL – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.7.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.7.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

Aantekening van die Skribaats: Hiermee is die aanbevelings oor dieselfde beskrywingspunt by die verslag van die KKCE ook goedgekeur, naamlik punte 5.3.1-5.3.3, SAKELYS 2013, bl. 197. Notulering vind volgens die orde van die Sakelys by die verslag van die KKCE plaas).

Motivering – Kennis geneem.

7. BESWAARSKRIFTE.

7.1 RING VAN BRANDFORT – Kennis geneem

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

7.1.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

7.1.3 Die Sinode besluit om Artikel 5 soos volg te wysig:

Nuwe Redaksie

Artikel 5

Aangesien lidmaatskap net aan 'n plaaslike kerk (gemeente) verbind is, word lidmaatskap deur die Ouderlingeraad beëindig, met verwittiging aan die Kerkraad, en bekendmaking aan die gemeente, wanneer 'n lidmaat –

5.3 en/of oorgaan na 'n ander erkende kerkverband;

Motivering – Kennis geneem.

7.2 AP KERK HOËVELD ERMELO – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.2.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

7.2.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Motivering – Kennis geneem.

100. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

101. PERSONALIA

Ds. PA Bredenhann is gister geopereer en oudl. CJ Smith kry môre 'n oogoperasie. Sterkte word hierdie broeders toegebid.

102. BOEKBEKENDSTELLING

Dr. CA Swanepoel kry geleentheid om enkele boeke van *Lig in Duisternis Uitgewers* bekend te stel, waarna die vergadering verdaag vir koffietyd.

103. SAMESANG

Oudl. CdW Oosthuizen (Hennenman) lei die voorsang en ds. F de Bruin (Ventersdorp) neem die orrelbegeleiding waar.

104. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

105. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) (Vervolg) [SAKELYS 2013, bl. 152]

Ds. JL Schütte gaan voort om die verslag van die KKS te lewer.

7.3 AP KERK WITBANK – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.3.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

7.3.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Motivering – Kennis geneem.

7.4 AP KERK WITBANK – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.4.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

7.4.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

7.4.3 Die Sinode besluit dat gemeentes wat deur die kerkordelike bepalings rakende trusts geraak word, met die GKK moet skakel om hulle by te staan in die proses om alles in ooreenstemming met die bepalings te bring.

7.4.4 Die Sinode besluit dat die oprigting van 'n trust vreemd is aan ons gereformeerde kerkregering. Die Sinode volstaan dus by die huidige bepalings van die Kerkorde.

Motivering – Kennis geneem.

7.5 RING VAN NEWCASTLE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.5.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

7.5.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Motivering – Kennis geneem.

7.6 RING VAN KIMBERLEY – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

7.6.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

7.6.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Verduidelikende nota:

Hierdie besluit beteken dat die beswaarskrif (*gewysig*) van die Ring van Kimberley gehandhaaf word, naamlik:

Die roeping van onse Here Jesus Christus, die Koning van ons kerk, is onontkombaar. Om waarlik kerk van die Here te wees, moet hierdie roeping daadwerklik gehoorsaam word deur alle lidmate en kerkrade. Iedere Ouderlingeraad in die kerkverband word ernstig opgeroep om afsonderlik en gesamentlik sending- en evangelisasie-aksies te inisieer terwyl die Kommissie vir Sending gelas word om:

- i) waar moontlik te help om sodanige aksies te koördineer, advies te gee; en*
- ii) toe te sien dat op elke sinode verslag gedoen word van die stand van sending in die AP kerkverband.*

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

7.6.3 Die nuutaangestelde GKK kry opdrag om te begroot vir die werksaamhede van die Kommissie vir Sending en Evangelisasie en die Kommissie vir Kommissies lê n kommissie van vyf lede aan die Sinode voor.

Motivering – Kennis geneem.

7.7 RING VAN KIMBERLEY – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.7.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is nie ontvanklik nie.

7.7.2 Die Sinode besluit om die volgende toevoeging by punt 3 in Bylae 1 van die Kerkorde aan te bring, met punt 3 wat verdeel word in 3.1 en 3.2:

“3.2 Die Sinode besluit die bedoeling van Bylae 1 punt 3.1 is om leesdienste in 'n plaaslike kerk te reël. Die bedoeling is nie om iemand wat nie meer status in die

AP kerkverband het, die geleentheid te gee om teen betaling te preek nie. Die praktyk dat voormalige leraars wat nie meer status het nie, lidmate word in gemeentes waar hulle nie woon nie, net sodat hulle as manlike lidmate daar kan preek, druis in teen die bedoeling van 3.1 hierbo.”

7.8 RING VAN ROODEPOORT – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

7.8.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is nie ontvanklik nie.

Motivering – Kennis geneem.

8. APPÈLLE – Kennis geneem.

Daar is wel 'n appèl ontvang, en word later in die vergadering behandel (kyk *HANDELINGE* 2013, bl. 307, pt. 142 en bl. 312, pt. 168). Dank word aan ds. JL Schütte en die KKS betuig.

106. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) [SAKELYS 2013, bl. 177]

Dr. TM Snyman (Johannesburg) lewer die verslag van die KKCE aan die Sinode.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

3. ADVIESE – Kennis geneem.

Die verslag van die KKCE word onderbreek om die mediaverslag aan die Sinode voor te hou.

107. TWEDE VERSLAG: MEDIAKOMMISSIE (TKM2)

Prof. J Bosman (Meyerton) lewer die Tweede mediaverslag aan die Sinode.

1. Personeel – Kennis geneem.

Prof. J Bosman, ds. A Boshoff (Sameroeper)

2. Verslag

Die Sinode keur die volgende aanbevelings goed om aan die media bekend gestel te word:

2.1 Die Sinode is die Here dankbaar vir die voorsiening van materiële middelle om al die verpligtinge in die kerkverband na te kom. Die Sinode het besluit dat die persentasie-bydrae metode gehandhaaf word as basis vir die sinodale bydraes.

2.2 Die Sinode neem kennis dat die Sentrale Kerkargief ingerig is om alle dokumente en ander items met geskiedkundige waarde te kan bewaar.

2.3 Met dank is kennis geneem van 'n aantal suksesvolle kampe vir die jeug. Gemeentes word opgeroep om voort te gaan om kampe te reël waar die jeug in die besonder bereik word. Die bediening van die jeug bly baie belangrik in die kerkverband.

2.4 Die Sinode is dankbaar dat 'n groot getal van ons kerkjeug deelneem aan die Bybelkenniseksamen. Bybelkennis is belangrik en daar word jaarliks Bybelkenniseksamen aangebied. Daar is nie net vraestelle vir die jeug beskikbaar nie, maar ook vir volwasse lidmate.

2.5 Die Sinode is bekommerd daaroor dat egskeiding sosiaal aanvaarbaar geword het.

3. Hiermee vertrou die kommissie dat hy sy werk bevredigend uitgevoer het.

108. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE

Ds. A Hough hou die notule van die eerste sittingsdag aan die Sinode voor. Die notule word met enkele wysigings goedgekeur.

109. SPREEKBEURT: AP AKADEMIE

Prof. SD Nel, Registrateur van die AP Akademie, stel enkele items van die Akademie aan die Sinode bekend.

110. BOEKBEKENDSTELLING

Dr. CA Swanepoel stel enkele boeke van die *Lig in Duisternis Uitgewers* bekend.

111. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

112. DERDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV3)

Ds. MR Burger (Waterberg) lewer die derde verslag van die TKV aan die Sinode.

1. Aansoeke

Die volgende aansoeke vir verlof is ontvang en word aan die Sinode voorgehou:

Dr. JH Ellis	Tygerberg	14:00-21:00	3/9
Oudl. JHJ du Toit	Vaalwater	18:00-21:00	3/9
Oudl. J Grové	Vaalwater	18:00-21:00	3/9
Oudl. J Grové	Vaalwater	Heeldag	4/9
Oudl. J van Rensburg	Warmbad	18:00-21:00	3/9
Oudl. JG Engelbrecht	Warmbad	18:00-21:00	3,4/9
Ds. AQ Campbell	Namakwaland	13:43-21:00	3/9

Oudl. H Kerling	Groblersdal	16:00-21:00	3/9
Oudl. H Kerling	Groblersdal	Heeldag	4/9
Oudl. GCB de Kock	Cornelia	09:00-10:00	4/9
Ds. P J van Rensburg	Dendron	15:00-18:00	4/9
Oudl. W Becker	Dendron	16:00-21:00	4/9
Oudl. DJL Hills	Alfa	08:00-21:00	4/9
Oudl. CJ Smith	Alfa	08:00-21:00	4/9
Oudl. PWN Groenewald	Oudshoorn	08:00-18:00	4/9

2. Aanbeveling

2.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode keur die bogenoemde verlofaansoeke goed.

Die Voorsitter bedank ds. MR Burger vir die verslag gelewer.

113. TAFELGEBED

Ds. MA Buys (Trans-Magalies) doen 'n tafelgebed, waarna die vergadering verdaag vir ete.

114. SAMESANG

Ds. P.J.L. Olivier (Vaalharts) lei die samesang en ds. F. de Bruin (Ventersdorp) neem die orrelbegeleiding waar.

115. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE) (Vervolg) [SAKELYS 2013, bl. 182]

Dr. T.M. Snyman (Johannesburg) gaan voort om die verslag van die KKCE namens die Kommissie te lewer.

4.1 SONDAGVIERING – Kennis geneem.

4.2 SONDAGVIERING – Kennis geneem.

AANBEVELINGS NIE GOEDGEKEUR NIE:

4.2.1 Die Sinode keur die studiestuk oor Sondagviering goed.

4.2.2 Die Sinode versoek die Publikasiekommissie om hierdie studiestuk in pamfletvorm te publiseer.

AMENDAMENT GOEDGEKEUR:

1. Die Sinode neem met dank kennis van die Studiestuk.

2. Die Sinode verwys die Studiestuk oor Sondagviering na die KKCE terug vir gesprek tussen die KKCE en die dosent in Dogmatiek en Christelike Etiek aan die APA.

3. Die Sinode versoek die Pk. om die studiestuk na konsensus tussen die KKCE en die dosent in Dogmatiek en Christelike Etiek af te handel, en in pamfletvorm te publiseer.

(Prof. S.D. Nel; Ds. G.J.H. Kruger)

Aantekening van die Skrybaat:

Revisie het op hierdie saak gedien – vgl. *HANDELINGE 2013*, bl. 295, pt. 116 en bl. 312, pt. 169.

4.3. TER HELLE NEERGEDAAL (*HANDELINGE 2010*, bl. 277, pt. 141) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.3.1 Die Sinode besluit dat die bewoording en vertaling *ter helle neergedaal* in die Apostolicum onveranderd behou word.

VOORSTEL NIE GOEDGEKEUR NIE:

Die Sinode wysig die woorde in die Apostolicum “wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig, gestorwe en

begrawe is en ter helle neergedaal het” om soos volg te lees:

“..., nadat Hy, veral aan die kruis, na liggaam en gees onuitspreeklike benoudheid, smarte en helse kwellinge, selfs Godverlatenheid, deurleef het;”

Motivering: – Kennis geneem.

1. Sonder twyfel heers daar misverstand by gelowiges oor die “ter helle neergedaal”, inderwaarheid oor twee sake: (a) wanneer het Hy “neergedaal” – voor of ná sy sterwe?; en (b) waarheen het Hy neergedaal – na die doderyk of die hel?

2. Mag slegs Gereformeerdes die “ingewydes” wees wat mag weet wát die bedoeling van hierdie geloofsartikel is – omdat hulle die Heidelbergse Kategismus se verklaring ken volgens vraag en antwoord 44, Sondag 16?

3. Buitekerklikes, en veral fanatieke Moslems, spot nydig met ons Christene: Waarom glo julle iets anders as wat julle amptelik bely? Waarom sê julle één ding, maar bedoel iets anders?

4. Prof. J.C. Lombard het dit mooi saamgevat: “n Belydenisskrif behoort dadelik – op sigwaarde en hoorwaarde – vir die hoorder/leser daarvan klinkklaar duidelik te wees – sonder dat dit nodig hoef te wees om moontlike misverstande, wat by lidmate kan bestaan, met verdere verduideliking, voorligting of pastorale liefde te hanteer.” Ek wil graag “voetnota ter verduideliking” daarby voeg.

5. Die dieptepunt van sy intense lyde was om van God verlaat te wees – veral dít was hel!

6. Met al die ander artikels van ons Geloofsbelydenis sê ons wát ons bedoel. Sommige is baie kort, bv. “Ek glo in die Heilige Gees.” Andere is meer omvattend, bv. oor die Vader, en veral oor die Seun. As die amendement nou te breedvoerig lyk, neem in ag dat hierdie die enigste artikel is wat nie sê wát ons bedoel nie – en gevolglik by baie gelowiges misverstande tot gevolg het, terwyl dit by buitekerklikes en ongelowiges totale verwarring asook bespotting van ons geloof meebring.

7. In Europa was daar al só drasties opgetree dat by ‘n sekere volk hierdie artikel totaal weggelaat is.

8. Kom ons wees nou die eerste volk/kerkverband wat die moed van ons oortuiging het om hierdie artikel só te wysig dat gelowiges en ongelowiges glashelder begryp wát ons glo:

- Die “nadat” spel uit dat dit nie ná sy sterwe was nie, maar terwyl Hy geleef het;
- “veral aan die kruis” wys daarop dat dit nie slegs aan die kruis was nie;

- daar is geen sprake van “neerdaling” iewers heen nie, allermens na die hel; en
- die wanpersepsie/opvatting dat Jesus in die hel gaan preek het vir die geeste in die gevangenis, word ook grootliks deur hierdie amendement uitgeskakel.

9. Hierdie amendement gaan die GKSA se gepoogde “verbetering” te bowe en mag dalk die ander Gereformeerde kerkverbande aanspoor om ook, ná soveel dekades se twyfelagtigheid, die moed aan die dag te lê om hierdie artikel glashelder te bewoord en alle misverstand uit te skakel.

JJ Venter; HP Steyn

Motivering – Kennis geneem.

4.4 KLEUTERKERK (HANDELINGE 2010, bl. 233, pt. 4.9.2)
– Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

4.4.1 Die Sinode beveel aan dat die KKCE voortgaan met die opdrag sodat grondige studie oor die *kinderkerk* gedoen kan word met rapport aan die volgende Sinode.

4.4.2 Die Sinode beveel aan dat daar nie *kinderkerke* in die AP kerkverband toegelaat word nie totdat die sinode van ’n deeglike studie voorsien is om sy besluit te begrond.

(Teenstem aangeteken: Di. GCD Stoltz; JA Jacobs)

5. Beskrywingspunte

5.1 Ring van Brandfort: AP Kerk standpunt oor Homoseks en verwante sake – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is ontvanklik.

5.1.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie aanvaar nie.

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit om:

1. Kennis te neem van paragraaf 17 in die publikasie *Ontmoetingsgesprek* (bl. 11) as amptelike siening en standpuntinname van die AP kerkverband oor homoseksualisme;

2. die genoemde betrokke paragraaf op te neem in die Kerkordeboek onder die rubriek: *Sinodebesluite*;

3. Die uitgebreide uiteensetting oor homoseksualisme (op bl. 113-116 in *Ontmoetingsgesprek*) onder die aandag van kerkrade en gemeentes te bring; en
4. dat hierdie amptelike standpuntinname oor homoseksualisme ook as die AP kerkverband se profetiese stem by wyse van ’n persverklaring rugbaar gemaak word.

Motivering: – Kennis geneem.

1. Die Ring van Brandfort het ’n volledige beskrywingspunt oor homoseksualisme aan die KKCE voorgelê wat die kommissie ongelukkig nie wou goedkeur nie (vgl. *Sakelys* bl. 194).

2. Die Ring van Brandfort, sowel as die lede van die permanente KKCE, was blykbaar self nie bewus van die betrokke paragrafe insake homoseksualisme in die goedgekeurde sinodale publikasie *Ontmoetingsgesprek* (2009) nie.

3. Ons vermoed dus dat daar vele ander lidmate, Kerkrade en Ringe is wat ook nie bewus is van die amptelike AP Kerkstandpuntinname oor homoseksualisme.

4. Dit is van kardinale belang dat hierdie duidelik, Skriftuurlik-geformuleerde standpunt oor homoseksualisme – veral in die tydsgewrig waarin ons tans verkeer en waarin al hoe meer humanistiese stemme opgaan om die erkenning van gay-regte, e.d.m. – as ’n profetiese stem en getuigenis, nie net aan voornemende nuwe lidmate nie, maar ook aan die AP kerkverband in die breë, asook aan die media by wyse van persverklaring hoorbaar sal weerklink.

5. Sover ons kennis strek, is daar tot dusver geen amptelike sinodebesluite oor homoseksualisme geneem of in die bestaande register van sinodebesluite opgeneem nie.

(DJ Malan; C. Bester)

Motivering – Kennis geneem.

5.2. Ring van Mooiooi: Lidmate van die NG Kerk wat ná 2002 belydenis van geloof afgelê het. – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.2.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is ontvanklik.

5.2.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

Motivering – Kennis geneem.

5.3 Ring van Moot-Sentraal: Toelating van lidmate uit ander kerke – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR (Kyk ook *SAKELYS* 2013, bl. 141, pt. 6.7.1 en 6.7.2):

5.3.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is ontvanklik.

5.3.2 Die Sinode besluit die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

5.3.3 Die Sinode besluit dat die SKK en die KKCE versoek word om gesamentlik 'n ondersoek te doen of die bestaande verhouding van die AP kerke tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika steeds gehandhaaf kan word en aan die volgende sinode verslag te doen.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.3.4 Die Sinode versoek die Publikasiekommissie om alle goedgekeurde sinodale studiestukke vanaf die eerste tot en met die veertiende sinode in 'n bundel uit te gee.

5.3.5 Die Sinode versoek die Publikasiekommissie om alle goedgekeurde sinodale studiestukke ten minste een maal per dekade in 'n bundel uit te gee.

5.3.6 'n Register van alle gepubliseerde studiestukke moet telkens in die jongste bundel opgeneem word.

Motivering – Kennis geneem.

6. Slot – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die KKCE afgehandel. Die Voorsitter bedank dr. Snyman vir die verslag gelewer.

116. KENNIS VAN REVISIE

Kennis van versoek tot revisie word t.o.v. punt 4.2 (Sondagviering), *SAKELYS* 2013, bl. 186, *HANDELINGE* bl. 293, pt. 4.2 deur ds. DJ Malan gegee.

117. AFKONDIGINGS

Die Aktuaris doen 'n afkondiging.

118. AFSLUITING

Ds. JS Coetzee (Brits) sluit die verrigtinge van die tweede dag van die Sinode af met gebed en die Sinode verdaag om 20:30.

119. SAMESANG

Ds. DE Pretorius (Mosselbaai) lei die samesang en ds. F de Bruin (Ventersdorp) neem die orrelbegeleiding waar.

120. BIDSTOND

Oudl. MG van Niekerk (Zoar) doen 'n gebed. Prof. JAE Adendorff lees Spreuke 3:1-8, waarna die Sinode Psalm 25:2 sing.

121. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings. Gelukwense aan AP Kerk Newcastle wat vandag 26 jaar bestaan; ook gelukwense aan broer Willem de Clerck (Bloemfontein) wat vandag verjaar.

122. NOMINASIES: OUDERLINGE GKK

Die Voorsitter versoek die Sinode om nominasies in te dien vir vier ouderlinge om op die GKK te dien.

123. PERSONEELWISSELING

Die Sinode neem kennis van die volgende personeel-wisseling:

Bronkhorstspuit	Phillipus Badenhorst <i>vervang</i> J van der Linde
Hartbeespoort	Cornelis Jansen Taljaard <i>vervang</i> Josef Albertus du Plessis
Hartbeespoort	Cornelis Johannes Engelbrecht <i>vervang</i> Burt Terblanche
Kempton Park	Willem Daniel Steyn <i>vervang</i> Gabriel Jacobus Williams
Marble Hall	Frederick Hendrik Avenant <i>vervang</i> Jan Hermanus Fouché
Roedtan	Marthinus Fred Storm <i>vervang</i> Philippus Jacobus de Beer

124. VERSKONING UIT DIE VERGADERING: TKKS

Toestemming word verleen aan die TKKS, asook aan proff. R Maré en FAH van Staden, om die Sinode te verlaat om te vergader.

125. DERDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM3)

Ds. A Boshoff (Viljoenskroon) lewer die derde verslag van die TKM aan die Sinode.

1. Personeel – Kennis geneem.

Prof. J Bosman, ds. A Boshoff (Sameroeper).

2. Verslag 4 September 2013

2.1 Die Sinode keur die volgende aanbevelings goed om aan die media bekend gestel te word:

2.1.1 Die Sinode het besluit om opnuut 'n kommissie vir Sending en Evangelisasie daar te stel. Die nuwe kommissie sal plaaslike kerke (gemeentes) help om aksies te koördineer, advies te gee oor die praktiese uitlewing daarvan en verslag te doen aan die Sinode oor die stand van sendingaksies deur die AP kerkverband.

2.1.2 Uit besorgdheid oor hulle finansiële posisie het die Sinode goedgekeur dat die subsidie van die mediese fondsbydrae aan afgetrede predikante verhoog na 60%.

2.1.3 Volgens die Sinode spreek die Bybel teen homoseksualisme. Die AP Kerk aanvaar die Bybelse voorskrifte. Hierdie profetiese getuigenis bring die Sinode onder aandag van die hele Suid-Afrika.

3. Hiermee vertrou die kommissie dat hy sy werk bevredigend uitgevoer het.

126. VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.) [SAKELYS 2013, bl. 199]

Ds. IP du Preez (Brakpan) lewer die verslag van die Pk. aan die Sinode.

1. LEDE VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.) – Kennis geneem.

2. PERSONEEL IN DIE SENTRALE KERKKANTOOR – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GEWYSIG GOEDGEKEUR:

2.1 Die Sinode betuig sy groot dank teenoor dr. HJ Smith wat in die afwesigheid van dr. CA Swanepoel as Redakteur van *Die Boodskapper* waargeneem het.

2.2 Die Sinode neem met groot waardering kennis van die diens wat deur die personeel van die Publikasie-afdeling gelewer word.

3. VERGADERINGS – Kennis geneem.

4. OPDRAGTE VAN SINODE

4.1 KONKORDANSIE VAN DIE PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK (HANDELINGE 2010, bl. 228, pt. 3.11.1) – Kennis geneem.

4.2 HERSKRYF VAN VERBONDSONDERRIGHAND-BOEKE (HANDELINGE 2010, bl. 274, pt. 3.9.2) – Kennis geneem.

4.3 DIE BOODSKAPPER IN ELEKTRONIESE FORMAAT (HANDELINGE 2004, bl. 405 pt. 9.5) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

4.3.1 Die Sinode neem kennis van die beskikbaarheid van *Die Boodskapper* in elektroniese formaat, veral vir mense in die buiteland.

5. VERSLAG OOR PUBLIKASIES

5.1 Sinodaal-goedgekeurde publikasies wat sedert Sinode 2010 verskyn het

5.1.1 *Die Kerkorde 2012* - Kennis geneem.

5.1.2 *Kerkjaarboek 2011, 2012, 2013* – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.1.3 Die Sinode doen 'n dringende beroep op skribas van gemeentes en ringe om betyds te reageer op die versoek om gegewens aan die Sentrale Kerkkantoor te stuur vir opname in die volgende jaar se Kerkjaarboek.

5.2 Verbondsonderrigpublikasies (leerboeke en lesgidse/handleidings) wat sedert Sinode 2010 verskyn het: – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verbondsonderrigpublikasies (leerboeke en lesgidse/handleidings) se versorging wat steeds sal plaasvind totdat die nuwe reeks gereed sal wees om te verskyn.

5.3 Ander publikasies wat sedert Sinode 2010 verskyn het:

5.3.1 – 5.3.20 – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

5.3.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die publikasies wat verskyn het.

5.3.2.2 Die Sinode versoek leraars en lidmate om eers na ons eie publikasies wat beskikbaar is te kyk voordat daar na ander boekwinkels gegaan word om boeke aan te koop.

5.3.2.3 Die Sinode versoek leraars en lidmate om boeke uit ons Boekwinkel wyd bekend te stel aan vriendekringe en elders.

5.3.2.4 Die Sinode dra dit aan die Pk. op om steeds alternatiewe media te ondersoek waarmee die boodskap van die kerkverband gedien kan word.

5.4 Ander publikasies in die pypplyn:

5.4.1 – 5.4.4 – Kennis geneem.

5.5 Diverse publikasies wat sedert Sinode 2010 verskyn het

5.5.1 – 5.5.3 – Kennis geneem.

5.6 Publikasies van buite (ander uitgewers): – Kennis geneem.

5.7 Pamflette

5.7.1 – 5.7.28 – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

5.7.29 Die Sinode vestig opnuut die aandag van kerkrade op die pamflette wat by die Boekwinkel beskikbaar is en moedig kerkrade aan om die pamflette optimaal te benut.

6. BEMARKING

6.1 Die bemarkingsfunksie in die Sentrale Kerkkantoor – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

6.1.1 Die Sinode versoek kerkrade om die elektroniese bemarking van ons boeke te ondersteun aangesien dit baie voordele inhou vir die koper en verkoper.

6.2 Die Kolporteurstelsel – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.2.1 Die Sinode doen opnuut 'n beroep op die hele kerkverband om die kolporteurstelsel van harte te ondersteun sodat die literatuur van ons Kerk so effektief moontlik tuisgebring kan word.

6.2.2 Die Sinode versoek kerkrade wat nog nie oor die dienste van 'n kolporteur beskik nie, om ernstige oorweging aan die aanwysing van 'n kolporteur te gee.

6.2.3 Die Sinode versoek kerkrade om die kolporteurs geleentheid te gee om literatuur in die gemeentes bekend te stel.

7. LIG IN DUISTERNIS-PRYS – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

7.1 Die Sinode neem kennis van die toekennings.

8. BEGROTING – Kennis geneem.

9. BESKRYWINGSPUNTE

9.1 Ring van Petrusburg: Voorbereiding van preekbundels – Kennis geneem.

Motivering – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

9.1.1 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt aangesien dit laat ontvang is. Die Pk. is in elk geval besig met 'n preekbundel soos versoek.

10. DANKBETUIGING – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

10.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor die lede van die Publikasiekommissie, personeel in die Sentrale Kerkkantoor, skrywers, keurders en beide die redakteurs van *Die Boodskapper* wat in die verslagtyd opgetree het en vir hul aandeel om die werk van hierdie kommissie te kon doen.

Hiermee is die verslag (buiten oor *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*, kyk pt. 127 hier onder) afgehandel. Die Voorsitter bedank ds. du Preez vir die verslag gelewer.

127. VERSLAG: DIE BOODSKAPPER EN DIE JEUGBOODSKAPPER (BYLAE Pk. 1) (SAKELYS 2013, bl. 205)

Dr. CA Swanepoel (Redakteur: *Die Boodskapper*) lewer die verslag van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* aan die Sinode.

1. REDAKSIE VAN *DIE BOODSKAPPER (DB)* – Kennis geneem.

2. *DIE JEUGBOODSKAPPER* – Kennis geneem.

3. PERSONEEL – Kennis geneem.

4. VERGADERINGS – Kennis geneem.

5. AANTAL UITGAWES – Kennis geneem.

6. VERSPREIDING *DB* en *DJB*: Maart 2010 – Maart 2013 – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.1 Die Sinode bevestig opnuut dat *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* uiters belangrike kommunikasie-middele is waardeur kerknuus en inligting versprei word om lidmate op te bou en weerbaar te maak vir die geloofstryd in ons tyd. Sodoende word 'n gemeenskaplike etos in die kerkverband gebou.

6.2 Die Sinode versoek kerkrade om sorg te dra dat *Die Boodskapper* by elke besoekpunt afgelewer word deur 'n kerkraadslid en dat elke verbondskind *Die Jeugboodskapper* sal ontvang. Ouers word aangemoedig om dit saam met hulle kinders te lees en dit met hulle te bespreek.

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

Die Sinode versoek dat ten minste 30% van *Die Boodskapper* se inhoud se taalvaardigheidsvlak op 'n vlak van graad 7 of laer sal wees.

(PG Stans; BJ Welthagen)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

6.3 Die Sinode bring dit onder die aandag van kerkrade dat vyf gratis eksemplare per uitgawe van *Die Boodskapper* beskikbaar is vir gemeentes wat daarom vra.

6.4 Die Sinode roep kerkrade weereens met die grootste erns op om klem daarop te lê dat ons kerklike tydskrifte en ander publikasies gelees word. Ouers behoort ook opgewek te word om hul kinders te stimuleer om die kerklike leesstof gereeld te lees en om elke maand gepaste gedeeltes uit die jeugblad aan hulle kleuters voor te lees.

6.5 Die Sinode versoek predikante en ander persone wat die afkondigings by geleentheid van eredienste waarneem, om moeite te doen om elke nuwe maand se *Die Boodskapper*, te adverteer. Die Sinode wys daarop dat gereelde bekendstelling van artikels, berigte, ensovoorts in *Die Boodskapper*, die leeslus prikkel.

Motivering – Kennis geneem.

7. KOSTE (Die volgende staat is deur die Rekenmeester voorsien) – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

7.1 Die Sinode spreek sy dankbaarheid uit teenoor die gemeentes wat hulle *Boodskapper*-rekeninge so getrou betaal het en doen 'n beroep op ander om hul rekeninge getrou te vereffen.

8. DANKWOORD – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.1 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor alle medewerkers wat meehelp om van *Die Boodskapper* 'n leeswaardige publikasie te maak.

8.2 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor die Publikasie-afdeling in die Sentrale Kerkkantoor vir hulle bydrae tot die beplanning, versorging, verpakking en versending van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*.

8.3 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor alle ondersteuners van ons kerkblaaie: Lesers, adverteerders, intekenaars en almal wat daartoe meewerk om van dié spreekbuis binne die AP Kerk 'n sukses te maak. Die Sinode spreek die bede uit dat die Here *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* ook vorentoe tot sy eer en tot opbou van die geloof sal gebruik.

Hiermee is die verslag van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* afgehandel. Die Voorsitter bedank dr. Swanepoel vir die verslag gelewer.

128. KENNIS VAN REVISIE

Ds. MR Burger (Waterberg) gee kennis tot versoek van revisie t.o.v. die besluit van die Sinode, punt 4.2.2 *SAKELYS 2013*, bl. 194 van die verslag van die KKCE.

129. VERSLAG: EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIE INDELING VAN RING (TKIR1)

Ds. AP Boshoff (Zeerust) lewer die verslag van die TKIR aan die Sinode.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

Die Kommissie is saamgestel uit die volgende afgevaardigdes na die sinode:

Di. AP Boshoff (Sameroeper), PJ Malan, oudle. Hattingh en JC Coetzee

2. OPDRAG – Kennis geneem.

Die Kommissie se opdrag was die indeling van gemeentes by Ringe.

3. AANBEVELING

Na gemeentes geleentheid gehad het om skriftelike insette te lewer vir herindelings, het die kommissie die vorige indeling aangepas.

Die Sinode keur die volgende indeling van Ringe goed:

VRYSTAAT

BETHLEHEM: Bethlehem, Senekal, Paul Roux, Marquard, Clocolan, Lindley, Reitz, Excelsior, Petrus Steyn.

BLOEMFONTEIN: Bloemfontein, Dealesville, Dewetsdorp, Bloemfontein-Noord, Bainsvlei, Smithfield, Reddersburg.

BRANDFORT: Brandfort, Boshof, Theunissen, Hoopstad, Hertzogville, Winburg.

CORNELIA: Cornelia, Heilbron, Villiers, Frankfort.

GRANIET: Graniet, Viljoenskroon, Bothaville, Wesselsbron, Parys.

HENNENMAN: Hennenman, Welkom, Kroonstad.

MEMEL: Memel, Vrede, Harrismith, Warden.

PETRUSBURG: Petrusburg, Jagersfontein/Fauresmith, Bethulie, Koffiefontein, Philippolis.

TRANSVAAL

DENDRON: Phalaborwa, Dendron, Pietersburg, Tzaneen, Louis Trichardt, Messina.

DERBY: Derby, Ventersdorp, Zeerust, Swartruggens, Buhrmannsdrif, Koster.

ERMELO: Ermelo, Piet Retief, Amersfoort, Amajuba, Hoëveld Ermelo.

GERMISTON: Germiston, Benoni, Kempton Park, Primrose, Brakpan, Delmas, Fontaine, Alberton, Devon, Johannesburg-Suid, Grootfontein, Kleinfontein.

KLERKSDORP: Klerksdorp, Potchefstroom, Leeudoringstad, Bloemhof, Hartbeesfontein, Orkney.

LICHTENBURG: Lichtenburg, Alfa, Sannieshof, Biesiesvlei, Coligny.

[Ottosdal gaan ooreenkoms aan met Delareyville, Ring van Migdol]

MIDDELBURG: Middelburg, Belfast, Bronkhorstspuit, Cullinan-Rayton, Witbank, Laersdrif.

MIGDOL: Migdol, Vryburg, Schweizer-Reneke, Delareyville, Stella, Ottosdal.

MOOINOOI: Mooinooi, Brits, Rustenburg, Thabazimbi, Sanddrift, Hartbeespoort.

MOOT-SENTRAAL: Moot-Sentraal, Verwoerdburg, Pretoria-Oos, Trans-Magalies, Wonderboom, Wesmoot, Pretoria-Suiderlig.

MORGENZON: Morgenzon, Arnot/Hendrina, Hoëveldrif, Standerton, Bethal.

NABOOMSPRUIT: Naboomspruit, Warmbad, Waterberg, Koedoesrand, Ellisras, Vaalwater.

NELSPRUIT: Nelspruit, Carolina, Witrivier, Lydenburg, Lebombo, Hoedspruit.

POTGIETERSRUS: Potgietersrus, Roedtan, Tuinplaas, Marble Hall, Groblersdal.

ROODEPOORT: Roodepoort, Carletonville, Randfontein, Johannesburg, Krugersdorp, Magaliesburg.

VEREENIGING: Vereeniging, Heidelberg, Vanderbijlpark, Nigel, Balfour, Meyerton, Zoar, Greylingstad.

NATAL

NEWCASTLE: Newcastle, Dundee/Glencoe, Vryheid, Utrecht.

SUIDKUS: Suidkus, Groter Durban, Hluhluwe, Gelofte Pietermaritzburg, Richardsbaai.

NAMIBIË

OUTJO: Outjo, Keetmanshoop, Windhoek, Leonardville, Grootfontein, Gobabis, Welwitschia.

KAAPLAND

BEAUFORT-WES: Beaufort-Wes, Fraserburg, Aberdeen, Murraysburg, De Aar, Britstown, Carnarvon, Prieska, Hanover, Vanwyksvlei.

[Die hele ring van De Aar verval en skakel in by ring van Beaufort-Wes]

CLANWILLIAM: Clanwilliam, Namakwaland, Sutherland, Calvinia, Olifantsrivier, Hardeveld, Engeland en Wallis.

GORDONIA: Groblershoop, Gordonia, Pofadder, Kakamas.

KIMBERLEY: Vaalharts, Douglas, Kimberley, Reivilo, Barkly-Wes, Christiana, Strydenburg, Griekwastad, Orania, Hopetown, Kimberley-Die Kruis.

OLIFANTSHOEK: Olifantshoek, Kathu, Kuruman, Postmasburg.

RIVERSDAL: Riversdal, George, Oudtshoorn, Mosselbaai, Albertinia, Brakrivier, Knysna.

SOMERSET-OOS: Somerset-Oos, Port Elizabeth, Uitenhage, Kareedouw, Grens, Jeffreysbaai.

STELLENBOSCH: Stellenbosch-Somerset-Strand, Hugenotevallei, Tygerberg, Piketberg, Worcester, Robertson, Weskus, Gansbaai.

STEYNSBURG: Steynsburg, Barkly-Oos, Jamestown, Tarkastad.

Die Voorsitter bedank ds. Boshoff vir die verslag gelewer.

130. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter wys die vergadering daarop dat die name van die Permanente Kommissies agter by die ingangsportaal en by die kombuis opgeplak is. Afgevaardigdes moet asseblief na die name gaan kyk.

131. VERSLAG: KURATORIUM AFDELING B (RAAD EN AP AKADEMIE) (SAKELYS 2013, bl. 209)

Ds. IP du Preez (Brakpan) lewer die verslag van die Kuratorium (Afdeling B) aan die Sinode.

1. INLEIDING – Kennis geneem.

2. PRIVAAT TERSIËRE INSTITUUT – Kennis geneem.

3. ARTIKEL 21 MAATSKAPPY – Kennis geneem.

4. REGSPERSOON – Kennis geneem.

5. SAMESTELLING VAN DIE RAAD

VOORSTEL GOEDGEKEUR:

In die lig van die besluit om Sinodes vierjaarliks te hou (SAKELYS 2013, pt. 3.10.2, bl. 4) word die ampstermyn van lede van die APA Raad na vier jaar verleng.

(JH Breytenbach, A van Zyl)

6. KANSELIER – Kennis geneem.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

6.1 Die Sinode betuig sy dank en waardering aan ds. IP du Preez vir sy ampstermyn van drie jaar as kanselier van die Raad van die Afrikaanse Protestante Akademie.

7. VISE-KANSELIER/REKTOR – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

7.1 Die Sinode spreek besonderlike dank uit teenoor prof. JAE Adendorff vir die werk as rektor en dosent aan die AP Akademie.

7.2 Die Sinode wens prof. JAE Adendorff geluk met sy aanwysing as rektor en vise-kanselier vir 'n volgende termyn van vyf jaar.

8. DIE AP AKADEMIE (2011 – 2013)

8.1 FAKULTEITE EN PROGRAMME – Kennis geneem.

8.2 STUDENTEGETALLE – Kennis geneem.

8.3 DEKANE – Kennis geneem.

8.4 INSTITUUT VIR CHRISTELIKE SIELKUNDE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.4.1 Die Sinode neem kennis van die fakulteite sowel as die geregistreerde programme wat by die APA aangebied word.

8.4.2 Die Sinode neem met spyt kennis dat die aansoek om die BDiv-graad onsuksesvol was.

AANBEVELING GEWYSIG GOEDGEKEUR:

8.4.3 Die Sinode keur goed dat daar weer aangesoek gedoen word indien nodig vir die vierjarige BDiv-

program, om in lyn met teologiese opleiding van ander tersiêre instellings in Suid-Afrika te kom.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

8.4.4 Die Sinode neem kennis van die aanwysing van proff. R Marè en GDS Smit as dekane van die fakulteite by die eerste Senaatsvergadering van 2013 en wens hulle geluk met hulle benoemings.

8.4.5 Die Sinode neem met dank kennis van die toename in getalle by die APA vanaf 2011 maar neem ook met kommer kennis dat die getalle in 2013 'n effense plato aantoon.

8.4.6 Die Sinode neem kennis van die groot toename in afstandstudente en dra dit aan die Raad op om gegewe die ekonomiese omstandighede wat in die land heers, die moontlikhede van afstandstudie verder uit te bou en selfs ook die moontlikheid te ondersoek dat 'n gedeelte van die teologiese opleiding ook deur afstandstudie gedoen kan word.

8.4.7 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die dalende getal teologiese studente vanaf die BA-jare, aangesien dit die beskikbaarheid van predikante in die AP kerkverband direk raak.

9. OPVOEDKUNDE – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

9.1 Die Sinode neem kennis van die vordering wat gemaak is met die indiening van die aansoek om die NGOS by die APA en bid om die seën van die Here vir die projek.

9.2 Die Sinode neem kennis van alle betrokkenes by die

projek tot op hede.

9.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor lidmate en veral die aanvanklike donateur, maar ook teenoor ander donateurs wat dié saak ondersteun het deur bydraes en voorbidding.

9.4 Die Sinode doen 'n beroep op lidmate en ander belangstellendes asook goedgesindes om die opleiding van onderwysers te steun met bydraes aan die AP Akademie Ondersteuningsfonds sodat indien die kwalifikasie goedgekeur word, daar onmiddellik met die aanbied van die program begin kan word soos deur die onderwysowerhede vereis word.

Die verslag van die Kuratorium (Afdeling B) word onderbreek.

132. VERKIESING: OUDERLINGE VIR DIE GKK

Die Sinode word versoek om vir vier ouderlinge te stem wat op die GKK kan dien. Die volgende broeders is genomineer:

JH Bakkes (Verwoerdburg), JDA Blignaut (Carolina), JHE du Plessis (Pretoria-Oos), HR Lemmer (Wonderboom), MD Maree (Johannesburg), GL Maritz (Brits), JM Maritz (Bethal) en DG van der Merwe (Klerksdorp).

133. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

Oudl. HP Steyn (Cullinan-Rayton) word gelukgewens met sy versjaarsdag gister, waarna die vergadering verdaag vir koffiepouse.

134. SAMESANG

Ds. RJ Pretorius (Wesmoot) lei die voorsang en ds. F de Bruin (Ventersdorp) neem die orrelbegeleiding waar.

135. VERKIESING VAN OUDERLINGE OP GKK

Die Voorsitter kondig aan dat die volgende ouderlinge op die GKK verkies is en wens hulle sterkte toe met hulle taak:

Primarii:

HR Lemmer (Wonderboom)
JH Bakkes (Verwoerdburg)
JHE du Plessis (Pretoria-Oos)
JM Maritz (Bethal)

Sekundi:

MD Maree (Johannesburg)
GL Maritz (Brits)

136. VERKIESING: RAADSLEDE VIR DIE RAAD VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE

Die Registrateur van die APA, dr. SD Nel, gee toeligtig oor die rol van die raadslede. Nominasies word gevra vir vier ouderlinge om op die Raad te dien.

137. VERSLAG: KURATORIUM (AFDELING B) (Vervolg) [Kyk *Sakelys* bl. 213]

Ds. IP du Preez (Brakpan) gaan voort om die verslag van die Kuratorium (Afdeling B) te lewer.

10. TEOLOGIESE DEPARTEMENTE, CURRICULA EN PERSONEEL – Kennis geneem.

11. DUIDS, KERKLATYN EN BDIV – Kennis geneem.

12. Beswaarskrif – Kennis geneem.

AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE (*numering gevolg soos in Sakelys*):

12.1.1 Die Sinode keur die beswaarskrif goed.

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit dat die beswaarskrif nie ontvanklik is nie.

(GDS Smit; SD Nel)

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

12.1.2 Die Sinode neem kennis van die veranderinge wat genoodsaak word met die aansoek van BDiv en versoek die Senaat van die APA om ondersoek te doen op welke wyse besluite van vorige sinodes i.v.m. Duits, Latyn en Afrikaans, met die nuwe graad versoen kan word, met verslag aan die volgende sinode.

12.1.3 Die Sinode betuig sy dank en waardering aan teologiese student Andries Pieterse wat die basiese lys van Latynse terme opgestel het en aan dosente en studente beskikbaar gestel het.

12.1.4 Die Sinode keur goed dat die Raad, Kuratorium en die Senaat op 'n werkswyse besluit as die nuwe graad geïmplementeer word, sodat studente nadat hulle BDiv voltooi het, voor legitimasie en beroepbaarstelling steeds dieselfde vlak van teologiese opleiding as tans ontvang, al sou dit beteken dat aansoek gedoen moet word vir een of twee verdere kwalifikasies by die Onderwysdepartement.

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit dat die Senaat van die APA die nodige wysigings aan die Teologiese graad van die APA kan aanbring, en deur die Kuratorium by die volgende Sinode verslag doen.

13. PRAKTIESE OPLEIDING

13.1 Homiletiek prakties: – Kennis geneem.

13.2 Pinksterbyeenkomste: – Kennis geneem.

13.3 Praktiese werk in 'n plaaslike kerk – Kennis geneem.

13.4 Preek- en bedieningsvergunning: – Kennis geneem.

13.5 Poimeniek prakties – Kennis geneem.

13.6 Verbondsonderrig – Kennis geneem.

13.7 Gemeentebestuur en –administrasie – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

13.8 Die Sinode neem met dank kennis van die gehalte studente wat by die Akademie opgelei word.

13.9 Die Sinode betuig, soos in die verlede, sy volle vertroue in die teologiese dosente, hulle suiwer Skrifbeskouing, hulle onderskrywing en handhawing van die Belydenisskrifte, hulle hoë teologiese kennis, die hoë standaard van gereformeerde teologiese opleiding wat hulle die teologiese studente bied en die gehalte student wat aan die kerkverband gelewer word as predikante.

14. ADMINISTRATIEWE PERSONEEL – Kennis geneem.

15. TERREIN EN GEBOUE – Kennis geneem.

16. VAKKE VIR GRAAD BA – Kennis geneem.

17. ONDERRIGFOOIE – Kennis geneem.

18. SENTRUM VIR MISSIONALE KERKWEES – Kennis geneem.

18.1 Agtergrond – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

18.2 Die Sinode neem met dank kennis van die totstandkoming van die Sentrum vir Missionale Kerkwees (SMK).

18.3 Die Sinode wil lidmate bedank wat die inisiatief geneem het om by te dra vir die totstandkoming van die SMK.

18.4 Die Sinode neem kennis dat die Sentrum vir Missionale Kerkwees (SMK) homself as 'n navorsings-instituut binne die Departement Missiologie gevestig het met 'n eie hoof om leiding te gee.

18.5 Die Sinode neem kennis dat die aanstelling van die hoof van die SMK, die normale aanstelling van personeel by die AP Akademie volg, soos in die Statuut bepaal word.

19. SKENKINGS EN FONDSE

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

19.1 Die Sinode neem kennis van die noudesette beheer en administrasie van die Raadsfondse en die totstandkoming van die APA Studentefonds, die APA Navorsingsfonds en die APA Ondersteuningsfonds.

19.2 Die Sinode besluit om sy dank te boekstaaf teenoor die donateurs vir hulle belangstelling in en spontane finansiële ondersteuning aan die Akademie (Bylae APA1).

19.3 Die Sinode doen 'n beroep op lidmate om voortdurend skenkings aan die Akademie te doen by wyse van erflatings, donasies en bemakings.

20. JEUGTUISTE – Kennis geneem.

Die verslag van die Kuratorium (Afdeling B) word onderbreek.

138. VERKIESING: OUDERLINGE VIR DIE RAAD VAN DIE AP AKADEMIE

Die Sinode word versoek om vir vier ouderlinge te stem wat op die Raad van die AP Akademie kan dien. Die volgende broeders is genomineer:

W Becker (Dendron), SL Botma (Gordonia), JHE du Plessis

(Pretoria-Oos), AG du Toit (Pretoria-Oos), HR Lemmer, (Wonderboom) MJ Louw (Wonderboom), WDR Scholtz (Groblersdal), AS Schütte (Koster), O Theron (Louis Trichardt) en DG van der Merwe (Klerksdorp).

139. VERSLAG: KURATORIUM (AFDELING B) (Vervolg)
[Kyk SAKELYS 2013, bl. 219]

Ds. IP du Preez (Brakpan) gaan voort om die verslag van die Kuratorium (Afdeling B) aan die Sinode te lewer.

21. OOREENKOMS TUSSEN DIE SINODE (GKK EN KUR) EN DIE RAAD VAN DIE APA (Bylae GKK2, pt. 13) – Kennis geneem.

22. GEODITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE – Kennis geneem.

23. SLOT – Kennis geneem.

Hiermee is die verslag van die Kuratorium (Afdeling B) afgehandel. Die Voorsitter bedank ds. Du Preez vir die verslag gelewer.

140. VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR KOMMISSIES (TKK1)

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

Di. JC Gericke (Voorsitter); JL Schütte; PJ Möller; JH Bisschoff; RJ Pretorius; MJ Hartzenberg; GCD Stoltz; CR Vermaak; A Hough; IP du Preez; P Janse van Rensburg.

2. AANBEVELINGS

Die Sinode keur goed dat die volgende afgevaardigdes op die onderskeie kommissies dien:

2.1 KERKARGIEF (KKA)

Primarii:

Ds. LD Greyling (Sameroeper)
Ds. MJ Mattheus
Oudl. MJ Louw

Sekundus:

Ds. NJ Grobler

2.2 FORMULIERE EN LITURGIE (KFL)

Primarii:

Ds. DJ Malan
Prof. SD Nel
Ds. H Scherman (Sameroeper)
Ds. LE Prinsloo

Sekundi:

Ds. AP Boshoff
Ds. GJ Kruger
Ds. AS Kruger

2.3 KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV)**Primarii:**

Ds. SA Roets
Ds. F de Bruin
Ds. CR Vermaak (Sameroeper)
Ds. S Hoffman
Ds. WJ Malan
Ds. NJ Swart

Sekundi:

Ds. PJ Malan
Ds. JS Coetzee
Ds. HLJ Erasmus

2.4 KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE)**Primarii:**

Dr. JH Breytenbach
Ds. MJL Jordaan
Ds. A Swart
Ds. MR Burger
Prof. GDS Smit (Sameroeper)

Sekundi:

Ds. F de Bruin
Ds. RJ Pretorius

2.5 KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPLEIDING (KOO)**Primarii:**

Ds. AM Appelgryn
Ds. S Hoffman
Ds. MA Buys
Ds. PG Stans (Sameroeper)
Prof. SD Nel (Registrateur van APA ampshalwe)

Sekundus:

Ds. DE Pretorius

2.6 KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS)**Primarii:**

Ds. JL Schütte (Sameroeper)
Ds. WJA van Schalkwyk
Prof. J Bosman
Ds. A Boshoff (jr.)
Ds. JH Bisschoff
Dr. JH Breytenbach

Sekundi:

Ds. PJ Möller
Ds. OG van Rooyen
Ds. HJ Kok

2.7 PUBLIKASIEKOMMISSIE (Pk.)**Primarii:**

Ds. AP Boshoff
Ds. LD Greyling
Dr. CA Swanepoel (Redakteur ampshalwe) (Sameroeper)
Ds. LE Prinsloo
Ds. MJL Jordaan
Ds. DJ Malan
Prof. GDS Smit
Ds. RJ Pretorius

Sekundi:

Ds. A van Zyl
Ds. IP du Preez

2.8 KURATORIUM (KUR)**Primarii:**

Ds. MJ Hartzenberg (Sameroeper)
Ds. WJA van Schalkwyk
Ds. CR Vermaak
Ds. MR Burger
Ds. A Boshoff jr.
Ds. JL Schütte
Ds. PJ Möller
Ds. JC Gericke
Ds. GCD Stoltz
Ds. A Hough
Ds. HSW Strauss

Sekundi:

Ds. AP Boshoff
Ds. RJ Pretorius
Ds. P Janse van Rensburg

2.9 SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)**Primarii:**

Prof. IA Brink (Sameroeper)
Ds. HSW Strauss
Prof. JAE Adendorff
Ds. A Hough
Ds. JH Bisschoff
Ds. PJ Möller

Sekundi:

Ds. MJ Mattheus
Ds. P Janse van Rensburg
Ds. IP du Preez

2.10 KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE (KSE)

Primarii:

Ds. GCD Stoltz (Sameroeper)
Ds. JB Trollip
Ds. NJ Swart
Prof. J Bosman
Ds. P Janse van Rensburg
Oudl. WP Hugo

Sekundi:

Ds. H Scherman
Ds. SA Roets
Ds. JF van der Merwe

2.11 VERTEENWOORDIGERS VAN STREEKRADE VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

2.11.1 WES-KAAP

Primarii:

Dr. JH Ellis
Posbus 21166 Parow 7499, **Tel.:** 021-591 8655;
Selnr.: 082 685 7556; **e-pos:** apkt@cybersmart.co.za

Oudl. PB Botha
Drosdystaat 4, Panorama Parow 7500, **Tel.:** 021-930 5303;
Selnr.: 082 652 8029; **e-pos:** pbbotha@iburst.co.za

Sekundi:

Ds. S Botes
Posbus 1249 Strand 7139, **Tel.:** 021-854 4517;
Selnr.: 082 447 9424; **e-pos:** stephen.botes@apk.co.za

Oudl. H de Wet Lategan
Oostersee w/s 7 Hamptonstraat Oostersee Parow 7500,
Selnr.: 082 714 8731; **e-pos:** admin@aowb.co.za

2.11.2 NOORD-KAAP

Primarii:

Ds. SA Roets
Posbus 110405 Hadisonpark Kimberley 8306,
Tel.: 053-861 3311; **Selnr.:** 082 452 5465;
e-pos: sarel.roets@apk.co.za

Oudl. JJ Schreuder
Ednastraat 22 Kimberley 8301, **Tel.:** 053-861 1353;
Selnr.: 083 459 7577; **e-pos:** jap@mweb.co.za

Sekundi:

Ds. S Hoffman
Posbus 6 Orania 8752, **Tel.:** 083 609 1073;
e-pos: faniehoff@mtnloaded.co.za

Oudl. C Jacobs

Posbus 74 Vanderkloof 8771, **Tel.:** 053-664 0089;
Selnr.: 082 780 2421; **e-pos:** chrismag@ctecg.co.za

2.11.3 OOS-KAAP

Primarii:

Ds. LD Greyling
Posbus 28782 Sunridge Park 6008, **Tel.:** 041-360 4313;
Selnr.: 082 335 4513; **e-pos:** lee.greyling@apk.co.za

Oudl. CR de Beer
Posbus 28543, Sunridge Park 6008, **Tel.:** 041-379 2894;
Selnr.: 074 173 5274; **e-pos:** lappieda@yahoo.com

Sekundi:

Ds. JF van der Merwe
Posbus 2440 Jeffreysbaai 6331, **Tel.:** 042-296 1958;
Selnr.: 083 963 7112; **e-pos:** jaco.vandermerwe@apk.co.za

Oudl. CJ de Lange
Oswaldstraat 24 Astonbaai 6320, **Tel.:** 079 211 3390;
e-pos: chanemarli@gmail.com

2.11.4 BLOEMFONTEIN/VRYSTAAT

Primarii:

Ds. JA Jacobs
Posbus 17474 Bainsvlei 9338, **Tel.:** 051-446 0077;
Sel.: 083 269 1188; **e-pos:** johan.jacobs@apk.co.za

Oudl. LA Greeff
Posbus 17486 Bainsvlei 9338, **Tel.:** 051-445 2533;
Selnr.: 079 509 6947;

Sekundi:

Ds. HSW Strauss
Posbus 34542 Faunasig 9325, **Tel.:** 051-522 6740;
Selnr.: 076 672 4322; **e-pos:** schalk.strauss@apk.co.za

Oudl. W de Clerck
Posbus 34542 Faunasig 9325, **Tel.:** 051-522 9656;
Selnr.: 083 630 8826; **e-pos:** bloemfontein@apk.co.za

2.11.5 KWAZULU-NATAL

Primarii:

Ds. HLJ Erasmus
Posbus 5 Hluhluwe 3960, **Selnr.:** 084 444 6067;
e-pos: herman.erasmus@apk.co.za

Oudl. CPC Stadler
Posbus 841 Uvongo 4270, **Tel.:** 039-315 5102;
Selnr.: 082 959 8111; **e-pos:** piets@microsure.co.za

Sekundi:

Ds. AJ Ferreira
Posbus 43 Vryheid 3100, **Tel.:** 034-982 1814;
Selnr.: 083 442 0354; **e-pos:** joubert.ferreira@apk.co.za

Oudl. A Meintjies
Posbus 5 Hluhluwe 3960, **Tel.:** 035-562 0472;
e-pos: hluluwe@apk.co.za

2.11.6 GAUTENG**Primarii:**

Ds. WA Burger (jr.)
Posbus 1247 Rant-en-Dal 1739, **Selnr.:** 074 123 1764;
e-pos: wimpi.burger@apk.co.za

Oudl. SP Kruger
Posbus 374 Tarlton 1749, **Selnr.:** 084 300 0605;
e-pos: info@spkrugerbouers.co.za

Sekundi:

Ds. IP du Preez
Posbus 3116 Dalview 1544, **Tel.:** 011-740 6740;
Selnr.: 083 297 4830; **e-pos:** ignadup@gmail.com

Oudl. JM Herselman
 Collieryweg 149 Sunair Park Brakpan 4019,
Tel.: 011-742 1270; **Selnr.:** 083 632 0247;
e-pos: brakpan@apk.co.za

2.11.7 WES-TRANSVAAL**NOORD-WES****Primarii:**

Ds. JC Gericke
Posbus 70079 Miederpark 2527, **Tel.:** 018-297 4875;
Selnr.: 082 301 1254; **e-pos:** johan.gericke@apk.co.za

Oudl. MN van Aarde
 Gerickestraat 4 Potchefstroom 2531, **Tel.:** 018-294 3875;
Selnr.: 082 775 9560; **e-pos:** nicov062@gmail.com

Sekundi:

Ds. OG van Rooyen
Posbus 6577 Flamwood 2572, **Selnr.:** 084 555 0215;
e-pos: olof.vanrooyen@apk.co.za

Oudl. JA Müller
 Neillstraat 18 Flamwood Klerksdorp 2571,
Tel.: 018-468 1584; **e-pos:** andrencien@yahoo.com

2.11.8 MPUMALANGA**Primarii:**

Ds. NJ Swart
Posbus 7453 Middelburg 1050, **Selnr.:** 079 562 0705;
e-pos: nico@apkmiddelburg.co.za

Oudl. HA Labuschagne
 Akasiestraat 12 Kanonkop Middelburg 1055,
Tel.: 013-245 2508; **Selnr.:** 082 637 1904;
e-pos: labuschagne.herman@columbus.co.za

Sekundi:

Ds. A van Zyl
Posbus 2637 Middelburg 1050, **Tel.:** 013-244 2399;
Selnr.: 082 546 9747; **e-pos:** armand.vanzyl@apk.co.za

Oudl. JJ Fourie
Posbus 14942 Middelburg 1050, **Selnr.:** 082 565 6109;
e-pos: 0795014653@vodamail.co.za

2.11.9 NOORD-TRANSVAAL**Primarii:**

Ds. WJ Malan
Posbus 806 Fanuapark Polokwane 0787,
Tel.: 015-296 4743; **Selnr.:** 082 821 6730;
e-pos: wickus.malan@apk.co.za

Oudl. G Horn
 Koenigstraat 207 Eduanpark Polokwane 0699,
Selnr.: 082 804 4740; **e-pos:** horng@drt.limpopo.gov.za

Sekundi:

Ds. PR Buitendag
Posbus 1751 Potgietersrus 0600, **Tel.:** 015-491 4032;
Selnr.: 082 461 3163; **e-pos:** philip@webmail.co.za

Oudl. LJC Coetzee
 Vredenburgstraat 58 Potgietersrus 0601,
Selnr.: 082 808 6066; **e-pos:** potgietersrus@apk.co.za

2.12 VERTEENWOORDIGERS OP ALGEMENE JAAR-VERGADERING VAN DIE BYBELGENOOTSAP VAN SUID-AFRIKA**Primarii:**

Prof. R Maré
 Mtamvunasingel 45 The Meadows Morelettapark 0044,
Selnr.: 082 499 4782; **e-pos:** roelof.mare@apa.ac.za

Oudl. SP Kruger
Posbus 374 Tarlton 1749, **Selnr.:** 084 300 0605;
e-pos: info@spkrugerbouers.co.za

Sekundi:

Ds. WJA van Schalkwyk
Posbus 283 Hendrina 1095, **Tel.:** 013-293 0841;
Selnr.: 072 835 3534; **e-pos:** willem.vanschalkwyk@apk.co.za

Oudl. PB Botha
 Drosdystraat 4 Panorama Parow 7500, **Tel.:** 021-930 5303;
Selnr.: 082 652 8029; **e-pos:** pbbotha@iburst.co.za

4. Slot – Kennis geneem.

Hiermee vertrou die kommissie hulle taak is na bevrediging afgehandel.

Die Voorsitter bedank ds. Boshoff vir die verslag gelewer.

141. SUIWERING

Aangesien die volgende saak op die agenda die behandeling van 'n appèl is, versoek die Voorsitter vir die suiwing van die Sinode.

142. VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS) [SAKELYS 2013, bl. 168]

8. APPÈLLE (Kyk ook *HANDELINGE* bl. 291, pt. 8 van SKK-verslag en bl. 312, pt. 168)

Ds. J.L. Schütte lewer verslag namens die KKS insake appèl van broer BL Smit.

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit om broer Smit se appèl na die ring van Riversdal teen die skrywe van die Ouderlingeraad van Mosselbaai, terug te verwys na die Ring van Riversdal om die saak van nuuts af te hanteer, aangesien daar wesenlike onreëlmatighede plaasgevind het deur nie slegs die dokumentasie ter tafel te neem nie, maar die Ring het ook toeligting en debat daarvoor toegelaat. Verder is die notule nie tydens die vergadering goedgekeur nie.

Aangesien die Ring van Riversdal slegs die dokumentasie gaan hanteer en daarvoor gaan besluit, moet die Ouderlingeraad van Mosselbaai 'n verweerskrif opstel en inhandig nie later nie as 30 dae voor die vergadering wat die appèl gaan hanteer.

Die Sinode versoek die Ring van Riversdal, die Ouderlingeraad van Mosselbaai en br. Smit om die eintlike geskille wat agter die appèl- en beswaarskrif lê deur middel van 'n broederlike gesprek by te lê en met mekaar te versoen. Indien daar in sonde volhard word moet die nodige klagtes ingedien en gepaardgaande tugstappe geneem word. Onversoenlikheid en die verskeuring van die liggaam van Christus pas nie by die kinders van die Here nie.

143. VERKIESING VAN OUDERLINGE VIR DIE RAAD VAN DIE AKADEMIE

Primarii:

WDR Scholtz (Groblersdal)
AG du Toit (Pretoria-Oos)
AS Schutte (Koster)
W Becker (Dendron)

Sekundi:

JHE du Plessis (Pretoria-Oos)
HR Lemmer (Wonderboom)

144. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

145. BOEKBEKENDSTELLING

Dr. CA Swanepoel kry geleentheid om enkele boeke bekend te stel.

146. Tafelgebed

Ds. W van Zyl (Verwoerdburg) doen die tafelgebed en die Sinode verdaag vir middagete.

147. SAMESANG

Ds. LE Prinsloo (Heilbron) lei die samesang en ds. F de Bruin (Ventersdorp) behartig die orrelbegeleiding.

148. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

149. VIERDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM4)

Ds. A Boshoff (Viljoenskroon) lewer die vierde verslag van die TKM aan die Sinode.

1. Personeel – Kennis geneem.

Prof. J Bosman, ds. A Boshoff (Sameroeper)

2. Verslag 4 September 2013 – Kennis geneem.

2.1 Die Sinode keur die volgende aanbevelings goed om aan die media bekend gestel te word:

2.1.1 Die Sinode neem daarvan kennis dat *Die Boodskapper* in elektroniese formaat beskikbaar gestel gaan word by www.apkerk.co.za.

2.1.2 Daar is 'n verskeidenheid betroubare publikasies beskikbaar by die Boekwinkel by die Sentrale Kerkkantoor in Brooklyn.

2.1.3 Die Sinode wens prof. dr. JAE. Adendorff geluk met sy aanwysing as rektor en vise-kanselier van die Raad van die Afrikaanse Protestantse Akademie vir 'n volgende termyn van vyf jaar.

2.1.4 Die AP Akademie het 'n aansoek by die owerhede ingedien om die Nagraadse Gevorderde Onderwys-sertifikaat (Senior- en VOO-fase) aan te bied. Die Sinode bid om die seën van die Here vir die projek.

2.1.5 Die Sinode is bekommerd daaroor dat die getal teologiese studente daal en roep alle gemeentes op om die Here te bid vir arbeiders in sy oes. Dit raak die beskikbaarheid van predikante in die AP kerkverband direk.

2.1.6 Die Sinode betuig, soos in die verlede, sy volle vertroue in die teologiese dosente.

2.1.7 Daar is 'n Sentrum vir Missionale Kerkwees gevestig by die AP Akademie, as navorsingsinstituut binne die Departement Missiologie.

Hiermee vertrou die kommissie dat hy sy werk bevredigend uitgevoer het.

Die Voorsitter bedank ds. Boshoff vir die verslag gelewer.

150. VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK) (Vervolg) [SAKELYS 2013, bl. 12]

23. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA (Bylae SKK5) – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

23.1 Die Sinode neem met waardering kennis van die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Bybelgenootskap word opnuut verseker van die AP Kerk se voorbidding en ondersteuning.

23.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor alle kerke, kerklike instansies, sakeondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.

23.3 Die Sinode versoek kerkrade om plaaslike boekwinkels aan te moedig om Bybels van die Bybelgenootskap in voorraad te hou en moedig hulle aan om toe te sien dat Bybels by kolporteurs beskikbaar is.

23.4 Die Sinode versoek kerkrade om alles in hulle vermoë te doen om die bedrag wat die Bybelgenootskap benodig om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel (R36,00 vir 2013), jaarliks per lidmaat direk aan die Bybelgenootskap oor te betaal.

23.5 Die Sinode moedig sustersaksies, verbonds-onderriggroepe, sakeondernemings en individue aan om by te dra vir Bybelverspreiding.

23.6 Die Sinode moedig kerkrade aan om promosiemateriaal, wat gratis op aanvraag by die Bybelgenootskap beskikbaar is, as hulpmiddels te gebruik om die Bybelgenootskap bekend te stel en fondse daarvoor in te samel.

AANBEVELING KENNIS GENEEM (Aanbeveling is reeds goedgekeur en lede is aangewys, kyk *Handelinge* bl. 306):

23.7 Die Sinode benoem twee lede op die Algemene Jaarvergadering van die BSA wat die AP Kerk sal verteenwoordig tot die volgende sinode. Net een persoon moet 'n leraar wees.

151. VOORSTEL GOEDGEKEUR

Die Sinode dank die Here vir die feit dat Die Bybel in Afrikaans presies 80 jaar gelede in gebruik geneem is.

JL Erasmus (Vryheid)

152. VERWELKOMING

Prof. IA Brink verwelkom die verteenwoordigers van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, dr. KD Papp (Organiserende Sekretaris) en ds. G Kritzinger (Uitvoerende Hoof). Die Voorsitter dra die innige meegevoel van die Sinode oor aan dr. Papp met die afsterwe van sy vader die afgelope tyd.

153. SPREEKBEURT: BSA

Die verteenwoordigers van die BSA kry geleentheid om enkele woorde namens die BSA te spreek. Besondere dank word namens hulle aan die AP kerke oorgedra vir die ruim bydraes wat vanaf die AP kerkverband aan die BSA gemaak word.

Die BSA is in besonder dankbaar dat die AP Kerk onder die top 10-bydraers van alle kerke in die Republiek is en dat die AP Kerk ook meewerk aan die jongste Bybelvertaling in Afrikaans.

Die Voorsitter rig woorde van dank en seënwenne tot ds. Kritzinger wat in 2014 aftree.

154. DANKWOORD

Prof. J Bosman (Meyerton) bedank die afgevaardigdes namens die Sinode.

155. VIERDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV4)

Ds. MR Burger (Waterberg) lewer die vierde verslag van die TKV aan die Sinode.

1. Aansoeke

1.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die volgende aansoeke vir verlof is ontvang en word goedgekeur:

Lambrechts, PA	Trans-Magalies	07:00 – 10:00
Raubenheimer, SJ	Meyerton	13:00 – 19:00
Bredenhann, PH	Naboomspruit	08:00 – 21:00
Moller, PJ	Standerton	08:00 – 21:00
Geerkens, WH	Koedoesrand	10:30 – 20:00

1.2 AANBEVELING NIE GOEDGEKEUR NIE:

Die volgende aansoeke vir verlof is ontvang en word nie goedgekeur nie:

Prinsloo, LE	Heilbron	15:00 – 17:00
Volschenk, TJ	Heilbron	15:00 – 17:00
Scheepers, CP	Heilbron	15:00 – 17:00

Die Voorsitter bedank ds. Burger vir die verslag gelewer.

Ds. Prinsloo deel mee dat hy en sy twee ouderlinge in die vergadering sal bly omdat hulle intussen vasgestel het dat die pasiënt wat hulle wou besoek so siek is dat hulle nie daar toegelaat word nie.

156. VERSLAG: TKKS1

1. KONTSTITUERING – Kennis geneem.

Die TKKS het gekonstitueer met ds. JL Schütte as Voorsitter.

2. Opdrag

2.1 Twee sake is na die TKKS verwys, nl. KO artikel 31 op bl. 112 – 116, asook KO artikel 66 op bl. 129.

3. AANBEVELINGS GOEDGEKEUR:

3.1 Die Sinode besluit in beginsel dat die ouderlingeraad nie as 'n appèlliggaam kan dien nie.

3.2 Die Sinode besluit om revisie te neem van sy besluit 3.2.1 op bl. 112 en *appèlliggaam* te vervang met meerdere vergadering.

3.3 Die Sinode besluit om die volgende Artikels soos volg te wysig:

3.3.1 BEPALING 31C

Huidige Redaksie

'n Appèlskrif moet (vgl. Art. 31)

- skriftelik wees;
- die besluit waarteen appèl aangeteken word, woordeliks aanhaal;
- ingedien word by 'n ring indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n kerkraad of ouderlingeraad;
- ingedien word by 'n sinode indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n ring;
- aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waar in stryd met die Skrif, ensovoorts, besluit is (vgl. Art. 31);
- betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

Nuwe Redaksie

'n Appèlskrif moet (vgl. Artikel 31)

- skriftelik wees;
- die besluit waarteen appèl aangeteken word, woordeliks aanhaal;
- ingedien word by 'n ring indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n **plaaslike kerkvergadering**;
- ingedien word by 'n sinode indien appèl aangeteken word teen 'n besluit van 'n ring;
- aantoon waarin die verontregting bestaan en/of waar in stryd met die Skrif, ensovoorts, besluit is (vgl. Artikel 31);
- en betyds ingedien word sodat dit in die sakelys opgeneem kan word.

3.3.2 BEPALING 31D

Huidige Redaksie

Appèl moet binne 21 dae, nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is aangeteken word met gelyktydige skriftelike kennisgewing aan die betrokke Kerkraad, Ouderlingeraad, of Ringskommissie. 'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die Kerkraad, Ouderlingeraad, of die Ring wat 'n besluit geneem het, kennis gee van appèl, in welke geval die Kerkraad, Ouderlingeraad of Ring dadelik persone aanwys wat die verweer moet voorberei.

'n Appellant moet sy/haar kennisgewing van appèl, nie later as 30 dae voor die ringsitting nie, opvolg met 'n appèlskrif met opgaaf van redes by die betrokke meerdere vergadering (kyk Bylae 5; in geval van losmaking kyk Art. 19.8).

Die betrokke meerdere vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die appèl deur na te gaan of aan bg. formele vereistes voldoen is, alvorens dit oorweeg word.

Nuwe Redaksie

Appèl moet binne 21 dae, nadat 'n notule bevattende die besluit waarteen geappelleer word, goedgekeur is, aangeteken word met gelyktydige skriftelike kennisgewing aan die betrokke **plaaslike kerkvergadering** of die Ringskommissie. 'n Appellant kan reeds tydens die vergadering van die **plaaslike kerkvergadering**, of die Ring wat 'n besluit geneem het, kennis gee van appèl, in welke geval die **plaaslike kerkvergadering**, of die Ring dadelik persone aanwys wat die verweer moet voorberei.

'n Appellant moet sy/haar kennisgewing van appèl, nie later as 30 dae voor die ringsitting nie, opvolg met 'n appèlskrif met opgaaf van redes by die betrokke meerdere vergadering (kyk Bylae 5; in geval van losmaking kyk Art. 19.8).

Die betrokke vergadering oordeel oor die ontvanklikheid van die appèl deur na te gaan of aan bogenoemde formele vereistes voldoen is, alvorens dit oorweeg word.

3.3.3 BEPALING 31E

Huidige Redaksie

Wanneer 'n appèl teen 'n kerkraadsbesluit of 'n ouderlingeraadsbesluit by 'n ring dien, word die afgevaardigdes van daardie Kerkraad, asook die appellant(e) by die behandeling en besluit van die vergadering verskoon.

Wanneer 'n appèl teen 'n ringsbesluit by 'n sinode dien, word die afgevaardigdes uit die gemeentes in daardie ringsressort, asook die appellant(e) by die behandeling en besluit van die vergadering verskoon.

Nuwe Redaksie

Wanneer 'n appèl dien, word die appellant(e), verweerder(s) en alle betrokkenes by die behandeling en besluit van die vergadering verskoon.

3.3.4 ARTIKEL 66

Ou Redaksie

Hierdie Kerkorde (artikels en bepalings) is bindend op alle lidmate, kerkrade, ouderlingeraad en meerdere vergaderings totdat dit deur 'n sinode verander word en wel by wyse van 'n beskrywingspunt of 'n beswaarskrif aan 'n sinode (kyk Sinodebesluit 8, KO 2012, bl. 176 en 22, bl. 187).

Nuwe Redaksie

66.1 Hierdie Kerkorde (artikels en bepalings) en ook **sinodale besluite** is bindend op alle lidmate, plaaslike kerkvergaderings en meerdere vergaderings totdat dit deur 'n sinode verander word en wel by wyse van 'n beswaarskrif of 'n beskrywingspunt aan 'n sinode (kyk Sinodebesluit 8, KO 2012, bl. 176 en 22, bl. 187).

66.2 Gemeentes wat eiewillig of doelbewus enige artikel of bepaling van die Kerkorde of sinodale besluit verander, misken, ignoreer, net as 'n riglyn ag of verwerp, verbreek hul verklaring van onderskrywing van die artikels en bepalings van die Kerkorde en sinodale besluite en verbreek daardeur die band met die Afrikaanse Protestantse kerkverband. Die Sinode kan sodanige gemeente buite kerkverband plaas (KO Bylae 1 punt 4).

AMENDEMENT NIE GOEDGEKEUR NIE:

Lidmate wat eiewillig of doelbewus enige artikel of bepaling van die Kerkorde of sinodale besluit verander, misken, ignoreer, net as 'n riglyn ag of verwerp, verbreek hul verklaring van onderskrywing van die artikels en bepalings van die Kerkorde en sinodale besluite. Met sulke lidmate word volgens die tugartikels gehandel.

(Prof. GDS Smit)

3.3.5 Bepalings 66 A.1, 66 A.2 en 66 A.3 bly onveranderd.

4. SLOT – Kennis geneem.

Hiermee is die opdragte afgehandel.

Hiermee verval die kennis van revisie van prof. R Maré dus. (Kyk punt 88, bl. 280 in hierdie *Handelinge* en vgl. pt. 3.2 van TKKS1 hierbo.)

157. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

158. KONSTITUERING VAN KOMMISSIES

Die Voorsitter reël dat die permanente kommissies soos goedgekeur deur die Sinode, tydens koffietyd sal vergader en konstitueer.

159. KOFFIETYD

Die Sinode verdaag vir 'n koffiebreek.

160. SAMESANG

Ds. NJ Rautenbach (Pretoria-Suiderlig) lei die voorsang en ds. F de Bruin (Ventersdorp) doen die orrelbegeleiding.

161. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele afkondigings.

162. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE

Die Voorsitter gee geleentheid aan die Skriba, ds. A Hough (Tzaneen) om die notule van die tweede sittingsdag in behandeling te neem.

Met enkele wysigings word die notule goedgekeur.

Die Voorsitter bedank ds. Hough vir die hantering van die notule.

163. WISSELING VAN VOORSITTER

Die Ondervoorsitter neem die voorsitterstoel in, omdat prof. JAE Adendorff die verslag van die Ad hoc-kommissie vir die herskryf van Verbondsonderrigboeke en –handleidings aan die Sinode gaan lewer.

164. VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE VIR DIE HERSKRYF VAN VERBONDSONDERRIGBOEKE EN -HANDLEIDINGS [SAKELYS 2013, bl. 246]

Prof. JAE Adendorff (Pretoria-Oos) lewer die verslag van die kommissie aan die Sinode.

1. Inleidend – Kennis geneem.

1.1 HERSKRYWE VAN VERBONDSONDERRIGHAND-BOEKE – Kennis geneem.

1.1 UITBREIDING VAN VERBONDSONDERRIGHAND-BOEKE (HANDELINGE 2010, bl. 274, pt. 3.9) – Kennis geneem.

2. Personeel – Kennis geneem.

3. Vasstelling van die leerplan – Kennis geneem.

4. Prioriteitsbepaling – Kennis geneem.

5. Leerplan Graad 1-3 – Kennis geneem.

6. Leerplan Gr 10-11 – Kennis geneem.

AANBEVELINGS GEWYSIG GOEDGEKEUR:

6.1 Die Sinode keur die verslag van die ad hoc-kommissie met dank goed as aanduiding van die vordering wat met die groot taak gemaak is.

6.2 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die ad hoc-kommissie om voort te gaan met die herskryf van die verbondsonderrigboeke en handleidings en dit so gou moontlik ná voorlegging aan en goedkeuring van die SKK, Pk. en KJV, te implementeer.

6.3 Die Sinode keur weereens goed dat die ad hoc-kommissie Opvoedkundiges/Onderwyskundiges moet koöpteer en ander lede mag koöpteer wat hiermee behulpsaam kan wees, met dien verstande dat die goedgekeurde begroting nie oorskry word nie.

6.4 Die Sinode dra dit aan die KFL op om in samewerking met die Pk. die Kategismus te vertaal in 'n Afrikaans wat vir die kind verstaanbaar is aangesien die huidige vertaling nie deur die kinders verstaan word nie. Kundiges kan gekoöpteer word om hiermee te help.

Die Ondervoorsitter bedank prof. JAE Adendorff vir die verslag gelewer.

165. VERSLAG: KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (KFL) (SAKELYS 2013, bl. 253)

Ds. H Scherman (Bloemhof) lewer die verslag namens die kommissie aan die Sinode.

1. PERSONEEL – Kennis geneem.

2. VERGADERINGS – Kennis geneem.

Die Ondervoorsitter bedank ds. Scherman vir die verslag gelewer.

166. WISSELING VAN VOORSITTER

Die Voorsitter neem weer die voorsitterstoel in.

167. VYFDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR VERLOFAANSOEKE (TKV5)

Ds. MR Burger (Waterberg) lewer die vyfde verslag van die TKV aan die Sinode.

1. Aansoeke

1.1 AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die volgende aansoeke vir verlof is ontvang en word goedgekeur:

Schreuder, JJ	Kimberley	14:00 – einde
Kotzé, H	Kimberley	14:00 – einde
Viljoen, EM	Outjo	14:00 – einde

Die Voorsitter bedank ds. Burger vir die verslag gelewer.

168. GOEDKEURING VAN DIE NOTULE PUNT 142

Aangesien die appèl van broer BL Smit op die laaste dag van die Sinode hanteer is, en volgens punt 29 van *Ordereëls vir Kerklike vergaderings* (kyk bl. 71, KO 2012) op die volgende dagsitting goedgekeur moet word, maar daar nie 'n volgende dagsitting is nie, word die volgende deel van die notule, wat handel oor die besluit van die appèl deur broer BL Smit, staande die Sinode goedgekeur:

AANBEVELING GOEDGEKEUR:

Die Sinode besluit om broer Smit se appèl na die ring van Riversdal teen die skrywe van die Ouderlingeraad van Mosselbaai, terug te verwys na die Ring van Riversdal om die saak van nuuts af te hanteer, aangesien daar wesenlike onreëlmatighede plaasgevind het deur nie slegs die dokumentasie ter tafel te neem nie, maar die Ring het ook toelating en debat daarvoor toegelaat. Verder is die notule nie tydens die vergadering goedgekeur nie.

Aangesien die Ring van Riversdal slegs die dokumentasie gaan hanteer en daarvoor gaan besluit, moet die Ouderlingeraad van Mosselbaai 'n verweerskrif opstel en inhandig nie later nie as 30 dae voor die vergadering wat die appèl gaan hanteer.

Die Sinode versoek die Ring van Riversdal, die Ouderlingeraad van Mosselbaai en br. Smit om die eintlike geskille wat agter die appèl- en beswaarskrif lê deur middel van 'n broederlike gesprek by te lê en met mekaar te versoen. Indien daar in sonde volhard word moet die nodige klagtes ingedien en gepaardgaande tugstappe geneem word. Onversoenlikheid en die versekering van die liggaam van Christus pas nie by die kinders van die Here nie.

169. REVISIES

Die Voorsitter neem die onderskeie revisies ontvang, ter vergadering.

1. REVISIE GOEDGEKEUR

Revisie word toegestaan rakende punt 4.2.1, *SAKELYS 2013*, bl. 186 (kyk ook *HANDELINGE 2013*, bl.).

2. BESLUIT GOEDGEKEUR

2.1 Die Sinode herroep die besluit geneem rakende punt 4.2 van die verslag van die SKK (vgl. *HANDELINGE 2013*, bl. 293, pt. 4.2), nl:

AMENDEMENT GOEDGEKEUR:

1. Die Sinode neem met dank kennis van die Studiestuk.
2. Die Sinode verwys die Studiestuk oor Sondagviering na die KKCE terug vir gesprek tussen die KKCE en die dosent in Dogmatiek en Christelike Etiek aan die APA.

3. Die Sinode versoek die Pk. om die studiestuk na konsensus tussen die KKCE en die dosent in Dogmatiek en Christelike Etiek af te handel, en in pamfletvorm te publiseer.

2.2 Die studiestuk word verwys terug verwys na die KKCE en prof. R Marè, vir voorlegging aan die volgende Sinode.

3. REVISIE NIE TOEGESTAAN NIE

Die Sinode besluit dat revisie nie toegestaan word nie rakende punt 4.4.2 van die verslag van die KKCE insake "Kleuterkerk" (vgl. *HANDELINGE 2013*, bl. 294).

170. AFKONDIGINGS

Die Voorsitter doen enkele bedankings.

171: VYFDE VERSLAG: TYDELIKE KOMMISSIE VIR MEDIASKAKELING (TKM 5)

Ds. A Boshoff (Viljoenskroon) lewer die vyfde verslag van die TKM aan die Sinode.

1. **Personeel** - Kennis geneem.

Prof. J Bosman, ds. A Boshoff (sameroeper).

2. Verslag 4 September 2013:

2.1 DIE SINODE KEUR DIE VOLGENDE AANBEVELINGS GOED OM AAN DIE MEDIA BEKEND GESTEL TE WORD:

2.1.1 Die Sinode dank die Here vir die Bybel wat al vir 80 jaar tot ons spreek in ons eie taal. Daar is groot waardering vir die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Bybelgenootskap word opnuut verseker van die AP Kerk se voorbidding en ondersteuning.

2.1.2 Die Bybel is nou in gedrukte vorm, asook elektronies, in alle amptelike landstale van die RSA beskikbaar. Daarvoor is die Sinode opreg dankbaar. Mag die Woord kragtig werk om die volke van Suid-Afrika onder die banier van Christus te stel (Jes. 55:11).

2.1.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor alle kerke, kerklike instansies, sake-ondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun.

2.1.4 Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om alles in hulle vermoë te doen om die bedrag wat die Bybelgenootskap benodig oor te betaal. Die doel om 'n bekostigbare Bybel beskikbaar te stel vra R40,00 per lidmaat vir 2014.

3. Slot – Kennis geneem.

Hiermee vertrou die kommissie dat hy sy werk bevredigend uitgevoer het.

Die Voorsitter bedank ds. Boshoff vir die verslag gelewer.

172. CENSURA MORUM

Die Voorsitter gee geleentheid vir *censura morum*.

173. BEDANKINGS

Die Ondervoorsitter doen die bedankings:

1. Ons hoogste dank aan die Here: Hy wat die lewe gee; met Wie ons in verhouding kan wees deur die geloof in die Vader, Seun en Heilige Gees; in Wie ons geroep is tot kindskap; Wie vir ons die kerk gee en in Wie ons die toekoms nie hoef te vrees nie.

2. Dankie vir elke lidmaat in ons gemeentes. Ons het baie om te bely, maar méér om die Here te dank.

3. Ons is dankbaar vir elke gemeente:

- Vir die werk van ons Kerkrade;
- vir die werk van ons Ouderlinge
- vir die werk van ons Diakonieë;
- vir die werk van ons susters,
- vir die werk in die Verbondsonderrig, Bybelstudies en alle gemeente-aktiwiteite.

4. Ons is dankbaar as ons dink aan die werk gedoen deur ons Ringe.

5. Ons dank die Here vir die Sentrale Kerkkantoor

6. Ons dank die Here vir die AP Akademie: Dosente, Raad, Senaat en Fakulteitsrade van die APA.

7. Dank aan almal wat die Sakelys moontlik gemaak het en vir al die beplanning agter die Sakelys:

- SKK;
- Direkteur en personeel
- Rekenmeester

8. Rakende die Sinode van 2013 – dankie vir:

- die besondere gees wat hier geheers het;
- elke afgevaardigde;
- bydraes wat deur kundige besprekings, besinning en besluite gelewer is;
- die Voorsitter;
- die Aktuarius;
- die Skriba en Hulp-skriba;
- personeel by die tafel langs die moderamentafel;
- die dames in die “produksiekamer”;
- personeel wat ons in die saal bedien het;
- AP Kerk Wonderboom;
- die susters vir verversings en etes;
- motorwagte;
- elke kommissie wat tydens hierdie Sinode gerapporteer het en vir die tydelike kommissies;
- broeders wat die sang gelei het;
- broeders wat die begeleiding geoden het;
- broeders wat die broederlike gesprek gelei het; en
- die boekwinkel.

9. Sterkte vir die werk wat DV voorlê in die volgende vier jaar.

10. Seën toegebid vir ons kerkwees. Mag die Here ons regeer; **mag ons die vreugde al hoe meer kan van gehoorsaamheid aan Hom. ???**

Die Voorsitter bedank prof. Maré vir die bedankings wat hy gedoen het, en ook vir sy ondervoorsitterskap tydens die Sinode.

174. AFSLUITING

Die Voorsitter lees Openbaring 2:1-7 en doen 'n gebed, waarna die Sinode Gesang 288:5 sing. Die Sinode verdaag om 17:30.

BYLAE 1: AFGEVAARDIGDES WAT OM 09:00 GEREISTREER WAS

Gemeente	Titel	Van	Naam
Albertinia	Ds.	Cronjé	Dewald Francous Marthinus
Alfa	Oudl.	Hills	Daniel Jacobus Lenn
Alfa	Oudl.	Smith	Christiaan Joseph
Amajuba	Ds.	Coetzee	Nicolaas Jacobus
Amajuba	Oudl.	Geldenhuys	Paul Frans Petrus
Arnot/Hendrina	Oudl.	Loretz	Christiaan Johann
Arnot/Hendrina	Ds.	Van Schalkwyk	Willem Jacobus Albertus
Arnot/Hendrina	Oudl.	Van Wyk	Daniël Salomon
Bainsvlei	Oudl.	Botha	Hendrik Jacobus Van der Merwe
Bainsvlei	Oudl.	Greeff	Ludolph Andreas
Bainsvlei	Ds.	Jacobs	Johannes Albrecht
Beaufort-Wes	Oudl.	Bennett	John William
Beaufort-Wes	Ds.	Van Vuuren	Johan Hendrik
Benoni	Oudl.	Schoeman	Stephanus Herman
Benoni	Oudl.	Swanepoel	Frederick Jacobus Cornelius
Bethal	Oudl.	De Jager	Gerrit Hendrik Steyn
Bethal	Oudl.	Maritz	Johannes Marthinus
Bethal	Ds.	Warnich	Heinrich
Bethlehem	Oudl.	Grobler	Stephanus Marthinus
Bethlehem	Ds.	Groenewald	Nicolaas Jacobus
Bethlehem	Oudl.	Lombaard	Andries Louis
Biesiesvlei	Oudl.	Botes	Michael Christoffel Antonie Phillipus
Biesiesvlei	Oudl.	Janse van Rensburg	Marthinus Izias
Biesiesvlei	Ds.	Steyn	Pieter Schalk
Bloemfontein	Oudl.	Aucamp	Marius
Bloemfontein	Oudl.	De Clerck	Willem
Bloemfontein	Ds.	Strauss	Hendrik Schalk Willem
Bothaville	Oudl.	Van der Merwe	Paul Stephanus
Bothaville	Oudl.	Wessels	Johannes Albertus
Brakpan	Ds.	Du Preez	Ignatius Petrus
Brakpan	Oudl.	Herselman	Johannes Mattheus
Brakpan	Oudl.	Van Tonder	Johan
Brakrivier	Oudl.	Brown	Carel Johannes Hendrik
Brandfort	Oudl.	Gutter	Pieter Cornelis
Brandfort	Ds.	Stoltz	Lucas Petrus
Brits	Ds.	Coetzee	Johannes Stefanus
Brits	Oudl.	Maritz	Gerrit Lourens
Bronkhorstspuit	Dr.	Burger	Willem Andries
Bronkhorstspuit	Oudl.	Keyter	Charl Anton
Carletonville	Oudl.	Roberts	Arthur Percival Roy
Carolina	Oudl.	Blignaut	Johan Dietlof Aegidius
Carolina	Oudl.	Van Niekerk	Adriaan Smuts
Christiana	Oudl.	Marais	Deon Rudolf
Christiana	Oudl.	Marais	Marthinus Wessel
Christiana	Ds.	Scherman	Henri
Clocolan	Oudl.	Du Toit	Michiel van Breda
Clocolan	Ds.	Louw	Louis
Coligny	Oudl.	De Villiers	Mattheus Johannes
Coligny	Oudl.	Rossouw	Pieter Andries
Cornelia	Oudl.	De Kock	George Christiaan Bergman
Cullinan-Rayton	Oudl.	Booyzen	Stefannes Francois

Gemeente	Titel	Van	Naam
Cullinan-Rayton	Oudl.	Steyn	Hendrik Petrus Cornelius
Cullinan-Rayton	Ds.	Venter	Jurie Johannes
Dendron	Oudl.	Becker	Willie
Dendron	Ds.	Janse van Rensburg	Petrus
Derby	Prof. Dr.	Marè	Roelof
Dewetsdorp	Dr.	Bezuidenhout	Jacobus Philippus
Dewetsdorp	Oudl.	Kingsley	Andries Johannes
Ellisras	Ds.	Kruger	Andreas Stephanus
Ellisras	Oudl.	Kruger	Andries Jacobus
Ellisras	Oudl.	Van Staden	Jan Jacobus Haywood
Ermelo	Oudl.	Coetzer	Johan Godfried
Ermelo	Oudl.	Roode	Johannes Bernardus
Ermelo	Ds.	Smit	Roelof Frederik
Fonteine	Oudl.	Grobbelaar	Johannes Albertus
Frankfort	Oudl.	Marx	Willem Abraham
Gordonia	Oudl.	Botma	Stevan Louis
Gordonia	Oudl.	Longland	Dawid Thomas
Gordonia	Ds.	Schütte	Johan Leopold
Griekwastad	Oudl.	Brits	Hendrik Christiaan
Griekwastad	Oudl.	Momberg	Marthinus Gerhardus
Groblersdal	Oudl.	Kerling	Jan Harm
Groblersdal	Ds.	Olivier jr.	Philippus Johannes Lodewyk
Groblersdal	Oudl.	Scholtz	Wouter Daniel Retief
Grootfontein (Tvl.)	Oudl.	Robertson	Daniël Felix
Grootfontein (Tvl.)	Oudl.	Swanevelder	Johannes Lodewyk
Grootfontein (Tvl.)	Prof. Dr.	Van Staden	Francois Alwyn Hugo
Hardeveld	Ds.	Fourie	Jan Daniël
Harrismith	Oudl.	Bezuidenhout	Johannes Hendrik
Harrismith	Oudl.	Eksteen	Hendrick Oostewald
Hartbeespoort	Prof. Dr.	Nel	Salmon Dannhauser
Hartbeespoort	Oudl.	Terblanche	Burt
Hartbeespoort	Oudl.	Engelbrecht	Cornelis Johannes
Heidelberg	Oudl.	Booyesen	Herman John
Heidelberg	Oudl.	Huddleston	Matie Elisa
Heidelberg	Ds.	Rautenbach	Cornelius
Heilbron	Ds.	Prinsloo	Lourens Erasmus
Heilbron	Oudl.	Scheepers	Christoffel Petrus
Heilbron	Oudl.	Volschenk	Theunis Johannes
Hennenman	Oudl.	Oosthuizen	Christiaan De Wet
Hertzogville	Oudl.	De Villiers	Martin Rynard
Hluhluwe	Ds.	Erasmus	Hermanus Lodewikus Johannes
Hoëveld Ermelo	Ds.	Bisschoff	Jan Hendrik
Hoëveld Ermelo	Oudl.	Van Niekerk	Gerhardus Joshua
Hoëveldrif	Ds.	Mattheus	Markus Johannes
Hoëveldrif	Oudl.	Scholtz	Pieter Johannes
Hoopstad	Ds.	Malan	Daniël Jacobus
Hoopstad	Oudl.	Scott	William Martin
Hoopstad	Oudl.	Visagie	Samuel Jacobus
Hopetown	Oudl.	Schutte	Marthinus Bekker
Jamestown	Oudl.	Wagenaar	Willem Hermanus
Jeffreysbaai	Ds.	Van der Merwe	Jacobus Frederick
Johannesburg	Oudl.	Maree	Michiel David
Johannesburg	Dr.	Snyman	Theunis Marthinus
Kakamas	Ds.	Wiid	Louis André

Gemeente	Titel	Van	Naam
Kathu	Ds.	Stans	Peter Gideon
Kathu	Oudl.	Van Eeden	Francois Jacobus
Kathu	Oudl.	Welthagen	Barend Johannes
Kempton Park	Oudl.	Claassen	Johannes Jurie Human
Kempton Park	Ds.	Kruger	Gerhardus Johannes Hercules
Kempton Park	Oudl.	Williams	Gabriel Jacobus
Kimberley	Oudl.	Kotze	Hendrik Heremias
Kimberley	Ds.	Roets	Sarel Arnoldus
Kimberley	Oudl.	Schreuder	Jacob Johannes
Kimberley - Die Kruis	Oudl.	Ras	Johannes Nicolaas
Kimberley - Die Kruis	Ds.	Stoltz	Gabriel Coenraad Daniel
Kleinfontein	Oudl.	Van den Berg	Barend Hendrik Abraham
Klerksdorp	Oudl.	Müller	Johann André
Klerksdorp	Oudl.	Van der Merwe	Douw Gerbrand
Klerksdorp	Ds.	Van Rooyen	Olof Greyling
Koedoesrand	Oudl.	Geerkens	Willem Hendrik
Koedoesrand	Ds.	Kruger	Christiaan Johannes
Koster	Ds.	Denysschen	Chrisjan Johannes
Koster	Oudl.	Schutte	Albertus Stephanus
Koster	Oudl.	Van Zyl	Jacobus Coenraad
Kroonstad	Oudl.	Meÿer	Petrus Johannes
Krugersdorp	Ds.	Burger jr.	Willem Andries
Kuruman	Oudl.	Jacobs	Franico
Leeudoringstad	Oudl.	Barnard	Marius
Leeudoringstad	Ds.	Botha	George Frederick
Leeudoringstad	Oudl.	Kemp	Roland Vivian
Leonardville	Ds.	Kok	Hermanus Jacobus
Leonardville	Oudl.	Van Dyk	Jacobus Willem Adriaan
Lichtenburg	Oudl.	Coetzee	Johannes Cornelius
Lichtenburg	Oudl.	Hugo	Wouter Peter
Lichtenburg	Ds.	Trollip	Johann Brinsley
Louis Trichardt	Ds.	Kruger	Gert Johannes
Louis Trichardt	Oudl.	Lordan	Theodorus Louis
Louis Trichardt	Oudl.	Theron	Orion
Lydenburg	Oudl.	Mouton	Jacobus Christian
Lydenburg	Ds.	Vermaak	Carl Rudolph
Magaliesburg	Oudl.	De la Rey	Jacobus Hercules
Magaliesburg	Oudl.	Vermaak	Jan Hendrik
Marble Hall	Oudl.	Fouché	Jan Hermanus
Marble Hall	Oudl.	Lambooy	Henri Guillaume
Marble Hall	Ds.	Müller	Matthys Gerhardus
Meyerton	Prof. Dr.	Bosman	Johan
Middelburg	Oudl.	Fourie	Joseph Johannes
Middelburg	Oudl.	Labuschagne	Herman Andries
Middelburg	Ds.	Swart	Nico Johan
Middelburg	Ds.	Van Zyl	Armand
Mooiwooi	Oudl.	Barnard	Adam
Moot-Sentraal	Oudl.	Du Toit	Michael Albertus
Moot-Sentraal	Ds.	Van den Berg sr.	André Etienne
Moot-Sentraal	Oudl.	Whelan	Patric Edward
Mosselbaai	Oudl.	Du Toit	Jacobus Petrus
Mosselbaai	Ds.	Pretorius	Dawid Engelbert
Mosselbaai	Oudl.	Scholtz	Willem Charl Andries
Naboomspruit	Ds.	Bredenhann	Philippus Albertus

Gemeente	Titel	Van	Naam
Naboomspruit	Oudl.	Steenkamp	Jan Harm
Naboomspruit	Oudl.	Van der Westhuizen	Willem Hendrik
Namakwaland	Ds.	Campbell	Allan Quentin
Nelspruit	Oudl.	Taute	Johan Mauritz
Nelspruit	Ds.	Van Heerden	Adriaan Louis
Newcastle	Ds.	Janse van Rensburg	Coenraad Jacobus
Olifantshoek	Oudl.	Pretorius	Johannes Carel
Olifantshoek	Oudl.	Spengler	Theodor
Orania	Oudl.	De Kock	Gideon Petrus
Orania	Ds.	Hoffman	Stephanus
Orania	Oudl.	Jacobs	Christian
Orkney	Oudl.	Gresse	Lodewyk Christoffel Johannes
Ottosdal	Oudl.	Bester	Jan Erasmus
Ottosdal	Oudl.	De Bruyn	Nico Johan
Oudtshoorn	Ds.	Hartzenberg	Marius Johannes
Parys	Oudl.	De Wet	Johannes Marthinus
Parys	Oudl.	Schlebusch	David Christian
Paul Roux	Oudl.	De Klerk	Jess
Paul Roux	Oudl.	Olivier	Hendrik Erasmus
Petrusburg	Oudl.	Reinecke	Abraham Francois
Phalaborwa	Oudl.	Engelbrecht	Jacobus Johannes Hendrik
Phalaborwa	Oudl.	Müller	Malan
Philippolis	Oudl.	Cilliers	Jan Abraham
Pietersburg	Oudl.	De Lange	Albertus Johannes
Pietersburg	Oudl.	Horn	Gordon
Pietersburg	Ds.	Malan	Wickus Jordaan
Piketberg	Oudl.	Van der Westhuizen	Pierre
Port Elizabeth	Ds.	Greyling	Louis Daniël
Potchefstroom	Ds.	Gericke	Johan Christiaan
Potchefstroom	Oudl.	Van Aarde	Michiel Nicolaas
Potchefstroom	Oudl.	Vermeulen	Marius
Potgietersrus	Ds.	Buitendag	Philippus Rudolph
Potgietersrus	Oudl.	Coetzee	Louis Jeremia Cornelius
Potgietersrus	Oudl.	Pretorius	Jacobus Lodevikus
Pretoria Suiderlig	Oudl.	Gibbs	Clive Lawley
Pretoria Suiderlig	Ds.	Rautenbach	Nicolaas Jacobus
Pretoria-Oos	Prof. Dr.	Adendorff	Jacobus Augustus Erdzard
Pretoria-Oos	Ds.	Du Plessis jr.	Johannes Hendrikus Ernst
Pretoria-Oos	Oudl.	Du Plessis sr.	Johannes Hendrikus Ernst
Pretoria-Oos	Oudl.	Du Toit	Albert Güldenpfennig
Randfontein	Oudl.	Parau	Vincent Sardiniha
Roedtan	Oudl.	De Beer	Philippus Jacobus
Roodepoort	Ds.	Janse van Vuuren	Johannes Cornelius Godfried
Roodepoort	Dr.	Neveling	Frederik Jacobus Johannes
Roodepoort	Oudl.	Stander	Hendrik Gerhardus
Rustenburg	Oudl.	Coetzee	Daniël Joachim
Rustenburg	Ds.	Grobler	Nicolaas Johannes
Rustenburg	Oudl.	Stoltz	Gabriël Coenraad Daniël
Sanddrift	Ds.	Swart	Adriaan
Sanddrift	Oudl.	Van der Walt	Nicolaas Hermanus
Sannieshof	Oudl.	Bouwer	Daniël Jacobus
Sannieshof	Oudl.	Visser	Stephanus Jacobus
Senekal	Oudl.	Bester	Constant
Senekal	Ds.	Botes	Richard Henry

Gemeente	Titel	Van	Naam
Senekal	Oudl.	Honiball	Johannes George
Standerton	Oudl.	Geyser	Johan George
Standerton	Ds.	Möller	Paul Jacobus
Standerton	Oudl.	Schoonraad	Theunis Rudolf
Stellenbosch/ Somerset/Strand	Ds.	Botes	Stephanus
Suidkus	Oudl.	Stadler	Carel Pieter Cronjé
Thabazimbi	Ds.	Appelgryn	Adriaan Marthinus
Thabazimbi	Oudl.	Du Toit	Dirk Johannes
Thabazimbi	Oudl.	Grimes	William Spencer
Trans-Magabies	Oudl.	Botha	Christoffel Theunis
Trans-Magabies	Ds.	Buys	Magiel Andries
Trans-Magabies	Oudl.	Lambrechts	Phillipus Abraham
Tuinplaas	Ds.	Van Schalkwyk	Michael Johannes
Tygerberg	Oudl.	Botha	Pieter Barend
Tygerberg	Dr.	Ellis	Johannes Hendrik
Tygerberg	Oudl.	Lategan	Hendrik De Wet
Tzaneen	Oudl.	De Villiers	Helgard Petrus
Tzaneen	Ds.	Hough	Aubrey
Tzaneen	Oudl.	Pienaar	Joachim Marthinus
Vaalharts	Oudl.	Jacobs	Marthinus Nicolaas
Vaalharts	Ds.	Olivier sr.	Philippus Johannes Lodewyk
Vaalwater	Oudl.	Weilbach	Johan Coenraad
Vanderbijlpark	Ds.	Van der Merwe	Johannes Dewald
Ventersdorp	Ds.	De Bruin	Francois
Ventersdorp	Oudl.	Labuschagne	Jan Hendrik
Vereeniging	Ds.	Rheeder	Johannes Meyer
Verwoerdburg	Oudl.	Bakkes	John Henry
Verwoerdburg	Oudl.	Beyers	Lukas Cornelis Rudolf
Viljoenskroon	Ds.	Boshoff	Adam
Viljoenskroon	Oudl.	Brink	Matthys Johannes Du Toit
Villiers	Ds.	Joubert	Johannes Louw
Vrede	Ds.	Combrink	Ruan Krüger
Vrede	Oudl.	Neethling	Hendrik Johannes
Vrede	Oudl.	Strydom	Gert Marthinus
Vryburg	Oudl.	Breytenbach	Stephanus Jacobus
Vryburg	Oudl.	De Klerk	Barend Johannes
Vryburg	Ds.	Jordaan	Martin Johannes Lodewyk
Vryheid	Oudl.	Erasmus	Jacobus Lodewickus
Vryheid	Ds.	Ferreira	Andries Joubert
Vryheid	Oudl.	Venter	Pieter Jacobus
Warmbad	Oudl.	Engelbrecht	Jan George De Lange
Warmbad	Oudl.	Janse van Rensburg	Stephanus Hendrik
Warmbad	Ds.	Malan	Pieter Johannes
Waterberg	Oudl.	Grobbelaar	Hendrik Frederik Ferdinandus
Waterberg	Oudl.	Prinsloo	Pieter Willem
Wesmoot	Prof.	Brink	Izak Aldert
Wesmoot	Oudl.	Kotze	Hendrik Johannes
Wesmoot	Ds.	Pretorius	Riaan Johannes
Winburg	Ds.	Bester	Cornelius
Windhoek	Ds.	Theron	Willem Johannes
Witbank	Oudl.	Botha	Hendrik Josephus
Witbank	Dr.	Breytenbach	Johan Hendrik
Witbank	Oudl.	Davel	Hendrik Willem

Gemeente	Titel	Van	Naam
Wonderboom	Oudl.	Lemmer	Hermanus Richard
Wonderboom	Oudl.	Louw	Marius Johannes
Wonderboom	Prof. Dr.	Smit	Gerrit Daniël Stephanus
Zeerust	Ds.	Boshoff	Albertus Petrus
Zeerust	Oudl.	Rabe	Theo Ernst
Zeerust	Oudl.	Snyman	Mathys Johannes
Zoar	Oudl.	Van Niekerk	Michiel Guillaume

BYLAE 2: AFGEVAARDIGDES WAT NA 09:00 GEREISTREER HET

Frankfort	Oudl.	Gouws	Hendrik Christiaan Johannes
Frankfort	Ds.	Janse van Rensburg	Zacharias
Hennenman	Ds.	Myburgh	Kenneth
Outjo	Dr.	Viljoen	Ernst Moller
Piet Retief	Ds.	Aucamp	Petrus
Schweizer-Reneke	Oudl.	De Villiers	John Stephen Phillip
Schweizer-Reneke	Oudl.	Hattingh	Johannes Barend
Tuinplaas	Oudl.	Maritz	Johannes Jacobus
Ventersdorp	Oudl.	De Kock	Frederick Jacobus Johannes
Verwoerdburg	Ds.	Van Zyl	Wynand
Waterberg	Ds.	Burger	Matthys Rinus

Prof. FAH van Staden:
Die ontstaan van die Heidelbergse Kategismus

Die Gereformeerde kerke herdenk vanjaar die vierhonderd en vyftigste bestaansjaar van die Heidelbergse Kategismus. Die Heidelbergse Kategismus is saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Vyf Dordtse Leerreëls bekend as die drie groot belydenisskrifte van die Gereformeerdes en staan algemeen bekend as die drie Formuliere van Eenheid. Die Afrikaanse Protestantse kerke het in Art. 1.2.1 van hul Kerkorde die volgende vasgestel: “Die Afrikaanse Protestantse Kerk is gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die kerk bely as betroubare samevatting van die waarhede van die Bybel, is vervat in die drie Formuliere van Eenheid soos vasgestel deur die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Vyf Dordtse Leerreëls.”

Die Bron vir die Heidelbergse Kategismus is derhalwe die Woord van God en een van die Afrikaanse Protestantse kerkverband en van elke belydende lidmaat se belydenisskrifte. Kragtens ons geloofsbelydenis en vasgestel in Arts. 3.2 en 66 van die Kerkorde is dit bindend op elke belydende lidmaat. Dit is sô belangrik dat die Kerkorde in Art. 42.5 vasstel dat daar sover moontlik minstens 18 keer per jaar aan die hand van die Heidelbergse Kategismus gepreek moet word.

Ontstaan

Gedurende die groot Kerkreformasie van die sestiende- en sewentiende eeue het die Christelike kerk in twee hoofgroepe verdeel te wete die Roomse Katolieke Kerk en die Protestante. Die laasgenoemdes was egter verdeel in verskillende groepe soos die Lutherane, Calviniste en ander volgens state, volke en leiers. Teenoor Roomse geskrifte het leiers van die Kerkreformasie die behoefte gevoel aan Protestantse geskrifte wat die Protestantse leer verkondig. Sodoende het 'n hele aantal publikasies die lig gesien waarna verwys is as “kategismus(se)”. Die benaming het gebruik geword vir publikasies wat geskryf was volgens die metode van vraag en antwoord. Die kategismusse het derhalwe gegaan oor die vraag oor 'n Bybelse leerstuk en dan die Bybelse antwoord daarop. So kan verwys word na die leerboek van Luther, die Gereformeerde Kategismus (1545) van Calvyn in Latyn, die Zurichse Kategismus van Bullinger, Johannes a'Lasco se Emdense Kategismus, die Kategismus van Leo Juda en ander. Nadat keurvors Frederick III van die Palts sy vader Frederick II opgevolg het, het hierdie vrome keurvors geoordeel dat daar 'n behoefte bestaan aan 'n “Kategismus”, wat meer samevattend is wat in sy ryk gebruik kan word. Intussen het 'n universiteit in Heidelberg ontstaan waar die keurvors gewoon het met 'n teologiese skool wat studente uit alle oorde gelok het. Dit

was egter ekumenies van aard en het volgelingen van Luther, Calvyn, Melanchthon en ander ingesluit. In 1560 het daar egter 'n ernstige botsing ontstaan tussen Hesshuss, 'n Lutheraan, wat as dosent sake wou oorneem en reël en het onder andere gelas dat die Lutherse Kategismus gebruik moes word. Hy het in 'n onverkwiklike verskil oor die nagmaal met ander dosente beland, omdat hy 'n voorstander was van Luther se standpunt oor die sakramente. Hesshuss het veral gebots met Wilhelm Klebitz, 'n groot Calvinis as student. Keurvors Frederick III was op daardie stadium uitstедig. By sy terugkoms het hy kennis geneem van die stryd, die twee persone voor hom gedaag, maar sonder goeie gevolg. Hesshuss het toe uitgewyk na Bremen. Toe Thomas Erastus, skepper van die Erastiaanse kerkregeringstelsel begin inmeng het, het die vrome Frederick III genoeg gehad van die onverkwiklikheid. In twee vakatures is twee jong teoloë Zacharias Ursinus (28 jaar) en Casper Olevianus (26 jaar) as dosente benoem. Albei was sterk Calviniste.

Olevianus het grootliks deur sy vriendskap met 'n seun van die keurvors as Protestant en wel as Calvinis vaste geloofsgrond gevind. Na sy opleiding as predikant te Heidelberg het hy op aandrang van Willem Farrell na sy geboortedorp Treves gegaan om die evangelie aldaar te verkondig, dog veral die kinders te onderrig. Na botsings met Roomse teoloë het hy teruggekeer na Heidelberg nadat die raad van die stad sekere verbodinge hom opgelê het, waarna hy vanaf 22-12-1560 as predikant van St. Pieter se gemeente opgetree het.

Zacharias Ursinus het in 1562 eers predikant geword van die St. Pieters gemeente, ook bekend as die Kerk van die Heilige Gees en toe dosent. Hy was gebore in Breslou in wat vandag bekend is as Pole. Hy het student geword te Wittenberg en 'n vriendskap opgebou met Melanchthon. Daarna het hy 'n paar stede besoek en as gevolg van sy opinie oor Calvyn se leer vir 'n tydperk aldaar vertoef. Calvyn was weer sô beïndruk met die jong man dat hy 'n stel van sy boeke aan hom geskenk het. In sy geboortedorp Treves het hy ook oor die sakramente met Hessnuss gebots en 'n boek gepubliseer: “Tesis op die sakramente”. Ná Melanchthon se dood het hy egter sô met Hessnuss wat dosent in Heidelberg geword het gebots dat hy weer na Heidelberg verhuis het. Toe Hessnuss verplig was om as dosent te bedank, is Ursinus in sy plek benoem.

Dit is die beknopte geskiedenis van die twee persone deur die vrome keurvors Frederick III benoem om 'n omvattende kategismus op te stel wat die Bybelse leer suiwer geleer het. Sô het die Heidelberse Kategismus ontstaan.

'n Sinode is te Heidelberg belê waar die Kategismus goedgekeur is deur al die aanwesiges. Op 17 Januarie 1563 is deur die afgevaardigdes nagmaal gevier. Keurvors Frederick III het nog 'n nege bladsye voorwoord geskryf. Op Maandag 18 Januarie 1563 is die Kategismus gepubliseer met die woorde: “ Heidelberg, Donderdag 19 Januarie, in die

jaar na die geboorte van ons geliefde Heer en Verlosser, 1563". Dit is algemeen deur Gereformeerdes aanvaar as belydenisskrif.

Binne 25 jaar is die Duitse geskrif in elf tale vertaal, waaronder Nederlands. Die Sinode van Dordrecht 1618-1619 het dit gehersien en goedgekeur as onderwysing in die Christelike leer, saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Vyf Dordtse Leerreëls. Dit is kortliks die geskiedenis van die ontstaan van die belangrike belydenisskrif bekend as die Heidelbergse Kategismus.

**Prof. R Maré: Oor die Ellende van die Mens:
(Heidelbergse Kategismus: Sondag 2 tot 4)**

Wie en hoe is ek?

- Dit gaan in ons dosente se kort voordragte oor: Die Gereformeerde karakter van die AP Kerkverband en van die Akademie.
- Net eers: Wat beteken "Gereformeerde"? Dit is om konsekwent Bybels te wees in wat jy glo en in wat jy doen. Ons formuleer dit so: Ek moet Bybelgetrou wees in my leer en lewe.
- Nou moet ek onder hierdie tema oor die mens se ellende praat. Wat sê die Here in die Bybel oor wie en hoe ek is?
- Die mens dink graag so oor homself:
 - my intellek is my maatstaf. Ék besluit wat ek wil glo en hoe ek moet lewe. Moenie vir my iets vertel wat met my verstand bots nie. Die wonders waarvan in die Bybel vertel word, is nie waar nie. As iets vandag nie gebeur nie, het dit destyds ook nie gebeur nie.
 - tweedens: my gevoelens is my maatstaf. Ek doen wat ek voel en niemand gesê my nie. As ek Sondag nie lus voel om kerk toe te gaan nie, gaan ek nie. Die kerk is daar vir my om te gebruik as dit my behaag. Die Here kan maar sê ek moet Sondae kerk toe gaan (Heb. 10:25-27), maar ek steur my nie daaraan nie. Die Here kan my maar verbied om te skei, maar as ek 'n ander vrou lief kry, los ek myne. Ons is *gevoel*-gedrewe – in plaas van *Skrif*-gedrewe, *Gees*-gedrewe. As ek iets wil doen wat die Skrif verbied, bedroef ek eenvoudig die Heilige Gees.
 - Maar ware Gereformeerdes vra: Wat openbaar die Here in die Bybel oor Wie Hy is, wat Hy wil en wat ek moet glo en doen?
- Dis presies waarvoor ons as Akademie staan
 - Wat ons *al* ons studente leer
 - Dis wat ons manne leer wat predikante wil word
 - Dis wat ons in elke gemeente en kerklike vergadering moet handhaaf – ook op hierdie Sinode.
- As ons daarom oor die ellende van die mens praat, dan gaan ons na die Skrif. Dis presies wat die Kategismus in Son. 2 tot 4 doen. Hoe weet ek wat ellende is? - Uit die "wet van God" – dit wil sê uit die Bybel, waarin die Here openbaringe oor Homself, sy wil en wat ons in die godsdiens moet weet, gee. Wat ons moet glo en hoe ons moet lewe.
- Die wet eis: Liefde tot God en liefde tot ons naaste.

- Was dit nie wonderlik in die paradys nie?:
 - Adam kon volmaak liefhê – God het hom gemaak na sy beeld: Daarom geld van Adam:
 - hy het God reg geken: presies geweet wat die Here van hom verwag;
 - hy was regverdig: Adam se verhouding met God was reg; Adam kon sondeloos dink, praat en doen;
 - hy was heilig: Hy kon volkome aan God toegewy lewe.
 - Daarom kon hy God reg ken, liefhê, ewig lewe. Adam se hele nageslag sou God loof en prys. Ons lewens sou vandag heerlik wees: Geen sonde, geen naywer, geen geskinder, geen verdraaiing van ander se woorde nie, geen twistes. Een stuk hemel op aarde.
- Maar nou, aaklig, dit is nie meer so nie. Sedert die sondeval het alles verander. My groot ellende is: Ek *moet* liefhê, maar ek kan nie – ek is geneig om te haat. Die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. Maar toe Adam van die verbode boom eet, het hy nie dood neergeslaan nie. Wat het God dan bedoel?
- Adam het daardie oomblik gesterf – geestelik gesterf en 'n sterfling geword. Sy hart het vir God gaan staan. Nou was Adam nie meer in staat om volmaak vir God te lewe nie. Adam luister na die ingewing van die duivel – maar toe word hy nie soos God nie (al het die satan dit aan Adam belowe. Wie kan in elk geval ooit op die duivel peil trek?) Dis waarom daar vandag 'n "Nuwe deformasie" is. Hulle beur van God weg. Hulle kom met duiwelse influisteringe: Die Here Jesus was nie die ewige Seun van God nie, Hy is nie uit 'n maagd gebore nie, Hy het nie die wondertekens gedoen nie – dis maar wat die gemeente vertel het om mense te lok. Die Here Jesus het nie uit die dood opgestaan nie – dis 'n mite. Daar is nie 'n wederkoms nie; ook nie 'n ewige lewe nie.
- Ons is net soos Adam ná die sondeval. Ons is uit sy nageslag en kinders is soos hulle ouers ook sondare. My sonde is so groot – dit groei net soos 'n wilde loot, wat uit my hart gespruit het (Ges. 64:1).
- Ons staan onder die oordeel van God:
 - Eerstens oor ons aangebore sondes; ons word nie gebore as engeltjies nie; mammas koer verniet goed bedoelend rondom die wiegie: "As die ou dingetjie nou moet doodgaan, is hy direk 'n engeltjie in die hemel". Nee, die "engeltjie" is 'n klein sondaartjie – net soos sy pa en ma. Daar kan nie 'n reine uit 'n onreine voortkom nie (vergelyk Job 14:6). Rom. 5 (:12) sê ons het almal saam met Adam gesondig, want sien, ons was in sy lendene inbegrepe.
 - Tweedens is ons onder die oordeel van God oor ons werklike sondes – die sondes wat ons werk, bewerkstellig, doen.
 - Ons verdien tydelike en ewige straf.
- En die werklikheid is dat die Here nie onregverdig is as Hy eis wat ek nie kan gee nie. Hy het Adam dan gemaak dat hy kon.
- Is daar dan geen uitweg nie?
 - God is ook barmhartig.

Geen vader wat, deur smartgevoel bewoë,
sy kind aanskou met teerder mededoë
as Isr'els Heer dié wat Hom eer en vrees.
Hy weet wat van sy maaksel is te wagte,
hoe swak van moed, hoe klein ons is van kragte,
en dat ons stof van jongs af is gewees.
(Ps. 103:7)

o Maar God is ook regverdig. Reg moet geskied. As God gewaarsku het dat Hy gaan straf, doen Hy dit. Sonde *moet* gestraf word. Die sonde was die ergste denkbare: 'n Mens verhef hom teen die hoë God. Daarom moet ook die hoogste straf opgelê word: die liggaam moet boet, die siel moet gestraf word – en dit vir ewig.

- **Saamgevat: My ellende is dit: Ek moet volmaak liefhê** – Dis God se regverdige eis, want Hy het Adam so gemaak dat hy kon. **Maar: Ek kan nie** – Here, u eis is te groot vir my! ek is bedorwe, geneig tot die kwaad. **En Tog:** Daar is 'n hemelse “tensy” – daarby staan die volgende dosent stil.

Prof. JAE Adendorff:
Om elke dag waarlik getroos te leef

Dit was 'n veelbewoë tyd vir die protestante van Europa, 'n tyd van spanning en benoudheid, van vervolging en dood, van hartseer en tranes. Hulle het, soos Paulus, die doding van die Here Jesus aan eie liggaam gedra (vgl 2 Kor. 4:10). Midde in hierdie onstuimige tyd het die opstellers van die Heidelbergse Kategismus 'n woord met groot plofkrag onherroeplik deel van die gereformeerde protestante se woordeskat kom maak, nl. die woord “troos”: *Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?*

Vraag 1 van die Heidelbergse Kategismus is in vele opsigte van groot belang. Dit was 'n unieke wegspringpunt wat van ander kategismusse van dié tyd verskil het. Die Westminster Catechism begin bv. met die vraag: *What is the chief and highest end of man?* Dié vraag stel die objektiewe doel en roeping van die mens dadelik aan die orde. Die opstellers van die Heidelbergse Kategismus het daarteenoor die subjektiewe ervaring van die mens in 'n gevalle wêreld as invalshoek geneem. Waar die Westminster se gesigspunt leerstellig objektief is, is die Heidelberger se invalshoek die subjektiewe ervaring van die mens in 'n gevalle wêreld (vgl. Hoeksema 1970:20). Daardeur het hulle op meesterlike wyse daarin geslaag om die aandag dadelik op die lewensbeskouing van die gevraagde te fokus: Wat is die lewe van jou lewe en die dood van jou dood? (Hartvelt et al 1966:36).

In die formulering van die vraag het die opstellers sekerlik ander woorde tot hulle beskikking gehad: saligheid, vrede, vreugde, rus, ens. Tog het hulle vir die woord “troos” gekies. Watter sinvolle keuse was dit nie! Dit is 'n woord wat dikwels in die Bybel gebruik word. Ons hoor dit die eerste keer in Gén 5:29 waar Lameg aangaande sy seun Noag sê: *Dit is hy wat ons sal troos oor ons werk en oor die moeitevolle arbeid*

van ons hande wat voortkom uit die aarde wat die HERE vervloek het. Israel se digters het dit ook gebruik: *Gedenk die woord aan u kneg, omdat U my laat hoop het. Dit is my troos in my ellende, dat u belofte my lewend maak* (Ps. 199:49, 50) en: *Laat tog u goedertierenheid wees om my te troos volgens u belofte aan u kneg* (Ps. 119:76). Met hierdie kragtige woord het die profeet Jesaja 'n verslae volk in ballingskap vergesigte van herstel gegee: *Troos, troos my volk, sê julle God. Spreek na die hart van Jerusalem, en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die HERE dubbel ontvang het vir al haar sondes* (Jes. 40:1-2). Dit is opvallend dat die woord in die Bybel telkens voorkom in 'n toestand van benoudheid en swaarkry: Troos op 'n vervloekte aarde (Lameg), troos in 'n toestand van ellende (Psalms), troos te midde van die bitter van die ballingskap (Jesaja).

Vraag en antwoord 1 en 2 is nie die enigste plek waar die Heidelbergse Kategismus die woord “troos” gebruik nie. In vraag 52 word gevra: *Hoe word jy getroos deur die wederkoms van Christus om te oordeel die lewende en die dode?* In vraag 53 word aangaande die Heilige Gees bely dat Hy *aan my gegee is om my deur 'n ware geloof Christus en al sy weldade deelagtig te maak, my te troos en ewig by my te bly*. Vraag 57 vra: *Watter troos gee die opstanding van die vlees aan jou?* Laastens word in vraag 58 gevra: *Watter troos skep jy uit die artikel van die ewige lewe?*

Die ander belydenisgeskrifte gebruik ook die woord. Die Nederlandse Geloofsbelijdenis stel dit in artikel 13 dat die leer aangaande die voorsienigheid van God ons 'n *onuitspreeklike troos* bied as ons *daardeur onderrig word dat niks by toeval oor ons kan kom nie, maar deur die beskikking van ons goeie hemelse Vader, wat oor ons waak met 'n vaderlike sorg en alle skepsele só onder sy heerskappy hou dat nie een haar van ons hoof – want hulle is almal getel – ook nie een mossie op die aarde kan val nie sonder die wil van onse Vader* (Mt. 10:29,30). Artikel 17 bely dat ons goeie God, nadat Hy gesien het dat die mens homself in die liggaamlike en geestelike dood gewerp en geheel en al ellendig gemaak het, deur sy wonderlike wysheid en goedheid die mens, toe hy al bewende van Hom weggevlug het, opgesoek en *getroos* het met die belofte om hom sy Seun te gee wat uit 'n vrou gebore sou word om die kop van die slang te vermorsel (Gén. 3:15) en hom geluksalig te maak. Artikel 21 bely dat Christus se offer genoegsaam is as 'n offer vir ons sonde: *ons vind alle vertroosting in sy wonde en het nie nodig om enige ander middel te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as net hierdie enigste offerande wat net een maal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word* (Hebr. 10:14). In artikel 34 word bely dat die Here ons in die sakrament van die doop dit gee wat deur die doop aangedui word, *naamlik die gawes en onsigbare genade, deurdat Hy ons siele was, suiwer en reinig van alle vuiligheid en ongeregtighede, ons harte vernuwe en vervul met alle vertroosting en ons 'n ware versekerdheid van sy vaderlike goedheid gee, ons met die nuwe mens bekleed en die oue uittrek met al sy werke*. In die

nagmaal voed, versterk en vertroos (Hy) ons arme troostelose siel deur die eet van sy vlees en Hy verkwik en herstel dit deur die drink van sy bloed (art 35). Artikel 37 bely dat die gedagte aangaande die laaste oordeel wel vir die oortreders en goddeloses met reg verskriklik en ontsettend is, maar vir die vromes en uitverkorenes baie begeerlik en besonder troosvol ... aangesien hul volle verlossing dan voltooi sal word en hulle daar sal ontvang die vrug van al hul arbeid en moeite wat hulle verduur het.

Die Dordtse Leerreëls gaan ook mildelik met die woord “troos” om. In hoofstuk 1 word bely dat die leer van die Goddelike uitverkiesing aan die heilige en Godvresende siele 'n onuitspreeklike troos verskaf (DL I 1.1.6). Hierdie uitverkiesing wat deur die profete, Christus self en die apostels geleer is, moet ook op die regte tyd en plek in die kerk verkondig word tot 'n lewende troos vir sy volk (DL I 1.1.14). Wanneer geleer word dat die uitverkiesing nie onveranderlik is nie, word God veranderlik gemaak en die troos van die godsaliges, wat hulle skep uit die vastigheid van hul uitverkiesing, omvergewerp (DL I 1.2.6). In hoofstuk 5 word aangaande die volharding van die heiliges bely: *En as die uitverkorenes van God in hierdie wêreld hierdie vaste troos dat hulle die oorwinning sal behou en hierdie onfeilbare pand van die ewige heerlikheid nie sou besit nie, dan sou hulle van al die mense die ellendigste wees* (DL I 5.1.10). God het hierdie leer van die volharding van die ware gelowiges en heiliges tot eer van sy Naam en tot troos van godvrugtige siele oorvloedig in sy Woord geopenbaar (DL I 5.1.15). Wie leer dat 'n mens geen sekerheid van die toekomstige volharding in hierdie lewe kan hê sonder 'n besondere openbaring nie neem daardeur die vaste troos van die ware gelowiges in hierdie lewe weg (DL I 5.2.5). In die besluit van die Sinode van Dordrecht is 'n oproep op dienaars van die evangelie gedoen om die regsinnige leer, soos in die Leerreëls uiteengesit, sowel mondeling as skriftelik tot eer van die Naam van God, tot heiligmaking van die lewe en tot troos van die verslae harte uit te lê.

Die klassieke doop- en nagmaalformuliere wat in dieselfde tyd as die belydenisgeskrifte hulle beslag gekry het, kan as die preke en gebede van die kerk beskou word. Daarin tref ons ook die woord “troos” aan. Die doopformulier beklemtoon dat dié sakrament van God tot sy eer, tot ons troos en tot opbouing van die gemeente gebruik moet word. Die nagmaalformulier vereis 'n ware selfondersoek ten einde tot ons troos die Nagmaal van die Here te kan hou. In die gebed vóór die bediening van die nagmaal word gebid: *Verleen ons ook u genade, dat ons getroos ons kruis opneem, onself verloën, ons Heiland bely en in alle droefheid met 'n opgehefde hoof onse Here Jesus Christus uit die hemel verwag, waar Hy ons sterflike liggame aan sy verheerlikte liggaam gelyk sal maak en ons by Hom sal neem in ewigheid.*

Uit bogenoemde aanhalings is dit duidelik dat om getroos te lewe as dié kenmerk van die Christen aangetoon kan word. Vraag 1 en 2 van die Heidelbergse Kategismus benadruk dit skerp. Vraag 1 dui dit as 'n omvattende troos aan – dit geld vir lewe én dood. Vraag 2 wys daarop dat dit nie net 'n saak van gevoel is nie, maar dat dit as basis dien van die feit dat ek salig kan lewe en sterwe. Ek geniet nie bloot die troos nie; ek lééf daarin. My hele lewe – denke, wil en gevoel, my woorde en my daade – word deur hierdie troos beheers en gekenmerk. Dit is inderdaad die lewe van my lewe en die dood van my dood. Dit is 'n lewenskwaliteit én 'n lewenshouding, 'n gawe én 'n opdrag.

Die inhoud van die troos word deur die res van die Heidelbergse Kategismus uitgespel. Die samevatting vind ons in die antwoord op vraag 1. Miskien sou ons die antwoord en dus die kerninhoud van ons troos só kon saamvat: Ek behoort aan die Drie-enige God: verlos deur die Seun, versorg deur die Vader, verseël deur die Gees.

In die jaar 2013, voortstruikelende in die nuwe Suid-Afrika, oordonder deur slegte nuus van alle kante, moet ons onself die vraag afvra: Leef ons nog as getroostes? Miskien moet ons maar bely dat ons die beheer oor ons emosies aan ons omstandighede gegee het. Dit maak dat ons reaktief leef: Ek reageer emosioneel op dit wat ander (veral die politici in ons land) sê en doen. Ek word kwaad, of moedeloos, of hopeloos. Te veel van ons leef met 'n onderliggende agressie in ons. Dit veroorsaak dat ons dikwels op 'n oënskynlik nietige gebeurtenis met verstommende woede reageer. Ander van ons leef met 'n verwagting van een of ander lewensontwrigtende of selfs lewensvernietigende katastrofe. Ons verwag die einde van ons bestaan in Suid-Afrika. Daarom teer ons op samesweringsteorieë en fluisterings van aankomende onheil. Die totaaleffek is dat ons met 'n angsvalligheid leef wat ons van ons lewensvreugde beroof.

In hierdie tyd, dan, kom die 450 jaar oue Heidelbergse Kategismus na ons met 'n lewensveranderende boodskap: Stof weer daardie magtige woord uit die sestiende eeu af. Luister na Woord en belydenis ... en leef getroos!

Bronnelys

Hartvelt, GP et al 1966. **Alles in Hem**. Nieuwe Commentaar Heidelbergse Catechismus, deel 1. Aalten: NV De Graafschap.

Hoeksema, H 1970. **The triple knowledge. An exposition of the Heidelberg Catechism**. Volume One. Grand Rapids: Reformed Free Publishing Association.